

**Grootouerrol-invloede op die akademiese funksionering en gedrag
van hul grootmaakkleinkinders.**

Deur

HENRY REGINALD RUBEN BOOYS

Hierdie tesis word aangebied vir 'n

Meestersgraad in Opvoedkunde

aan die Fakulteit Opvoedkunde

by die Cape Peninsula University of Technology

Studieleiers: Drr S. Adendorff en T. Moodley

Mowbray

Desember: 2014

VERKLARING

Ek, Henry Reginald Ruben Booy, verklaar hiermee dat die inhoud van hierdie tesis my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het. Verder verklaar ek ook dat hierdie tesis nie voorheen voorgelê is as akademiese eksamen vir enige kwalifikasies nie. Die studie verteenwoordig my eie siening en nie noodwendig die van die Cape Peninsula University of Technology nie.

Handtekening

Datum

ERKENNING

- Dit verskaf my oneindige plesier om die onderstaande persone en instansies te bedank. Die studie sou inderdaad nooit voltooi kon word sonder hul hulp, volgehoue ondersteuning en bemoediging nie.
- Dr S. Adendorff, my studieleier, vir sy ondersteuning en uitstekende leiding.
- Dr. T. Moodley, mede-studieleier, wie se studieveld kinderontwikkeling is, vir die opbouende insette wat hy gebied het.
- My mede-studente, Steward en Kevin vir die volgehoue ondersteuning en aanmoediging.
- Maritsa, Shawne, Sue-Né en Carmen vir die professionele wyse waarop hul die tikwerk hanteer het.
- Byrel, vir die taalversorging van die werkstuk.
- My gesin, Joceline, Monique en Janay vir die deurlopende woorde van aanmoediging.
- Die grootouers van die steekproef wat sonder enige teëstribbeling tydens die onderhoudvoering en vraelysvoltooiing samewerking getoon het.
- My vier kollegas wat in 2012 deel was van die steekproefleeders se onderrigspan.
- CPUT vir die geleentheid en ondersteuning om hierdie tesis te kon doen.
- Die Almagtige, Heilige Drie-eenheid vir Sy deurlopende nabyheid tydens persoonlike terugslae gedurende die voltooiing van die studie.

Acknowledgements

- I would like to thank the following people for their role in making this study possible:
- Doctor Stanley Adendorff, my first supervisor, for being there from start to finish, providing me with valuable guidance and advice.
- Dr Trevor Moodley, my second supervisor, for his valuable comments and suggestions, especially on the methodology and results of the study.
- The grandparents for their time to provide me with valuable data about the home- and school-environment of their grandchildren I've needed for this study. I am extremely grateful for their participation.
- My four grade 7- colleagues for giving me the data I have needed about the grandchildren's school- environment.
- The nine learners for the data they provide by completing the questionnaires.
- Beryl, Sune, Shawne, Carmen and Maritsa for their patience and contribution during the study.
- My wife and two daughters for their support of my study. Without their stability and security provided by their love and encouragement this study would not be possible.
- Last but not least to God, the Almighty for His mercy to give me the time and restoring of my health to complete this study. To Him all the glory.

OPSOMMING

'n Verkennende studie met 'n beskrywende inslag is gebruik om meer kennis en begrip oor grootouerrolle se invloed op kleinkinders wat hul grootmaak se akademiese funksionering en gedrag, te verkry. Verskillende faktore in die hedendaagse samelewing dra daartoe by dat grootouers verplig voel om hul kleinkinders te versorg en groot te maak - hierdie grootouergeleide huishoudings het 'n impak op die akademiese werkverrigting en gedrag van hul kleinkinders wat hul grootmaak. Hierdie fenomeen is 'n wêreldwye tendens wat ook in Suid-Afrika voorkom en het saam met die tekort aan literatuur, as motivering vir hierdie studie gedien. Die impak van die grootouergeleide huishoudings op die akademiese funksionering en gedrag van kleinkinders is in 'n skoolgemeenskap in die Weskus onderwysdistrik, ondersoek. Die doel van die studie is om bruikbare informasie aan grootouers, opvoeders en skooladministrateurs te verskaf sodat meer effektiewe opvoeding en onderrig aan die kleinkinders verskaf kan word.

Die literatuurstudie het 'n oorsig oor bevindinge van vorige studies oor die onderwerp gegee. Hierdie studies verwys spesifiek na bevindinge uit die Verenigde State van Amerika, Nieu Seeland, Japan, Engeland en Suid-Afrika. Spesifieke aandag is gegee aan die rolle van die grootouers in die kleinkinders se lewe, hul huislike omstandighede en die manier waarop die kleinkinders grootgemaak word asook watter effek hierdie grootmaakproses, in wisselwerking met die skoolomgewing, op die kleinkinders se akademiese funksionering en gedrag het.

Die steekproef het uit 9 kleinkinders met Afrikaans as huistaal bestaan. In die ondersoek is die kwalitatiewe ontwerpmodel, dit wil sê, gekodeerde vraelyste en gestruktureerde onderhoude gebruik om informasie te bekom.

Die ondersoek het tot die samestelling van 'n profiel van die grootouer en die kleinkind se tuis - en skoolomgewing bygedra. Die resultate van die ondersoek het die oorheersende mening van die literatuurstudie bevestig: die grootouers het 'n impak op die akademiese funksionering en gedrag van hul kleinkinders wat deur hul grootgemaak word. Omstandighede tuis het 'n invloed, hetsy positief of negatief.

In die aanbevelings is gefokus op ondersteuning wat aan grootouers en opvoeders gegee kan word om die kleinkinders suksesvolle akademiese funksionering te bied. As aanbeveling vir verdere navorsing kan gefokus word op formele ondersteuningsprogramme vir die grootouers en die leerders.

INHOUDSOPGAWE

DEKLARASIE.....	ii
ERKENNING.....	iii
OPSOMMING.....	v
SLEUTELTERME.....	vi
VERKLARING VAN TERME.....	vivi

HOOFSTUK EEN: ORIENTERING

1.1 Inleiding.....	1
1.2 Voorlopige Literatuurstudie.....	2
1.3 Navorsingsvraag.....	6
1.4 Doelwitte	6
1.5 Stremminge.....	6
1.6 Die navorsingsveld.....	6
1.7 Metodologie.....	7
1.7.1 Navorsingsontwerp.....	7
1.7.2 Navorsingsmetodes.....	8
1.7.3 Deelnemers.....	8
1.7.4 Instrumente.....	9
1.7.5 Data-analise.....	9
1.8 Etiese oorwegings.....	10
1.9 Teorieë en definisies.....	11
1.10 Slotopmerkings	13
1.11 Verloop van studie	13

HOOFSTUK TWEE: 'n LITERÊRE OORSIG: GROOTOUERS EN KLEINKINDERS

2.1	Inleiding	14
2.2	Grootouers.....	15
2.2.1	Plasing by grootouers.....	16
2.2.2	Profiel van grootouers.....	20
2.2.3	Rolle van grootouers.....	22
2.2.4	Ondersteuning van grootouers.....	25
2.3	Kleinkinders.....	26
2.3.1	Invloed van plasing.....	26
2.3.1.1	Kognitief.....	27
2.3.1.2	Gedrag.....	29
2.3.2	Uitdagings	34
2.4	Teoretiese Grondslag.....	37
2.4.1	Die Hegtheidsteorie (“Attachment theory”).....	37
2.4.1.1.	Vertikale Gehegtheid.....	37
2.4.1.2.	Horisontale Gehegtheid.....	38
2.4.1.3.	Vertikale en Horisontale Gehegtheid.....	38
2.4.2	Die Rolteorie (“Role –theory”).....	40
2.4.3	Piaget se teorie.....	41
2.5	Opsomming.....	43

HOOFSTUK DRIE: METODOLOGIE

3.1	Inleiding.....	45
3.2	Navorsingsvrae.....	45
3.3	Navorsingsparadigma en navorsingsbenadering.....	45
3.4.	Navorsingsontwerp	48
3.4	Navorsingsmetodes.....	53
3.5.	Populasie en steekproef.....	50
3.5.1	Populasie en proefneming.....	50
3.5.1.1	Leerders.....	50
3.5.1.2	Grootouers.....	51
3.5.1.3	Opvoeders.....	51
3.6	Insameling van data.....	51
3.6.1	Data-insamelingproses.....	52
3.6.2	Bronne vir insameling.....	52
3.6.2.1	Onderhoude.....	52
3.6.2.1.1	Definisies en kernkonsepte.....	52
3.6.2.1.2	Grootouers	54
3.6.2.1.3	Opvoeders	55
3.6.2.2	Vraelyste.....	56
3.4.2.2.1	Leerders,grootouers en onderwysers.....	57
3.6.2.3.	Data sekondêre bronne.....	59
3.6.2.3.1.	Skoolbywoningsregister.....	59
3.6.2.3.2.	Deelnemer-observasie.....	59
3.6.2.3.3.	Geldigheid en betroubaarheid.....	60
3.7.	Data-analise: die teoretiese raamwerk.....	62
3.8.	Etiese oorweginge.....	63
3.9.	Opsomming.....	64

HOOFSTUK VIER: RESPONSE

4.1	Inleiding.....	65
4.2	Onderhoude: Biografiese Profiel: Grootouers.....	66
4.2.1	Ouderdom	66
4.2.2	Huwelikstatus.....	66
4.2.3	Opvoedkundige vlak.....	66
4.2.4	Werkstatus.....	67
4.2.5	Bron van inkomste.....	67
4.2.6	Behuising.....	68
4.2.7	Gesondheid.....	69
4.2.8	Godsdienstverband	69
4.2.9	Grootouersituasie.....	69
4.2.9.1	Tydperk as versorger.....	70
4.2.9.2	Grootoueropleiding.....	70
4.2.9.3	Sosiale Dienste-ondersteuning.....	70
4.2.9.4	Kleinkindkontak en ouers.....	71
4.2.9.5	Finansiële situasie.....	72
4.2.9.6	Legitieme status.....	73
4.2.9.7	Opsomming.....	73
4.3	Onderhoude Biografiese Profiel:Kleinkind.....	74
4.3.1	Aantal kleinkinders in grootouersorg.....	74
4.3.2	Biologiese kinders in grootouersorg.....	74
4.3.3	Ouderdomme.....	75
4.3.4	Geslag	75
4.3.5	Akademiese prestasie.....	75
4.3.6	Emosionele toestand.....	75
4.4	Onderhoude: Grootouerrol-ervaring.....	75
4.4.1	Redes vir grootouer rol.....	75

4.4.2 Die ouerrol- ervaring: 'n tweede keer.....	76
4.5 Onderhoude: Biografiese Profiel: Opvoeder.....	79
4.5.1 Ouderdom.....	79
4.5.2 Huwelikstatus	79
4.5.3 Aantal eie kinders.....	79
4.5.4 Aantal eie kleinkinders.....	79
4.5.5 Geslag	79
4.5.6 Kwalifikasies	80
4.5.7 Onderhoude-samevatting en sekondêre broninformsie.....	80
4.6 Vraelyste-respons.....	84
4.6.1 Gesondheid.....	84
4.6.2 Finansiële Status.....	86
4.6.3 Dissipline.....	87
4.6.4 Akademiese Ingesteldheid.....	88
4.6.5 Maatskaplike Dienste.....	90
4.7 Opvoederonderhoude.....	91
4.7.1 Sensoriese inset-voorkeure.....	91
4.7.2 Passende leerstyle.....	92
4.7.2.1 Visueel.....	92
4.7.2.2 Ouditief.....	93
4.7.2.3 Kineties.....	93
4.7.3 Portuurgroepverhouding.....	94
4.7.4 Opvoederverhoudings	94
4.7.5 Kognitiewe styl.....	95
4.7.6 Leerstoornisse.....	95
4.7.7 Gedragsprobleme.....	95
4.8 Opsomming.....	96

HOOFSTUK VYF: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 Inleiding.....	97
5.2 Grootouerrol-invloede.....	97
5.2.1 Gesondheidstatus.....	98
5.2.2 Finansiële status.....	99
5.2.3 Dissipline.....	100
5.2.4 Akademiese Funkisionering.....	101
5.2.5 Skoolmaatskaplike dienste.....	103
5.3 Skoolomgewing.....	106
5.3.1 Leerstyle.....	106
5.3.2 Horisontale Verhoudinge: portuurgroep.....	106
5.3.3 Vertikale Verhoudinge: opvoeders.....	106
5.4 Aanbevelings.....	104
5.5 Verdere Navorsing.....	107
5.6 Opsomming.....	108

BRONNELYS	109
ADENDA	113
Vraelys 1 Grootouers as Respondent(e).....	135
Tabel 1: Biografiese Besonderhede van die Huishouding-Samestelling:.....	137
Vraelys 2: Opvoeders as Respondente.....	138
Vraelys 3: Teikenleerders as Respondente: Skoolomgewing.....	140
OBSERVASIE – OPSOMMING: Skoolgedrag en Akademie.....	147
OPSOMMING: Tellings: Grootouers– Vraelys	
OPSOMMING: Tellings: Opvoeders– Vraely	
OPSOMMING: Tellings: Leerders– Vraelys	
Toestemmingsbrief	148
Vertroulikheidsverklaring	149

SLEUTELTERME

Grootouerrolle

Akademiese funksionering

Gedrag

Leeragterstande

Primêre versorgers

Skoolmaatskaplike dienste

Kinderontwikkeling

Hegheidsbandvorming

Vertikale gehegtheid

Horisontale gehegtheid

Fisiologiese aanpassings

Rolteorie

Lewensverlopperspektief

Roldubbelsinnigheid

Grootouer-versorgerrol

Proefnemingsgroep

Interseksionaliteitsnavorsing

Sosiaal-rekonstruktivistiese ideologie

Rekonstruktivisme

Doelbewuste proefneming

Skoolomgewing en tuisomgewing

Kontekstuele invloede

VERKLARING VAN TERME

Informele grootouersorg:

Dit is sorg wat deur 'n bloedverwante familielid of vriend van die familie voorsien word sonder die betrokkenheid van kinderwelsynorganisasies.

Grootmaak

Die term word operasioneel gedefinieer as daaglikse verantwoordelikhede teenoor minderjarige, afhanklike kinders.

Grootouerfamilie

Grootouerfamilie is 'n familie waarin die grootouer(s) pleks van die kind se biologiese ouers die rol van primêre versorger(s) vertolk.

Primêre versorger

Dit is 'n persoon wat verantwoordelik is om in 'n kind se basiese behoeftes te voorsien.

Akademiese funksionering

Die term is 'n verwysing na die werkverrigting van die kleinkinders in die skool. In hierdie studie verwys die term na die ingesteldheid van die leerders teenoor hulle skoolwerk by die huis, die skool en die resultate wat daaruit vloei ten opsigte van sulke leerders se toets-, assesserings - uitslae.

Gedrag

In die studie verwys hierdie term na die reaksie van die kleinkind in die skool op die huislike omstandighede in die grootouergeleide huishouding.

Grootouerrol – invloede

In hierdie studie verwys die term na die invloede wat die grootouer(s) se sosio – ekonomiese en geestelike omstandighede op die grootmaakkleinkind se akademiese funksionering en gedrag het.

HOOFSTUK EEN

ORIËNTERING

1.1 Inleiding

Die raamwerk vir hierdie navorsingsproses, (Mellish, Brink en Paton, 1998:326), bestaan uit drie interaktiewe fases – die konseptuele fase, die empiriese fase en die interpreterende fase. In die konseptuele fase word die grense van die probleem en die fokus aangedui.

Tydens die empiriese fase word die aktuele navorsing gedoen. Die informasie (data) word volgens die studie – ontwerp versamel.

Tydens die interpretatiewe fase word na die betekenis van die ander woorde die bevindinge word evalueer en afleidings word gemaak.

Volgens my ondervinding en anekdoties is daar in die skoolgemeenskap wat deur 'n spesifieke primêre skool bedien word, 'n kommerwekkende belangeloosheid van grootouers in hul grootmaakkleinkinders se akademiese vordering en gedrag. Die belangeloosheid en onbetrokkenheid van die grootouer(s) lei skynbaar daartoe dat die grootmaakkleinkinders nie akademies na wense presteer nie en sommige selfs gedragsafwykings openbaar. In hierdie studie verwys die term “akademies funksioneer” na die algemene samewerking wat die kleinkind ten opsigte van sy / haar skoolwerk in die skoolomgewing vir onderwysers toon. “Gedrag” verwys na die aanvaarbare en / of nie-aanvaarbare optrede van die kleinkinders teenoor sy/haar onderwysers, mede-leerders en ander skooladministrateurs byvoorbeeld skoolmaatskaplike werkers. Daarom is probeer om in die studie uitsluitel te kry op die navorsingsvraag: Wat is die invloed van die verskillende rolle wat grootouers op die akademiese funksionering en gedrag van hul kleinkinders speel?

Die probleem en fokus van die studie word deur Gasa (2012:203) verwoord, naamlik dat die aantal grootouers wat kleinkinders in Suid-Afrika versorg, in die geval tienerleerders, 'n kwessie is wat skynbaar nie gou sal verdwyn nie en dat baie min navorsing gedoen is oor grootouers wat tienerleerders in Suid-Afrika grootmaak. Gasa (2012:206) haal ook Hayslip en Kaminski (2005) aan wat aandui dat die akademiese prestasie van die tienerleerders affekteer mag word as 'n resultaat van hul grootouers se onvermoë om hul omstandighede te hanteer wat te wyte is aan 'n tekort aan bewustheidsprogramme, opleiding en professionele bystand. Die toenemende getal grootmaakkleinkinders in skole en laasgenoemde se prestasie in graad sewe is 'n bron van kommer vir die onderwysers wat vir die kinders se onderrig en leer verantwoordelik is.

Bogenoemde probleem en die fokus van hierdie studie word deur Edwards (1998:173) beklemtoon, "Helping Grandkin - Grandchildren raised by grandparents: Expanding Psychology in the Schools". Hy gee toe dat dit al in die negentigerjare geïdentifiseer deur sy aanduiding dat groot getalle grootouers voltyds surrogaat-ouers van hul kleinkinders word en dat die fenomeen 'n ontluikende kwessie word wat elke jaar duisende studente betrek (Edwards, 1998:173). Ruiz (1999:1) dui daarop dat die probleem etnies- en – geslagsgebaseerd is deur die volgende bevinding: Intergeslagtelike Afro-Amerikaanse families, waar die grootmoeder die primêre versorger van kleinkinders en agter-kleinkinders is, vermeerder noemenswaardig in die Amerikaanse samelewing. Die verwysing word gebruik omdat die gevallestudie-steekproef 'n etniese groep, nl. Bruinmense is waarin die grootmoeder 'n leidende rol speel en invloede uitoefen op die kleinkinders in die huis en skool en gevolglik die opvoeders en skooladministrateurs betrek.

Hierdie ontluikende kwessie of probleem van die grootouerinvloed op hul grootmaakkleinkind word onder die volgende strekking in die hoofstuk oorsigtelik as 'n raamwerk bespreek: 'n kritiese beskou van die literatuur rakende die fenomeen; 'n inleiding tot die navorsingsvraag wat ter motivering vir die studie dien; 'n uiteensetting van die doelwitte en stremminge; 'n beknopte uiteensetting van die metodologie; etiese oorwegings en definisies van kernkonsepte asook die teoretiese raamwerk wat betrekking op die studie het, naamlik die hegtheidsteorie ("attachment theory"), die rolteorie ("role theory") en interpretivisme.

1.2 Voorlopige Literatuurstudie

Die kommentaar in die afdeling word hoofsaaklik gelewer op afsonderlike studies in die V.S.A (1995-2012) en onderskeidelike enkelstudies in Nieu-Seeland (2009), Australië (2004), Japan (2007), Taiwan (2011), Verenigde Koninkryk (2008), en Suid-Afrika (2012). Die studie leun sterk op buitelandse literatuur omdat min navorsing in Suid-Afrika oor die onderwerp gedoen is. Die doel van die kommentaar is om die invloed wat grootouer(s) op hul kleinkinders het, veral ten opsigte van skolastiese funksionering en gedrag, te beklemtoon. Die oorsig dui op die behoefte om 'n ondersoek te doen na die invloed van die grootouer(s) op die kleinkind(ers) in die Suid-Afrikaanse opset. Bogenoemde afsonderlike studies word krities en integrerend in hoofstuk twee bespreek.

Die inligting vir die literatuurstudie oor die grootouerinvloed op hul grootmaakkleinkind(ers) is op internet verkry, uit handboeke van drie verskillende kampusse van die Cape Peninsula University of Technology asook uit joernale, artikels, proefskrifte en tesisse.

Ridley (2010:2) dui aan dat die literêre oorsig die deel van die tesis is waar daar breedvoerige verwysing na verwante navorsing en teorieë in die betrokke studieveld is; dit is

waar skakels gemaak word tussen die brontekste en waar die navorser homself en sy navorsing ten opsigte van die bronne posisioneer. Dit is die navorser se geleentheid om betrokke te raak in 'n geskrewe dialoog met navorsers in dieselfde gebied terwyl die navorser terselfdertyd wys dat hy inskakel, verstaan en reageer op die relevante kennis wat die navorsing onderskryf. Die literêre oorsig is waar die navorser die teorieë identifiseer en vorige navorsing wat sy navorsingsonderwerp beïnvloed en die metodologie wat gekies word, aanneem. Die literatuur word gebruik om die navorser se identifisering van 'n probleem wat nagevors word, te ondersteun en om te illustreer dat daar 'n gaping in vorige navorsing is wat gevul moet word. Die literêre beskouing dien dus as 'n dryfkrag en wegspringpunt vir die navorser se eie navorsingsonderzoek. Brontekste oor die onderwerp in die Suid-Afrikaanse konteks is egter nie geredelik beskikbaar nie.

Die toename van kleinkinders wat deur hul grootouer(s) grootgemaak word, is 'n internasionale tendens. Twee navorsers, te wete Worrall (2009:7) en Hislop (2004:4) erken hierdie internasionale neiging. Worrall (2009:9) erken dit deur die volgende stelling: Die aantal grootouers en ander bloedverwante wat volskaalse verantwoordelikheid aanvaar om hul kleinkinders groot te maak, is voortdurend besig om in Nieu-Seeland, soos die geval internasionaal is, te styg. Dit word nou internasionaal erken dat kinders wat 'n behoefte aan sorg en beskerming het, waar moontlik, binne hul uitgebreide familie geplaas moet word en dat familieverhoudinge lewendig gehou moet word. Die aantal grootouers wat kleinkinders in Australië grootmaak, skyn ook dramaties te verhoog (Hislop, 2004:9). Die stygende getal kleinkinders wat deur grootouers grootgemaak word, skyn problematies te wees. Die studie van Worrall is in Nieu-Seeland uitgevoer en bevestig die fokus en probleem van die studie, naamlik die stygende getalle van kleinkinders in grootouersorg en die gepaardgaande akademiese probleme.

Worrall (2009:9)) haal 'n vroeëre studie (Dubowitz, 2005) aan dat baie kinders in bloedverwante sorg ernstige skoolprestasie- probleme ondervind wanneer hul vergelyk word met hul portuurgroep wat nie in die versorgingsstelsel is nie. Akademiese funksionering is dus 'n gebied wat ondersoek behoort te word. In 'n studie van Hislop, Horner, Downe en Hay (2004:10) is bevind dat grootouers baie probleme in hul rol as kleinkindversorgers kan identifiseer, onder andere probleme met die bestuur van gedrag by hul kleinkinders. Daar is ook bewyse dat kinders in grootouersorg onder-gemiddelde tellings toon in 'n verskeidenheid van akademiese en kognitiewe vaardighede wanneer hul met hul gereëde portuurgroep vergelyk word. Dit word vermoed dat die kinders moontlik sukkel in areas wat op sodanige vaardighede, soos skolastiese sukses staatmaak (Hislop et al., 2004:13). Bogegeewe aanhalings stem saam dat akademiese en gedragsprobleme ervaar word in die situasie van grootouers wat kleinkinders grootmaak.

Die samestelling van 'n gesin onder dieselfde dak toon ook 'n invloed op die akademiese funksionering en gedrag van kleinkinders wat deur grootouers grootgemaak word. In Japan is deur Nakamura (2011:101) bevind dat alhoewel die teenwoordigheid van grootouers wat saam met hul kleinkinders woon, 'n deurslaggewende rol in skolastiese prestasie van kleinkinders speel, sodanige aanwesigheid (van grootouers) besig is om af te neem as gevolg van 'n toename in die vestiging van die kernfamilie. Die navorsers van die studie in Japan gaan van die veronderstelling uit dat beide die skool- en die tuiste - omgewing prestasie bepaal en dat hul verhoudings komplimentêr tot mekaar staan (Nakamura, 2011:101).

Kuan en Yang (2001) met 'n studie in Taiwan dui aan dat familiestruktuur 'n betekenisvolle effek op kinders se opvoedkundige bereiking het. Die navorsingstudie in Taiwan toon dat om by grootouers te woon, 'n addisionele voordeel het. Die graad sewes wat by grootouers woon, kan eerder die positiewe effek om by 'n volledige familie te woon, effens verhoog of die negatiewe effek verminder indien hulle by 'n enkelouer woon (Kuan et al., 2001:3). Een belangrike kwessie is die verhouding tussen opvoedkundige bereiking en tipes familiestrukture (Kuan, 2001:4). Volgens Kuan et al. (2001) is daar suggesties dat deur 'n volwassene met 'n noue familieverband (soos 'n grootouer by haar/ sy eie biologiese kind) te laat inwoon, voordele vir die kleinkinders se prestasies inhou en die prestasie aan prestasies van kinders in passiewe en enkelouer-families gelykstel (Kuan et al., 2001:4). Die grootouer(s) vertolk verskillende tipes rolle teenoor die kleinkind(ers) wat deur hul grootgemaak word. Mitchell (2008:127) dui in haar studie in die Verenigde Koninkryk aan dat die sorg en ondersteuning wat grootouers kan voorsien, van wettige voogdyskap tot toevallige, informele sorg wissel en dat die grootouers self ook 'n heterogene groep in terme van ouderdom, etnisiteit en sosio-ekonomiese omstandighede is. Die Mitchell - studie handel oor grootouers wat help om na gebreklige kinders om te sien.

Edwards en Taub (2009:160) met verwysing na vorige studies van Edwards en Ray (2008), Edwards (2006) en Poehlmann (2003), maak die stelling dat nieteenstaande grootouers se optimisme, warmte en omgee om hul kleinkinders groot te maak, baie kinders ongunstige en nadelige ontwikkelende terugslae en ongunstige tuiste en –skooluitkomste ervaar, dikwels as 'n funksie van die konteks waarin hierdie families verskyn (Edwards & Taub, 2009:160). Die navorsing is in die V.S.A gedoen. Edwards en Taub (2009:160) haal ook Baker (1999), Baker, Dilly en Aupperlee en Patil (2003) se bevindings aan dat die toenemende getalle van hierdie kinders (wat deur grootouer(s) grootgemaak word) implikasies vir skoolsielkundiges en ander professionele persone inhou wat met hierdie kinders werk. Navorsing suggereer dat studente se sukses in die skool afhanklik is van kontekstuele veranderlikes wat met die student geassosieer word sowel as hul tuiste – en skoolomgewing. Hierdie studie beoog om

vas te stel in hoeverre die skool - en die tuiste-omgewing aanvullend tot mekaar staan en die rol wat die grootouer daarin speel.

Beperkte navorsing is in Suid-Afrika gedoen oor grootouers wat tienerleerders (waaronder die studie se steekproef resorteer) grootmaak (Gasa, 2012:1). Dit is die groep leerders waarna onder andere verwys word wanneer die opskrif van 'n berig noem dat graad 6-leerders in die Wes-Kaap nie kan tel of spel nie (Fredericks, 2010). Die 2012 - graad sewes aan die primêre skool wat in die studie ter sprake is, is produkte van 'n skoolstelsel waar leerders vorder, maar nog nie die vorige grade se uitkomst kan bemeester nie. Dit skep probleme in akademiese funksionering in graad sewe. Ek glo dat die grootouer(s) wat hul kleinkind grootmaak, 'n rol te speel het in die akademiese bereiking van hul grootmaakkleinkind, hetsy deur middel van akademiese - en/of sosiale ondersteuning. Die gevallestudie poog om vas te stel of dit wel die geval is.

Die bevindings bevestig dat grootouers ondersteuning in gedragsbestuur en hedendaagse kurrikulum-aangeleenthede benodig om die kleinkind te beïnvloed.

De Vries (2013: 6) met verwysing na die studie van Brink, 'n spelterapeut van Kwazulu-Natal gee saam met Gasa (2012) 'n gedeeltelike samevatting van die "wat" in die gevallestudie, naamlik die invloed van grootouer(s) wat verantwoordelik is om kleinkinders groot te maak en die "waarom", naamlik dat in Suid-Afrika 'n tekort aan literatuur is, die getalle aan die toeneem is en dat die grootmaakkleinkinders probleme ervaar wat in die skool reflekteer. Kinders met gedrags- en emosionele probleme moet nie deur skole net as stout afgemaak word nie - daar is dalk iets nie pluis by die huis nie. Skole moet begin ruimte skep vir alternatiewe gesinstrukture gegee Brink se bevinding dat grootouers vertolk deesdae ook die rol van ouers - 'n verskynsel wat toeneem. Grootouers vorm nou deel van die skoolstelsel. Die (kinders) wie se ouers nog leef, word op die ouma en oupa afgeskuif. Die verwerping lei tot gedragsprobleme. De Vries (2013:6) berig dat Brink se bevinding is dat die rolverwarring dringend aandag moet geniet en dat die fenomeen wêreldwyd toeneem. Dit is die rede waarom die hegtheidsteorie en die rolteorie (Merton, 1957) op die gevallestudie van toepassing is.

Die inligting wat deur middel van die literêre oorsig ingesamel is, stel die navorser in staat om die onderwerp te vernou tot die hoof-navorsingsvraag wat die ondersoek lei.

1.3 Navorsingsvraag

Wat is die invloed van die verskillende rolle wat grootouers speel op die akademiese funksionering en gedrag van hulle kleinkinders? Nadat die navorsing en onderwerp deeglik beplan is, is toegetree tot die empiriese fase om die doelwitte van die studie te bereik.

1.4 Doelwitte

Die doel van die studie is om informasie aan skoolopvoeders en skoolmaatskaplike dienste te verskaf oor grootouerrolle se invloed op kleinkinders se akademiese vordering en die kinders se gedrag.

Ten einde hierdie doelstelling te bereik, is die volgende doelwitte gestel:

- Om bevestigende literatuur te verskaf dat die plasing van kleinkinders by hul grootouers 'n toenemende probleem is;
- om redes te verskaf waarom kleinkinders by hul grootouers geplaas word;
- om die verskillende grootouerrolle te beskryf;
- om die invloed van die grootouerrolle op die kleinkinders se akademiese funksionering en gedrag te bepaal; en
- om grootouers se ervaring van kleinkinders by 'n groot primêre skool in die Weskus-Onderwysdistrik, te ondersoek.

1.5 Stremminge

Sekere aspekte soos die volgende plaas stremminge op die gevallestudie:

In die Republiek van Suid-Afrika is 'n duidelike tekort aan literatuur oor grootouers se invloed op kleinkinders wat hul grootmaak, veral die invloed op die akademiese funksionering en die gedrag van die grootmaakkleinkind.

Bevindinge in hierdie studie reflekteer nie noodwendig die invloed van die grootouerrol in alle gemeenskappe in Suid- Afrika nie.

Die steekproef bestaan slegs uit nege leerders waarvan sewe grootouerpere en of 'n enkelgrootouer nl. die grootmoeder, bereid was om as respondente op te tree.

Die navorser leun sterk op literatuur oor die onderwerp uit die Verenigde State van Amerika, aangesien literatuur daar meer geredelik as in Suid-Afrika beskikbaar is.

1.6 Die Navorsingsveld

Die navorsingsveld is gefokus op 'n geselekteerde groep grootouers wat hul graad 7-kleinkinders grootmaak. Die kinders was ingeskrewe leerders vir die akademiese jaar 2012 by 'n kwintiel 4- skool met meer as 1300 leerders in die Weskus Onderwysdistrik in die Wes-Kaap, Suid- Afrika is. Die kriteria vir die steekproef vereis dat dit 'n 2012-graad 7-leerder

moet wees wat sonder die teenwoordigheid van 'n biologiese ouer deur die grootouer(s) grootgemaak word.

1.7 Metodologie

In hierdie afdeling (Hoofstuk 3) word die navorsingsontwerp en die metodes van hoe informasie vir die studie ingesamel word, bespreek. Om "metodies" te wees, is om sistematies in die nastrewing van iets te wees. Om 'n "metode" of "metodes" toe te pas, is om 'n spesifieke tegniek of tegnieke te gebruik in die nastrewing of studie van iets. In sosiale wetenskap word gepraat van "kwalitatiewe metodes", soos met 'n program van onderhoude en van "kwantitatiewe metodes" soos die gebruik van statistieke (Harrington, 2005:4). Die studie gebruik hoofsaaklik kwalitatiewe metodes en die grootouer-onderhoud vorm die kern.

Om 'n "metodologie" te hê, is om 'n rasionaal te volg wat 'n persoon se seleksie van daardie spesifieke metodes regverdig vir 'n gegewe studie-onderwerp. Metodologie verwys dus na 'n teoretiese beginsel of beginsels wat die toepassing van 'n stel metodes bestuur. Die "-ologie" in "metodologie" verwys na 'n teorie van metodiese praktyk (Harrington, 2005: 4). Die invloed van grootouerrolle op hul grootmaakkleinkinders, word in die gevallestudie bespreek. Onder die metodologie word verskillende aspekte bespreek, te wete die navorsingsontwerp, data-insamelingsmetodes en die data – analise.

1.7.1 Navorsingsontwerp

Die onderwerp van die voorgenome studie is 'n gevallestudie wat oorvleuelend gebruik word met 'n seksionele navorsingsontwerp. Interseksionaliteit beur verby vertrou in enkel groeperings (bv. ras of geslag) tot ryker, meer informatiewe analises wat gelyktydig rekenskap kan gee van 'n veelvoudige sisteem van onderdrukking. Cabrera (2009) beweer dat wanneer interseksionele analises uitgevoer word, fokus alle studies op die minderbevoorregtes. In uitsonderlike gevalle, indien enigsins, word sistemiese voorregte deur interseksionaliteitsnavorsing bevraagteken. Dit maak sin aangesien interseksionaliteitsnavorsing volgens Cabrera (2009:78) aanvanklik ten doel het om veilige, fisiese, emosionele en intellektuele ruimtes vir gemarginaliseerde gemeenskappe tot stand te bring – minderbevoorregtes in die studie dui dus op die kleinkinders wat nie bevoorreg is om deur hulle biologiese ouers grootgemaak te word nie. Die strategie van ondersoek is 'n gevallestudie aangesien dit hier handel oor grootouers en kleinkinders wat deel uitmaak van hulle eie leefwêreld waarin betekenis deur hulle sosiale interaksie met mekaar gekonstrueer word.

Die eenheid van analise is 'n klein groepie mense in 'n plattelandse skoolgemeenskap. Die gevallestudie is induktief deurdat die navorser betekenis uit die verworwe kennis genereer.

Alhoewel die navorsingsontwerp kwalitatief van aard is, word data kwalitatief en kwantitatief voorgestel.

1.7.2 Navorsingsmetodes

Data-insameling geskied deur middel van vooropgestelde vraelyste en onderhoude. Die data wat uit die vraelyste verlang is, bestaan uit vyf kategorieë, te wete die grootouer se huislike opset wat hul gesondheid en finansies insluit, dissipline deur grootouers, die kleinkind-ingesteldheid teenoor sy/haar akademie en maatskaplike dienste. Die onderhoudskedule aan die grootouers verskaf meer in- diepte data oor veral die huisomgewing. Data is ook vanuit dokumente soos die verslagkaarte, aanwesigheds- en oortredingsregisters asook die skoolbeleide verkry.

1.7.3 Deelnemers

Doelbewuste steekproewe is gebruik om die respondente te identifiseer. Die leerders as respondente is bepaal vanuit die saamgestelde profiele wat elkeen by die skool besit. Die leerders se persoonlike besonderhede verskyn in 'n profiel. Hierdie profiele is deur die navorser nagegaan om vas te stel watter leerders in graad 7 in 2012 deur hul grootouers grootgemaak is. Inligting toon dat daar drie leerders in graad 7 is wat slegs deur hul ouma grootgemaak word. Tydens 'n verdere ondersoek is bevind dat daar ses leerders is wat deur grootouerpere grootgemaak word. Hierdie doelgerigte seleksie van nege leerders sluit drie seuns en ses dogters in. Hierdie leerders voldoen aan die kriteria vir die studie.

Die seleksie van grootouers wat aan die beantwoording van die vraelyste deelneem, is die primêre versorgers van die nege geïdentifiseerde leerders. Hulle bestaan uit drie oumas (enkelgrootouers) en drie grootouerpere. Die grootouergroep is nege in totaal. Die opvoeders wat vir deelname tydens die beantwoording van die vraelyste gekies is, is die klasregister-opvoeders van die nege leerders.

Die navorser verkies om , ter wille van objektiwiteit, nie die vraelys te voltooi nie. Die navorser is die vyfde opvoeder wat in 2012 betrokke is by die onderrig en leer van die steekproefgroep. Die invloed van die grootouer se manier van die kleinkind grootmaak, reflekteer in die klassituasie, daarom is die gevoel van die navorser om ook die opvoeders in die ondersoek te betrek.

1.7.4 Instrumente

Vraelyste en 'n onderhoudskedule is gebruik om die informasie oor die onderwerp te bekom. Elkeen van die grootouers, nege steekproefleeders en onderwysers ontvang 'n vraelys om te voltooi.

Botha (2001:13) beklemtoon dat in-diepte onderhoudvoering 'n belangrike instrument vir data-insameling in kwalitatiewe navorsing is. Die kwalitatiewe onderhoud is buigsaam en dinamies en word na verwys as nie-voorskriftelik, ongestruktureerd, nie-gestandaardiseerd en oopeindigend. Die eerste semi-gestruktureerde onderhoudskedule is met 'n deel van die grootouergroep geloods. Vrae aan die grootouerspare is daarop gemik om hoofsaaklik inligting van die tuisomgewing in te win. Alle respondente by die onderhoud is gekies uit die respondente wat aan die beantwoording van die vraelyste deelneem. 'n Tweede onderhoudskedule is met vier opvoeders as respondente voltooi om meer informasie oor die skoolomgewing te bekom. Die doel van die opvoedervraelys is om inligting oor die skoolomgewing in te win. Die reeds genoemde vyf kategorieë vorm deurlopend die kernraamwerk vir vraagstelling. 'n Loodsprojek is voor die aanvang van die studie met grootouers, opvoeders en leerders van 'n alternatiewe skool gehou om die geldigheid van die verlangde data te toets. Oopeinde-vrae is gestel om deelnemers die geleentheid te bied om uit te brei en hul emosies uit te druk. Onderhoude is op videoband vasgelê sodat die navorser op die respondent kan fokus.

Sekondêre bronne vir informasie is die verslagkaarte, aanwesigheds- en oortredingsregisters asook die skoolbeleide wat na analise van die vraelyste en onderhoud ontleed word.

1.7.5 Data-analise

Data-analise geskied soos volg: Die transkripsie van die vraelyste geskied na ontvangs van die laaste vraelys. Transkribering is na elke individuele onderhoud gedoen terwyl die emosie van die respondent nog vars in die navorser se geheue is. Die doel daarvan is om diepte aan die proses te verleen. Analitiese induksie is gedoen wat daarop neerkom dat die onderhoud sistematies interpreteer word om die veranderlikes, op die veronderstelling dat die invloed van die grootouer(s) op die kleinkinders se akademiese funksionering en gedrag meer negatief as positief is, te identifiseer. Sekondêre data-analise vanuit die verslagkaarte, aanwesigheds- en oortredingsregisters asook die skoolbeleide, geskied na analise van die vraelyste en onderhoud. Analisering van die skoolbeleide se doel is om vas te stel of die interne beleide akademiese funksionering en gedrag bevorder en of dit wel geïmplementeer word.

Die metingsinstrument vir grootouers word geanaliseer, afleidings word opgeteken en bevindings word deur middel van gemiddeldes aangetoon. 'n Kort beskrywende (deskriptiewe) oorsig van die gesinsamestelling van grootouers wat hulle kleinkinders grootmaak, is uit relevante inligting saamgestel.

1.8 Etiese Oorwegings

Toestemmingsbriewe vir deelname aan die studie is aan die teikengroepleeders, hul grootouers en ouers en leerarea-opvoeders oorhandig waarin toestemming gevra is vir deelname. Toestemmingsbriewe is aan die Wes-Kaapse Onderwys-departement gestuur om toestemming tot navorsing te verkry. Toestemming is vanaf die skoolbestuurder verkry om navorsing te doen en toegang tot relevante dokumente te verkry.

Die loodsprojek verseker verdere betroubaarheid deurdat die uitkomstes eers deur die loodsprojek getoets is alvorens dit op die formele navorsing van toepassing gemaak is.

Die aard van die navorsing, om informasie oor persepsies van grootouers in hul ouerrolle as primêre versorgers van kleinkinders in hul huishoudings te bekom, is aan deelnemers individueel verduidelik. Die deelnemers is die versekering gegee dat hul anoniem bly en dat hul toegang tot die ingesamelde data, bevindinge en slotopmerkings kry.

Die navorsers verbind homself ook tot eerlike, relevante en realistiese verslagdoening en eerlikheid teenoor grootouers, leerders en kollegas. Betroubaarheid is verseker deur die verskillende koderings van elke vraag in die vraelyste (as addisionele informasie) te vergelyk om vas te stel of dit in lyn met mekaar is bv. die gesondheidsaspekte van die grootouergesin reflekteer oorvleuelende vrae op al drie vraelyste byvoorbeeld: 1). Hoe gereeld besoek die dokter of kliniekverpleegster u woning? 1). Hoe gereeld besoek die dokter of verpleegsuster die leerderwoning? 1). Hoe gereeld besoek jy of jou ouma en/of oupa die kliniek of dokter?

Respondente is voor die onderhoud die reg voorgehou om 'n keuse uit te oefen en die plek van onderhoudvoering aan te beveel sodat hy of sy gemaklik kan voel tydens die onderhoud. Die metode van triangulering verseker betroubaarheid deur van vraelyste en onderhoude gebruik te maak. Dit verseker terselfdertyd die geldigheid van die studie. Toestemming is vanaf die grootouers gevra om 'n video-opname van die onderhoud te doen. Deeglik voorbereide onderhoudsvrae en vraelyste, wat alle navorsingsaspekte betrek, verseker verdere geldigheid.

Interne geldigheid is bevestig deurdat ingesamelde data soos vanaf respondente ontvang voor finale formele optekening, eers weer na hul terugverwys is om te evalueer of die

navorsers hul oorspronklike data opteken. Dit bevestig ook betroubaarheid van verworwe kennis. Die onderhoudskedule-vrae verskil met enkele oorspronklike vrae met dié van die vraelyste. Vrae wat oorspronklik, verseker betroubaarheid van die data.

Die toestemmingsbriewe, die anonimiteitswaarborg, realistiese verslagdoening, openhartigheid en eerlikheid asook betroubaarheid van die vraelyste verseker die etiekvereistes van hierdie studie.

1.9 Teorieë en definisies

Drie teorieë is van waarde in die ondersoek na die grootouerrol se invloed op die akademiese funksionering en gedrag van hul grootmaakkleinkinders. Die teorieë is die hegtheidsteorie, die rolteorie, interpretivisme en, in 'n mindere mate, Piaget se teorie oor kognitiewe ontwikkeling.

Edwards (1998:176), verwys na die hegtheidsteorie (Bowlby, 1944) deur te noem dat 'n noodsaaklike teoretiese raamwerk wat help verduidelik waarom kleinkinders dikwels swak in die skool funksioneer en waarom die meeste intervensieprogramme met die steekproef onsuksesvol is, gevind word in die area van kinderontwikkeling, spesifiek navorsing oor die hegtheidsteorie ("attachment theory") en sosiale ondersteuning. Die hegtheidsteorie ("attachment theory") is die saamgevoegde werk van John Bowlby en Mary Ainsworth (Bretherton, 1992:759-775).

Sroufe, Carlson, Levy en Egeland (1999:1) dui aan dat Bowlby se hegtheidsteorie (1944) 'n teorie van psigopatologie sowel as 'n teorie van ontwikkeling is. Die teoretiese aspek van ontwikkeling het betrekking op die studie. Die teorie bevat duidelike en spesifieke stellings rakende die rol van vroeëre ervaring in ontwikkelings - psigopatologie, die belangrikheid van 'n voortgesette konteks en die aard van die ontwikkelingsproses wat patologie onderlê (Sroufe, 1999:1). Die hegtheidsvormingsproses geskied vertikaal en horisontaal en word meer gedetailleerd in hoofstuk twee bespreek. Die proses kom daarop neer dat die kind se verhoudinge deur ondersteuning geskaaf en gevorm word.

Sosiale ondersteuning word gedefinieer as die hoeveelheid instrumentele en emosionele ondersteuning wat tot die beskikking van individue gestel word deur persone rondom hulle. Instrumentele ondersteuning verwys na tasbare hulp en emosionele ondersteuning verwys na affektiewe bystand (Edwards, 1998:177). Sosiale teorie word gedefinieer as die studie van wetenskaplike maniere van denkwyses oor die sosiale lewe. Dit omsluit idees oor hoe samelewings verander en ontwikkel, oor metodes van verduideliking van sosiale gedrag, oor mag en sosiale struktuur, klas, geslag en etnisiteit, moderniteit en ontplooiing, revolusies en utopias asook ontelbare ander konsepte en probleme in die sosiale lewe (Harrington

,2005:1). Verdere toepassings van sosiale ondersteuning vir grootouers en kleinkinders volg in hoofstuk twee.

Die rolteorie (Merton, 1957) is 'n tweede teorie, veral ten opsigte van die grootouers wat integrerend met die uiters belangrike hegtheidsteorie (Hartup, 1989) in die studie van waarde is, is die rolteorie (Merton, 1957). Drie konsepte van rolteorie is gebruik om hierdie navorsing te lei. Die eerste konsep is rol - tydsberekening. Rol – tydsberekening word gebruik om die effekte van die afdyd - grootouersversorgerrol te ondersoek. Die tweede konsep van die rolteorie is roldubbelsinnigheid. Hierdie toestand ontstaan wanneer surrogaat-grootouers hul rol as sonder norme beskou en dus onseker is oor hoe om die rol van surrogaatouer vir hul kleinkinders uit te dra (Matzek, 2007:7). Die derde rolteorie-konsep wat gebruik word om grootouergeleide huishoudings te bestudeer, is rolkonflik. Grootouers ervaar dikwels hoë vlakke van konflik in hul pogings om die eise van die grootouer-versorgerrol (bv. surrogaatouer) te koördineer met die rolverwagtinge van die tradisionele grootouerrol (bv. die-meer hande-af-interaksie in terme van dissipline). 'n Meer kritiese bespreking word in hoofstuk twee van die gevallestudie aangebied.

Hierdie gevallestudie is binne die interpretivisme - paradigma gekonseptualiseer. Yuen (2005:114) maak die volgende stelling: “Soos in die geval van alle definisies in die gevallestudie, geniet interpretivisme ook nie 'n onaanvegbare betekenis nie.” Yuen (2005:114) verwys in sy studie na Erickson (1986:119) wat verkies om dit as 'n oorhoofse term vir “die volledige familie van benaderings tot deelnemer-observasie- navorsing” te gebruik. Yuen (2005:115) verwys ook na Denzin en Lincoln wat interpretivisme onder kwalitatiewe navorsing plaas.

Kwalitatiewe navorsing word paradigmatis interpretatief bespreek, met 'n ontologiese seining (menslike beskou) van die mens as unieke wese en interpreteerder en / of kommunikeerder van sy leefwêreld (Botha, 2001:14). Kwalitatiewe insameling van data is van toepassing in die gevallestudie. Botha (2001:13) haal Taylor en Bogdan (1984:77) aan wat die kwalitatiewe onderhoud definieer as herhalende gesig-tot-gesig-ontmoetings tussen die navorser en die informante wat die aanwyser is dat informante se perspektiewe oor hul lewens, ervarings, of situasies in hul eie woorde verstaan kan word. Botha (2001:14) haal ook Kruger (1985:145) aan dat, in aansluiting by bogenoemde, die mens se sosiale wêreld (onder meer vanuit die fenomenologie) ontleed, vertolk en begryp kan word.

1.10 Slotopmerkings

Literatuurstudie dui aan dat die fenomeen van kleinkinders wat deur grootouers grootgemaak word wêreldwyd aan die toeneem is en gepaardgaan met probleme wat 'n invloed het op die kleinkind se akademiese prestasie en gedrag in die skool. Die scenario raak die grootouers, die kleinkinders en die onderwyser. Die studie het ten doel om vas te stel wat die invloed van die grootouers se rolle op hul grootmaakkleinkinders se akademiese funksionering en gedrag is en om aanbevelings voor te stel sodat die huis en die skoolomgewing mekaar kan aanvul.

'n Teoretiese raamwerk wat lig op hierdie kwessie werp, is die hegtheidsteorie ("attachment-theory"), die rolteorie ("roles theory") en Interpretivisme. Volgens die kritiese oorsig oor die literatuur blyk dit dat gesinssamestelling in die V.S.A, Engeland, Australië en Nieu-Seeland (Westerse kulture) beduidend verskil van die gesinssamestelling in Taiwan en Japan (Oosterse kulture) wat 'n verskil in grootouerrolle meebring.

Die deelnemers in die studie behoort almal aan 'n bepaalde kultuurgroep, naamlik die sogenaamde Bruinmense in Suid-Afrika. Die respondente is 'n doelbewuste steekproef wat uit nege graad 7-leerders, hul grootouers en hul opvoeders in 'n groot primêre skool in die Weskus-Onderwysdistrik in die Wes-Kaap- provinsie in Suid-Afrika identifiseer is.

Die navorsingsontwerp van die studie is kwalitatief, maar die ingesamelde data word kwalitatief en kwantitatief voorgestel. Instrumente vir data-insameling is vooropgestelde vraelyste en onderhoude. Die ingesamelde data word interpreterend analiseer.

1.9 Verloop van studie

Hoofstuk twee bied 'n kritiese literêre oorsig oor die grootouerrolle se impak op die akademiese werkverrigting en gedrag van die kleinkinders.

Hoofstuk drie gee 'n akkurate weergawe oor wat die navorser se metodologie vir hierdie gevallestudie is. Hoofstuk vier beskryf die response van die ondersoek na die invloed van grootouerrolle op die akademiese funksionering en gedrag van hul grootmaakkleinkinders. Hoofstuk vyf bied die gevolgtrekkings en aanbevelings voortvloeiend uit die gevallestudie aan.

HOOFSTUK TWEE

LITERÊRE OORSIG: GROOTOUERS EN HUL GROOTMAAKKLEINKINDERS

2.1 Inleiding

In hoofstuk een is 'n oorsigtelike raamwerk oor die grootouerrol-invloed op grootmaakkleinkinders gegee. Dit sluit die voorlopige literatuurstudie, navorsingsvraag, doelwitte, stremminge, die navorsingsveld, die metodologie, etiese oorwegings, teorieë en definisies, en die verdere verloop en slotopmerkings in.

Om die uitwerking van die grootouerrolle in die gevallestudie vas te stel, word in hoofstuk twee bevestigende literatuur deurgegee dat die fenomeen wel aan die toeneem is; redes vir die plasing van die kleinkinders by hul grootouers, gegee; 'n oorsigtelike profiel van die 21-ste- eeu-grootouer geskets; die tipes algemene grootouerrolle beskryf asook ondersteuning aan en van grootouers geskets. Daarna volg die invloed van die plasing op grootmaakkleinkinders se kognisie en gedrag en die uitdagings wat in die gesig gestaar word. 'n Teoretiese raamwerk wat in die studie tot nut is, gevolg deur 'n opsomming oor hoofstuk twee volg daarna.

Worrall (2009:7) bevestig in sy studie die algemene aanduiding van verskeie literatuur deur sy bevinding dat kinders internasionaal 'n behoefte het aan sorg en beskerming binne die kinders se uitgebreide familie (Worrall, 2009:7). In die inleidende oorsig oor die literatuur in hoofstuk 1 is bevind dat die grootouerrolle wissel van wettige tot informele sorg en dat die skool –en tuiste-omgewing mekaar behoort aan te vul en dat grootouers, afhangend van die huislike omstandighede 'n moontlik positiewe en/of 'n negatiewe impak op die kinders se akademiese funksionering en gedrag moontlik mag hê. Literatuur van die 21-ste eeu toon dat die grootouerrolle in die algemeen 'n negatiewe impak op die kleinkinders se akademiese funksionering het (Gasa, 2012:203). Solomon (1995:386) met 'n studie uit die vorige eeu, noem egter dat literatuur suggereer dat grootouers 'n positiewe invloed op hul kleinkinders se lewe het. Solomon (1995) en Gasa (2012) verteenwoordig dus op twee kontrasterende bevindings in die bestek van sewentien jaar oor die onderwerp van grootouerrolle se invloed op die kleinkinders wat hul grootmaak se akademiese vordering en gedrag. Die twee teenoorgestelde bevindings laat onwillekeurig die vraag ontstaan: Is die grootouerrol-invloed negatief of positief of beide tydens die grootmaak van hul kleinkinders? Die literêre oorsig probeer lig werp oor die bevindings ten opsigte van grootmaakkleinkinders se akademiese funksionering en gedrag.

2.2 GROOTOUERS

Literatuur bevestig ook dat, deur die volgende verwysings, die fenomeen van kleinkinders wat deur grootouers grootgemaak word in die Oostelike Halfrond aan die toeneem is.

Volgens Worrall (2009:8) het die aantal kinders wat by familie in Nieu-Seeland geplaas word, eksponensiëel, en in baie lande, die getal kinders wat onder nie-verwante pleegsorg geplaas is, verbygesteek. Hislop, Horner, Downie en Hay (2004:4) in hul studie bevestig die stelling as volg: Kinders wat in die voltydse sorg van hul grootouers woon, is 'n toenemende fenomeen in die Westerse wêreld, soos dwelmmisbruik, verstandsiectes en gesinsgeweld oorneem. Die aantal grootouers wat kleinkinders in Australië grootmaak, skyn dramaties toe te neem (Hislop et al., 2004:9). Die rol wat grootouers in kinderontwikkeling speel, is 'n toenemende erkende fenomeen in die Verenigde State, sowel as in ander ontwikkelde nasies (Fogarty, 2007:1). Gasa (2012:1) dui aan dat die aantal grootouers wat kleinkinders versorg 'n verskynsel in Suid-Afrika is wat nie sal verdwyn nie. De Vries (2014), met verwysing na die studie van Brink, 'n fisioterapeut, dui aan dat grootouers nou deel van die skoolstelsel (in Suid-Afrika) is – ouers skuif hul verantwoordelikhede op die grootouers af. Dit is dus ook 'n toenemende tendens in Suid-Afrika. Die toenemende getalle van die grootouergeleide gesin is 'n realiteit.

Die samestelling van die grootouergeleide gesin gee 'n aanduiding op welke manier die grootouerrol uitgeleef word. Nakamura (2011:101) dui in sy studie in Japan aan dat grootouers wat by hul kleinkinders woon die kleinkinders kan ondersteun en ook toesig oor hul studies hou. Kuan en Yang (2001:2) bevraagteken in hul studie in Taiwan of die saamwoon van grootouer(s) in multi-geslagtelike families meer probleme of meer voordele vir daardie familie inhou.

Die toenemende getalle en die tipe gesinstruktuur waar die grootouer(s) na die kleinkinders omsien, lei tot probleme vir die grootouer(s), maar veral vir die kinders wat onder hul sorg is.

Edwards (2006:565) dui in sy studie aan dat anekdotale en kwalitatiewe data aandui dat die kinders wat deur hul grootouers grootgemaak word, akademiese, gesondheid- en -skoolverwante probleme ervaar. Addisionele inligting en kwantitatiewe data word benodig aangaande die kinders se emosionele toestand, gedrag en skoolfunksionering asook hul behoefte aan intervensie buite die klaskamer. Richardson (2009:3) beweer dat dit nie bekend is of kleinkinders se gedragsprobleme 'n resultaat van stres in hul familie van oorsprong is nie en of dit die resultaat van hul huidige leefsituasie met hul grootouers is nie. Richardson (2009:3) dui ook aan dat daar min navorsing is wat spesifiek aandui hoe kinders emosioneel, sosiaal of akademies vaar terwyl hul in die sorg van hul grootouers is. Ek is egter van

mening dat die huidige leefsituasie 'n bepalende faktor is in hoe 'n mate die kleinkinders se akademie en gedrag beïnvloed word. Kuan (2007) uit die Oosterse kultuur twyfel dus, net soos Richardson (2009) uit die Westerse kultuur, of die invloed van die grootouerrol negatief of positief is.

Mitchell (2008:126) bevestig in haar studie in die Verenigde Koninkryk dat die grootouers 'n belangrike rol speel deurdat sy noem dat erkenning aan die grootouerbydrae gegee moet word in intergeslagtelike verhoudings, veral in areas soos informele kindersorgvoorsiening.

Dat grootouers 'n rol in hul kleinkinders se opvoedkundige bereiking speel, is 'n realiteit in Westerse en Oosterse lande. Die stelling is bevestig deur bogegewe literêre oorsig oor verskeie bevindings in verskeie lande. Die gevallestudie fokus egter slegs op die grootouerrolle se invloed op kleinkinders wat deur hul grootgemaak word se akademiese funksionering en gedrag sonder die healtydse teenwoordigheid van die kleinkind se biologiese ouer(s). Grootouers as 'n gewaardeerde bron van ondersteuning vir kleinkinders is dikwels onder gespanne en emosionele verwarring as gevolg van hul terugkeer na ouerlike pligte (Richardson, 2009:3). Die "terugkeer" dui op die ouerrol wat 'n tweede keer deur die grootouer(s) vertolk moet word.

2.2.1 Plasing by grootouers

Die omgewing waar die kleinkind geplaas word en die redes vir die plasing het 'n bepalende invloed op die kleinkind se akademiese funksionering en die manier hoe die kind hom of haar in die omgewing van grootword gedra.

Om grootword by grootouers in 'n positiewe lig te sien, is dit belangrik om te weet dat daar volgens Worrall (2009:8), bewyse is dat, vergeleke met kinders in tradisionele nie-verwante pleegsorg, diegene wat met familie geplaas word, meer waarskynlik plasingstabiliteit sal ervaar. Worrall (2009), met sy studie in Nieu Zeeland beweer dat die plasing van kleinkinders by bloedverwante grootouers 'n sleutelfaktor is om goeie uitkomst te bereik vir kinders wat weg van hul biologiese ouers geplaas word. Die plasing by grootouers verleen stabiliteit aan die kleinkinders se daaglikse bestaan. Worrall (2009:8), met sy studie uit Nieu Zeeland wys daarop dat die kleinkinders versorging en beskerming benodig as redes vir die plasing by grootouers.

Edwards & Benson (2010) deel die siening deurdat hul aanbeveel dat in die gevalle waar kleinkinders vanuit hul ouer tuistes deur regeringsagentskappe verplaas word, verlang word dat die gevallewerkers eers moet oorweeg om die kinders by 'n familieverwante persoon te plaas om die familiêre verband te handhaaf. Dit is ook meer waarskynlik dat hul kontak sal

hê met hul biologiese ouers, saam met hul broers en susters sal bly en met skool sal volhou terwyl hul in dieselfde buurt sal woon. Kleinkinders wat onder pleegsorg by grootouers is, kan ook hul identiteit behou en deur hul familiegroep omring te word (Worrall, 2009:8). Ek is van mening dat hierdie voordele, soos hierbo genoem, met vrug oorweeg kan word voor die uitplasing van kinders onder pleegsorg omdat die bevinding duidelik toon hoe belangrik die skakeling tussen 'n kind se huislike omstandighede en akademiese werkverrigting en gedrag in die skool is.

Die literatuur dui op 'n verskeidenheid van redes waarom kleinkinders deur hul grootouers grootgemaak word. Dolbin-MacNab (2006:564) dui aan dat grootouers tipies ouer-verantwoordelikhede aanvaar wanneer probleme wat met die kleinkinders se ouers geassosieer word, ervaar word. Hierdie probleme sluit ouer-middelmisbruik, mishandeling en verwaarlosing, gevangenisskap, MIV/VIGS, verstandelike siektes, egskeiding en dood in. Is dit moontlik dat die tipe grootouer voel dat sy of hy as ouer misluk het en die grootmaak van die kleinkinders as 'n geleentheid sien om reg te stel waar hy of sy misluk het? Reeds in 1995 het Solomon en Marx (1995:386) ook buite-egtelike geboortes by bogenoemde redes geplaas soos die volgende aanhaling bevestig:

'n Uitgebreide verskeidenheid van sosiale probleme, ingesluit 'n styging in geboortes deur ongetroude moeders, het bygedra tot die styging in kinders wat deur grootouers grootgemaak word (Solomon et al., 1995:386).

Die plasing by grootouers het 'n invloed op die kleinkinders se akademiese prestasie en werkverrigting asook hul gedrag. Hislop et al. (2004:9), met verwysing na Giles (2003) dui in hulle studie in Australië aan dat die sosiale veranderinge in die Westerse wêreld in die 21ste eeu, ingesluit die toename in middelmisbruik, verstandesiektes en familieverbrokkeling, die rolle wat deur grootouers vertolk word, dramaties verander. 'n Groot aantal grootouers vertolk nou 'n voltydse ouerrol in die lewe van hul kleinkinders, tipies as 'n resultaat van ouersiektes, dwelm-en alkoholverslawing, gesinsgeweld- en verwaarlosing, molestering of ouersterftes en/of afwesigheid (Hislop, 2004:9). Die grootouer neem dus die rol van die biologiese ouer in. Beale (2003:319), met haar studie in die V.S.A bied verdere redes waarom grootouers vrywilliglik die rol van ouer vir die kleinkind aanvaar: demografiese skuiwe, sterftes, egskeiding, langer tye in die grootouerrol, die werk van beide ouers en vroeëre uitdienstrede (Beale, 2003:319). In dieselfde studie dui Beale (2003:319) aan dat nog redes vir die onvoorsiene versorging van kleinkinders deur grootouers die volgende insluit: tienerswangerskappe, emosionele probleme, egskeiding of hertroues, ouersterfte(s), MIV/VIGS, dwelmmisbruik, gevangenisskap, mishandeling of verwaarlosing en onvermoë. Morello (2010:1) se bevinding is dat, sedert die resessie in 2007, die aantal kinders wat

deur hul grootouers grootgemaak word skerp gestyg het. Ekonomiese agteruitgang, byvoorbeeld werksverlies, speel ook 'n rol in die plasing. Die grootouers versorg die kleinkinders terwyl die biologiese ouer verplig is om werk te gaan soek of om heropleiding te ontvang. Morello (2010:2) noem egter ook dat militêre ouers wat veelvuldige plasings in Irak of Afghanistan in die gesig staar hul kinders onder grootouersorg moes toevertrou. Edwards en Benson (2010:54) dui aan dat daar gevalle is waar die biologiese ouers in dieselde woning saam die grootouers woon, maar die grootouers as die kleinkinders se primêre versorgers dien.

Die literatuur (soos hierbo uiteengesit) toon enkele, algemene, oorvleuelende redes waarom kleinkinders deur grootouers grootgemaak word, byvoorbeeld middelmisbruik, egskeiding, MIV/VIGS, mishandeling en verwaarlosing, maar eiesoortige redes, geskep uit unieke omstandighede in 'n land, byvoorbeeld ekonomiese resessie en oorlogbetrokkenheid, speel ook 'n rol vir die plasing van kleinkinders by grootouers.

Volgens Edwards & Benson (2010:56) word vier primêre redes geassosieer met die vorming van grootouergeleide huishoudings, te wete dwelmmisbruik, egskeiding, sterftes en verlating. Dit word soos volg belig:

Eerstens verhoog die onwettige gebruik van dwelms onder ouers en die regering se sosiale dienste het die kinders in die sorg van grootouers geplaas (Edwards & Benson, 2010:56). Navorsing oor die aard en omvang van middelmisbruik en verwante probleme in Suid-Afrika dui aan dat dit 'n komplekse fenomeen is: dat die fisiososiale klimaat in Suid-Afrika redelik bevorderlik is vir beide gebruik, misbruik en wangebruik van middels; dat 'n aantal risikofaktore en omstandighede bydra tot die middelprobleem en dat dit skyn asof daar 'n vermeerdering in die voorkoms van middelverwante gebruik en probleme is (Bezuidenhout, 2008:131). Verslawing aan spesifieke soorte dwelms is besig om toe te neem, want mense word fisiologies en psigologies afhanklik daarvan. Sommige persone mag tekens van onrustigheid en insomnie toon terwyl ander simptome van depressie toon. Die fisiologiese reaksie kan so ernstig wees dat dit die dood van 'n individu kan meebring (Bezuidenhout, 2008:132). Gepaardgaande met die verskeie psigologiese effekte van middelverslawing op die individu, ondergaan die persoon ook persoonlikheids- en gedragsveranderinge. Die individue vertoon gedrag soos swak maniere, aggressiwiteit, kompulsiwiteit en fobies. Hierdie gedrag beïnvloed die persoon se verhoudinge in die werkomgewing (Bezuidenhout, 2008:139). Die situasie bring mee dat kinders van verslaafdes in die sorg van die grootouers geplaas word. Verdere redes sluit die volgende in:

Tweedens moet ongeveer een miljoen kinders jaarliks die egskeiding van hul ouers deurleef en in die sorg van 'n familieverwant geplaas word, dikwels die grootouers (Edwards &

Benson, 2010:56). In die geval van egskeiding is dit moontlik die waarheid dat in baie gevalle die onstabiliteit in die tuiste 'n steurende effek op die kinders uitoefen, maar dit is vergete na die egskeiding. Dit is nodig vir die sosialisasie en volledige ontwikkeling van die kinders dat hul beide 'n moeder en 'n vader moet hê (Bezuidenhout, 2008:31). Die afwesigheid van een van die ouers, wanneer dit die resultaat van 'n egskeiding is, veroorsaak dat 'n kind onseker voel. Volgens Bezuidenhout (2008:32) dui studies van Aseltine (1996) en andere aan dat kinders waarskynlik laer akademiese grade bereik, negatiewe gevoelens toon wat met 'n verlaagde selfbeeld geassosieer en boonop mag hul dit moeilik vind om sosiaal te reageer indien hul ouers voortgaan om te verskil nadat hul geskei is (Bezuidenhout, 2008:32). Dit is onder die omstandighede waar grootouers die ouerrol 'n tweede keer moet vertolk. Die grootouerrol word ook vertolk waar die dood ingetree het.

Derdens lei die dood van ouers as gevolg van ongelukke of siektes daartoe dat baie kinders in die sorg van hul grootouers geplaas word (Edwards en Benson, 2010:56). Een van die sleutelstrategieë wat in Suid-Afrika identifiseer is om na Vigswesies om te sien, is die uitgebreide familie. Bezuidenhout (2008:237) beveel aan dat alle redelike pogings aangewend moet word om bloedverwante op te spoor by wie sulke wesies geplaas kan word. Grootouerplasing is een so 'n opsie van bloedverwante sorg. Dood is egter nie al wat lei tot die plasing van kleinkinders by grootouers nie, maar ook nuwe lewe.

In die vierde plek lei adolessente-voorhuwelikse seks dikwels tot swangerskap en kindergeboorte wat daartoe lei dat grootouers dikwels die rol van surrogaatouers moet inneem omdat die tieners onbevoegd is om die verantwoordelikheid te hanteer (Edwards en Benson, 2010:56). Tienerswangerskappe bereik epidemiese afmetings in Afrika sowel as in die Verenigde State van Amerika. Dit word geskat dat ongeveer een miljoen tieners elke jaar swanger raak – ongeveer 30 000 van hul voor die ouderdom van 15 jaar (Bezuidenhout, 2008:39). Hierdie data verskil in die Edwards en Benson-studie (2010:56) wat 'n 2007-statistiekaanduiding gee dat oor 'n half miljoen kinders buite-egtelik vir adolessente ouers gebore word. Bewyse toon dat die ouers van swanger tieners neig om strenger met hul kind te word, veral indien hul glo dat iets verkeerd is in die grootmaak van hul kinders (Bezuidenhout, 2008:49). Konflik oor die situasie in die grootouergeleide huishouding lei daartoe dat tieners gedragsafwykings toon en selfs vanaf die ouerhuis weghardloop. Die kleinkind word dan die verantwoordelikheid van die grootouers soos Worrall (2009:8) aandui: "Dit is ook heel waarskynlik die grootouers wat die rol moet inneem". Hierdie historiese redes het mettertyd, volgens Edwards en Benson (2010), vermeerder.

Vier verdere redes word deesdae met die formasie van die grootouergeleide families assosieer naamlik tienerswangerskap, ouerlike gevangenis, militêre ontplooiing en

siektes (Edwards en Benson, 2010:56). In die lig van hierdie agt “D’s (divorce, desertion, drugs, death, delivery, detention, deployment, disease), volgens Edwards en Benson (2010:56), ontluik baie pleeggrootouer-families as ‘n resultaat van negatiewe lewenskewessies. Huislike omstandighede verskil egter daarom verskil die rolle van elke grootouer(s) ook van huishouding tot huishouding.

2.2.2 Profiel van grootouer(s)

In hierdie profiel van die grootouer(s) word na die ouderdomme, geslag, leefstyl as gevolg van inkomste en tydsbesteding van grootouers aan kleinkinders verwys. Die meeste navorsing verwys na grootouers in gedeeltelike of versorgingsrolle of na grootouers met hoë ouderdomme of na grootouergroepede wat van spesiale bystandprogramme gebruik maak (Beale, 2003:316). Die profiel van die gemiddelde grootouer is vandag taamlik anders as bogenoemde voormalige stereotipe (Beale, 2003:316).

Die rede vir die veranderde profiel van die hedendaagse grootouerversorger is dat individue op ‘n vroeëre ouderdom grootouers word en langer leef, beter gesondheid ervaar, redelik ryk is en steeds oor ‘n wederhelf wat lewe, beskik. Die moderne grootouer is dus nie noodwendig ‘n getroude, sieklike, hoë ouderdom individu wat slegs ‘n gedeeltelike versorgerrol vertolk nie. Volgens Beale (2003:317) se bevinding in die V.S.A is die meeste grootouers getroud en indien hul enkelopend is, is hul vroue en 50% werk steeds (Beale, 2003:317). Grootouers is voorheen gesien as fisiese verswaktes wat uit voeling met huidige leefstyle is en boonop oud-modies is (Beale, 2003:316).

Die bevestiging van hierdie stereotipe-siening ten opsigte van hoë grootoueroouderdomme word deur ‘n studie aan Berkeley (2002:5) met die volgende aanhaling aangedui: “Die mediaan-ouderdom van grootouerversorgers in die Verenigde State van Amerika is 59.5 en meer as die helfte is 60 en hoër”. Drie jaar na Beale (2003) dui Justis (2006:11) aan dat in die Amerikaanse staat van Indiana 26% van die grootmoederversorgers 60 jaar en ouer is. Edwards en Taub (2009:163) daarenteen dui aan dat dit meer waarskynlik is dat jonger grootouers meer energie het om betrokke te raak in tipiese ouerlike aktiwiteite. Addisioneel mag hul ook meer bewus wees van kontemporêre kultuur en is daarom beter in staat om probleme wat met geslagtelike verskille gepaard gaan, te modereer.

Om hierdie verskille tussen jonger en ouer grootouers te beklemtoon, wys die navorsers daarop dat pleeg-grootouers wat jonger as 50 jaar is meer uitdagings mag ervaar om kleinkinders groot te maak as ouer pleeg-grootouers. Hierdie stelling word verder deur die navorsers ondersteun deurdat hul noem dat die kleinkinders onder ouer grootmoedersorg akademies beter vaar as die wat deur jonger grootmoeders grootgemaak word. Die

navorsers veronderstel dat jonger grootmoeders mag moontlik roltydsberekening ervaar te wyte aan die vroeë toetrede tot die grootouerrol en minder geneig wees om die nodige opvoedkundige en emosionele ondersteuning aan die kleinkinders te voorsien (Edwards en Taub, 2009:163). Die gevallestudie verskaf inligting wat die deursnee-ouderdom van die steekproef se grootouers is.

In die Casper-studie (1998:8) word aangedui dat in 1997 in 17% van die 6,7% grootouergerleide Amerikaanse families beide die grootouers aanwesig is met geen ouers teenwoordig nie, 6% met slegs die grootvader teenwoordig en 14% met slegs die grootmoeder aanwesig. Ruiz (1999:1) dui in haar studie aan dat die grootmoeder as primêre versorger van kleinkinders en agterkleinkinders vinnig in die Amerikaanse samelewing, veral in intergeslagtelike Afro-Amerikaanse families, aan die toeneem is. Richardson (2006:1) bevestig dat die versorgerrol van kleinkinders in die stedelike gebiede, op die grootouers, veral die grootmoeders val. Wanneer hul grootouers nie kleinkinders grootmaak nie, is die neiging dat grootmoeders meer betrokke by die vlak van versorging as grootvaders is. In 'n studie van Afro-Amerikaanse grootmoederversorgers waarvan die meeste in lae-inkomste buurte in Oakland woon, het oor die 50% hulself beskryf as mense wat finansiële "swak doen" (Berkeley, 2002:11). Ruiz (1999) en Richardson (2006) se studies fokus beide op die Afro-Amerikaanse samelewing.

Daarenteen dui die studie aan Berkeley (2002:5) aan dat 'n tipiese grootouer wat 'n kleinkind grootmaak, 'n wit getroude vrou is wat beskeie, maar bo die broodlyn leef. In hierdie studie aan Berkeley (2002:5) word genoem dat eeffe minder as driekwart van die grootouerversorgers in Kalifornië getroud is, twee-derdes vroue is, steeds werk en 'n substansiële aantal (16%) arm is.

Richardson (2009:3) beweer dat grootouers nie net hul kleinkinders moet grootmaak nie, maar dat hul ook vir die leefstyl van hul volwasse kinders moet betaal. Om die primêre versorger van kleinkinders te word, vererger dikwels verder reeds bestaande moeilike ekonomiese omstandighede (Berkeley, 2009:11). Die Berkeley-studie (2002) bevind in die Verenigde State van Amerika dat in Kalifornië 16% van grootouers wat kleinkinders grootmaak in armoede leef, in San Francisco 21% arm is en in Tulare 34% onder die broodlyn leef. Casper (1998) beweer dat armoede en familie-inkomste eerder familie-karaktertrekke is as individuele karaktertrekke. Dit beteken dat mense as arm of nie-arm gedefinieer word op grond van die ekonomiese status waarin hul leef (Casper, 1998:5).

Beale (2003:317) dui aan dat meer van die ouer grootouers wat hul kleinkinders grootmaak, eerder behoeftig as finansiële onderhoudend is. Bydraend tot hierdie finansiële ellende van

die grootouers is die feite dat die grootouers hul werksure reduseer, vroeg uitdiens tree, nuwe loopbaangeleenthede uitstel en hul spaargeld spandeer om die addisionele uitgawes van hul kleinkinders te dek. Uitgawes vir gesondheidsorg vir hulself en hul kleinkinders is ook verhoog. Boonop leef twee keer meer van die grootouer geleide huishoudings onder die broodlyn wanneer vergelyk word met die totale bejaarde populasie.

Negatiewe invloede soos geldelike tekorte en beperkte tyd wat die grootouers raak, werk negatief op die huislike omstandighede van die kleinkinders wat heel moontlik negatief op die skoolomgewing van die kleinkind inwerk. In hierdie studie van Beale (2003) word geprojekteer dat 20% van die Amerikaanse bevolking teen 2030 grootouers sal reflekteer wat terselfdertyd hul kleinkinders sowel as hul ouerwordende grootouers sal versorg - na hul word verwys as die tussenganger-generasie. Die grootouers wat tussen 66-84 jaar oud is, word die tussenganger-generasie ("sandwich generation") genoem, want hul moet hul kleinkinders en terselfdertyd ook hul ouerwordende ouers of grootouers versorg. Dit lei daartoe dat die tyd verminder word wat hul kan gebruik om hul skoolgaande kleinkinders te help met skoolwerk (Beale, 2003:317). Die situasie beïnvloed die kleinkinders se skoolwerk, want die hoeveelheid tyd wat die grootouers gebruik om die kleinkind met skoolwerk te ondersteun, verminder.

Hierdie tussenganger-generasie-grootouers ("sandwich generation grandparents") het egter ook ligpunte - hul is waardevol as surrogaatouers, hulle is voortdraers van die familieverbintnisse en is oordraers van kultuur wat waardevolle bronne van inligting vir skole kan wees (Beale, 2003 :318).

Oorsigtelik skyn dit, volgens die literatuur, dat hierdie oorheersend grootmoedergeleide huishoudings, die gepaardgaande geldelike druk en die behoefte aan ondersteuning en die onbenydenswaardige posisie van die grootouer wat tussen twee geslagte 'n rol moet vertolk, minder positiewe en meer negatiewe gevolge op akademiese gebied vir die grootmaakkleinkind inhou.

2.2.3 Rolle van die grootouers

Grootouers is dikwels die steunpilaar en beproefde steun vir families. Hul ondersteuning, stabiliteit, finansies, wysheid en teenwoordigheid maak 'n verskil in die lewe van hul volwasse kinders en kleinkinders (Robinson. 2009:3). Die studie aan Berkeley (2002 :5) dui aan dat grootouerrolle en die duur van intergeslagtelike verblyf volgens ras, klas, streek en ander faktore verskil (Berkeley, 2002:5).

Grootouers wat as primêre versorger optree, moet die ouerrol 'n tweede keer in hul lewe vertolk. 'n Primêre versorger is iemand wat verantwoordelik is om in 'n kind se basiese behoeftes te voorsien. Die behoeftes sluit in behuising, voedsel, klere en mediese sorg. Alhoewel grootouers wat kleinkinders grootmaak nie 'n nuwigheid is nie, is hul rol as primêre versorgers 'n nuwe tendens, volgens Bailey (2012:1), met verwysing na die Verenigde State van Amerika. Ongeveer 6.7 miljoen kinders lewe in huishoudings waarin die grootouers of ander familieledede aan die hoof is.

Die studie van Worrall (2009:42) toon dat kinders in grootouersorg se opvoedkundige vordering as uitstekend gerapporteer word in gevalle waar die ouer gesterf het. Indien die kind as gevolg van gevangenskap in grootouersorg geplaas is, word die opvoedkundige vordering as swak rapporteer. Hierdie bevinding dui daarop dat die rede vir die plasing by die grootouer dus ook 'n bepalende faktor is oor hoe die kleinkind in die akademie en gedrag beïnvloed word. Fogarty (2007:2) se bevinding is dat selfs swangerskapdepressie as 'n risiko-faktor by kinders klassifiseer kan word, maar in dieselfde studie word getoon dat 'n kind se verhouding met die grootouers 'n bron van beskerming of 'n beskermende faktor vir die kleinkind is as gevolg van bewustheid van emosionele gehegtheid met die grootouer(s), die gereelde kontak met die grootouer en die mening dat hul grootouer(s) 'n bron van sosiale ondersteuning is. Die grootouer se geroepenheid om die ouerrol 'n tweede keer te vertolk, die finansiële stand van die grootouerhuishouding en die ondersteuningsmilieu waarteen die kleinkind grootgemaak word, is dus bepalende faktore vir die gedrag en akademiese funksionering van die kleinkind.

Grootouers spandeer verskillende hoeveelhede tyd en bronne in hul verhouding met hul kleinkinders (Beale, 2003:318). Primêre versorgerrolle word in die Beale-studie (2003:318) in hoofsaaklik vier kategorieë opverdeel naamlik vrywillige versorging, gedwonge versorging, deelydse versorging en beperkte kontak. Beperkte kontak word bepaal na aanleiding van die mate van betrokkenheid van die grootouer in die kleinkind se lewe. Die versorging is 'n informele reëling of wettige sorg of voogdyskap.

Vrywillige versorgers is diegene wat verkies om hul kleinkinders groot te maak of op te pas in soverre dat hul die rol van ouer deelydse op die meeste dae vertolk (Beale, 2003:319). Grootouers wat vrywillige versorgingspligte teenoor hul kleinkinders uitvoer, beskik nie oor wettige toesighouding nie. In hierdie ouerrol ervaar die groep grootouers probleme by die skool, want om 'n kind (by die skool) in te skryf, skoolrekords te besigtig, deel te neem aan vergaderings en ander skoolverwante aktiwiteite, vereis wettige toesighouding oor die kind(ers). Werkende grootouers ervaar boonop die probleem dat hul werkgewers nie vir hul verlof gee om skole te besoek nie - dit laat die grootouer ongemaklik voel in die rol van ouer

vir 'n tweede keer (Beale, 2003:319). Hierdie genoemde beperkinge onder vrywillige grootouerversorging het 'n negatiewe impak op die akademiese funksionering van die kleinkind.

Grootouers word onwillige of gedwonge primêre versorgers as gevolg van redes soos swangerskap, emosionele probleme, egskeiding of hertroues, afsterwe van ouers, dwelmmisbruik, mishandeling, nalatigheid en onbekwaamheid (Beale, 2003:319). 'n Rede tot plasing soos MIV/VIGS lei daartoe dat grootouers vrywillig as gevolg van die familiêre band na die kleinkinders wil omsien, maar in ander gevalle is daar die grootouers wat gedwonge voel om die primêre versorger te word. Deelname aan die kleinkind se opvoedkundige program en die prosedure van evaluasie, identifikasie, plasing en vordering kan intimiderend en verwarrend vir grootouers wees (Beale, 2003:320). Hierdie oningeligtheid van die grootouerrol ten opsigte van kleinkindgrootmaak waarmee sommige onwillige grootouers worstel, lei tot 'n negatiewe invloed op die akademiese funksionering en gedrag van hul kleinkinders.

Grootouers wat gedeeltelike versorgingsrolle vertolk, mag moontlik 'n aktiewe belangstelling toon in skoolfunksies waarby hul kleinkinders betrokke is. Hierdie deelydse rolle sluit onder andere die volgende in: toesighouding tydens tuiswerktyd, voorsiening van etes vir die kleinkind(ers) en om as kontakpersoon tussen die skool en die huis op te tree. Alhoewel die groep grootouers se bedoelings goed is, is by hulle 'n behoefte aan hulp om te verstaan hoe om ten beste met die skool te kommunikeer (Reynolds, 2003:318). Hierdie deelydse versorgingsrolle van die grootouers mag laasgenoemde geïntimideerd laat voel wanneer hul hedendaagse opvoedingstyle met hul skooljare vergelyk. Die groep grootouers behoort baat te vind by werkswinkels, inligtingbronne en naskoolse programme sodat hul gedeeltelike rolle beter kan verstaan ten opsigte van hul kleinkinders se akademiese gedrag (Reynolds, 2003:319).

Fogarty (2007:1) se bevinding is dat, behalwe die invloed van grootouers op hul grootmaakkleinkinders, soos akademiese sukses en die kinders se fisiologiese welstand, die grootouers selfs die kleinkinders affekteer al lewe die grootouer en kleinkind nie onder een dak nie. Hierdie bevinding beklemtoon die belangrikheid van grootouerrolle in hul kleinkinders se ontwikkeling. Die gevallestudie is slegs gefokus op kleinkinders wat onder dieselfde dak slaap as die grootouers wat hul grootmaak. Bogenoemde literatuur dui daarop dat, alhoewel die grootouers verskillende rolle vertolk daar tog ooreenstemmende karaktertrekke van die grootouers as primêre versorgers is.

Met betrekking tot grootouerteenwoordigheid toon literatuur uit die Oosterse kultuur dat die grootouers se teenwoordigheid 'n positiewe uitwerking op die kleinkind se akademiese prestasie het. Dit is belangrik om daarop te let dat die grootouers in Japan, volgens Nakamura (2011) se studie by die kleinkinders “woon” en nie die kleinkinders by die grootouers nie. Die grootouers woon dus by hul eie biologiese kinders in huishoudings wat hul kleinkinders insluit. In die Kuan-studie (2001) in Taiwan word erken dat die bevinding-analises toon dat, kinders wat deur ouer grootmoeders (ouma's) grootgemaak is, akademies beter funksioneer as kinders wat deur jonger grootmoeders grootgemaak is. Die teenwoordigheid van die grootouer(s) speel dus 'n rol in die akademiese prestasie van die kleinkinders in die huishouding. Dit is waarom die ouderdom van die grootouer(s) deel is van die gevallestudie- instrumente.

Die bevindinge in die Kuanstudie (2007:3) toon dat om met grootouers te woon, 'n addisionele voordeel vir die graad sewe - leerder inhou. In die lig van die Kuanstudie (2007) in Taiwan en die Nakamura (2011) in Japan skyn dit dat grootouers wat by die kleinkinders in die Oosterse kultuur inwoon 'n positiewe effek op die skolastiese prestasie van die kleinkinders uitoefen. Die teenwoordigheid van grootouers toon 'n sterk positiewe effek op skolastiese prestasie van studente in Japan (Nakamura, 2011:99). Die grootouers mag in so 'n situasie aan hul kleinkind ondersteuning bied of toesig hou terwyl tuiswerk gedoen word. Alhoewel die aanwesigheid van grootouers wat by hul kleinkinders woon 'n deurslaggewende rol in student-skolastiese prestasie speel, is hierdie teenwoordigheid besig om te verminder in Japanese huishoudings as gevolg van die toename in die aantal kerngesinne.

2.2.4 ONDERSTEUNING AAN DIE GROOTOUERS

Richardson (2003:3) beweer dat grootouers as 'n gewaardeerde bron dikwels onder druk is en emosionele verwarring ervaar te wyte aan hul terugkeer na ouerlike pligte. Daarom vereis die situasie meer aandag van regeringstrukture en maatskaplike dienste.

Om die opvoedkundige rol as een van die grootouerrolle te vertolk, dui 30% van die grootouers in die Worrallstudie (2009:42) in Nieu Seeland aan dat hul opvoedkundige bystand van die skool ontvang. Nog 22% ontvang van Spesiale Opvoedkundige Dienste (SOS'e) ondersteuning, 19% beskik oor 'n onderwyserhulp, 14% betaal vir private onderrig en 11,2% dui aan dat hul kleinkind in 'n spesiale klas is. Sommige grootouers is self oud-onderwysers en verseker dat die kinders al die hulp ontvang wat hul kan verleen. Hiervan kan afgelei word dat ouer-, grootouer- en pleegouerondersteuning 'n beduidende verskil kan maak in die prestasie van kinders.

Richardson (2003:3) dui aan dat dit nie bekend is of kleinkind se gedragsprobleme 'n resultaat van spanning in die gesin van herkoms is nie en of dit 'n resultaat van die huidige leefsituasie met hul grootouers is nie.

Die scenario dat die kleinkind in die teenwoordigheid van die grootouer grootword, lei daartoe dat die grootouer(s) 'n invloed uitoefen op die kleinkind se akademie en gedrag.

2.3 KLEINKINDERS

2.3.1 Invloed van plasing op kleinkinders

Die invloed wat die grootouerrol op die akademiese bereiking en die kleinkind se gedrag het, word bepaal deur die sameloop van 'n hele aantal faktore en is nie alleenlik die gevolg van een faktor in die grootouergeleide huishoudingsscenario nie.

Hierdie sameloop van faktore word bevestig deur Worrall (2009: 42) se bevinding dat opvoedkundige vordering nie as 'n enkelfaktor geïnterpreteer kan word nie, maar afhang van baie ander veranderlikes soos gesondheid; gestremdheid en die intellektuele status van die kind; die vlak van mishandelingstrauma; stabiliteit en die lengte van die plasingstydperk, versorgerbetrokkenheid in die skool en die vermoë om die kind te ondersteun in sy/haar studies. In die studie is die primêre versorger die grootouer. Beide die kind en die grootouer word dus deur die genoemde faktore geraak wat uitdagings aan beide partye bied.

Volgens Worrall (2009:41) toon vroeëre navorsing dat kinders in familiesorg meer ernstige skoolprestasie-moeilikhede ervaar in vergelyking met hul ouderdomsgroep wat nie in die versorgingsstelsel is nie.

Die wyse waarop die grootouers die kleinkind tuis grootmaak is betekenisvol vir die onderwyser, want Reynolds et al. (2003: 316) se bevinding is dat die sukses van kinders in die skool van die skoolomgewing sowel as die tuisomgewing afhang. Die akademiese vordering en die kleinkind se gedrag word dus geaffekteer deur die manier hoe die grootouerrol vertolk word. Skooladministrateurs, onderwysers en voorligters kommunikeer met families van kinders om verskeie redes en dikwels is die kontakpunt 'n grootouer. Hierdie stelling bevestig Edwards (1998) se bevinding dat grootouers wat hul kleinkinders grootmaak, beduidend die ontwikkeling van hul kleinkind in die skoolomgewing beïnvloed. Die stelling bevestig die noodsaaklikheid waarom die akademiese ingesteldheid van die kleinkind en die skoolomgewing ondersoek word.

Navorsers van 'n studie in Japan (Nakamura, 2011) gaan van die veronderstelling uit dat beide huis- en die skoolomgewing skolastiese prestasie bepaal en dat die twee mekaar

aanvul. Dit is bevind dat hierdie teenwoordigheid van grootouers positief is in die sin dat die grootouers toesig kan hou en ondersteuning bied tydens die doen van skooltuiswerk deur hul kleinkinders. Die teenwoordigheid van die grootouers in die kleinkind se lewe vereis natuurlik ondersteuning ten opsigte van die akademie wat dus uitdagings vir die grootouers bied. Die huisomgewing is bepaal deur die gesinsinkomste, die persentasie van die steekproef wat kollege voltooi het, die persentasie van huishoudings met familielede van 65 en ouer asook deur die aantal kolleges en universiteite per 100,000 persone, in ag te neem.

Ek stem saam met die literatuur wat aandui dat die tuis - en die skoolomgewing aanvullend tot mekaar moet wees deurdat die rolspelers, te wete die grootouers, skooladministrateurs, onderwysers en sosiale dienste toegang tot genoegsame inligting kan verkry wat tot voordeel van die opvoeding van die kleinkinders aangewend kan word sodat die kleinkinders hul regmatige plekke in die volwasse samelewing effektief kan volstaan. Die vorming van goeie vertikale en horisontale verhoudinge tussen die grootouer en die kleinkind wat deur hom/haar grootgemaak word en horisontale verhoudinge van die kleinkind met sy/haar portuurgroep, speel 'n noemenswaardige rol in die akademiese werkverrigting en gedrag van die kleinkind. Die studie het ten doel om in die behoefte aan meer inligting oor grootouerrolle se invloed in hul kleinkinders se tuis-en-skoolomgewing, veral in die Suid-Afrikaanse opset, te voorsien. Informasie oor die uitdagings, soos kognitiewe en emosionele agterstande en die hantering daarvan, is van waarde vir alle rolspelers.

Dannison en Smith (2003:92) dui aan dat kleinkinders in hul studie meer kognitief en emosioneel vertraag is as wat verwag is. Onderwysers moet vinnig op individue ingestel wees sodat die kinders se gedragslyne erken kan word.

2.3.1.1 Kognitief

Papalia en Olds (1992:556) dui aan dat kognitiewe ontwikkeling veranderinge in die denkprosesse is wat 'n groeiende vermoë tot gevolg het om kennis te verwerf en te gebruik. Piaget (1992:22) dui aan dat daar kwalitatiewe veranderinge is wat in 'n reeks van vier vlakke tussen kinderjare en adolessensie ontwikkel. Die persoon is 'n aktiewe inisieerder van ontwikkeling. Piaget (1992:32-33) glo dat die kern van intelligensie-gedrag 'n ingebore neiging is wat mense by hul omgewing laat inpas. Mense se kognitiewe strukture vorder van eenvoudige gedragskemas van kleinkindjare tot die formele logika van adolessensie deur middel van drie verbandhoudende beginsels van ontwikkeling wat Piaget funksionele onveranderlikes noem, want dit opereer in al die vlakke van kognitiewe groei. Die drie beginsels is organisasie, aanpasbaarheid en ewewigtigheid. Kognitiewe organisasie is 'n tendens om sisteme te skep wat 'n persoon se kennis van sy/haar omgewing alles bymekaarbring. In alle vlakke van ontwikkeling probeer mense sin van die wêreld maak.

Aanpasbaarheid is Piaget se term van hoe die persoon met nuwe informasie omgaan. Dit kom voor deur middel van die tweestrydige prosesse van assimilasie en akkomodasie van nuwe informasie. Assimilasie is die poging om nuwe inligting in 'n bestaande struktuur in te pas. Akkomodasie is die verandering in 'n bestaande kognitiewe struktuur om die nuwe informasie of situasie te hanteer. Ewewigtigheid is 'n tendens om te strewe na 'n toestand van verstandelike balans, in beide die persoon en die wêreld om hom en die kognitiewe elemente binne die persoon. Wanneer kinders nie die nuwe ervaringe kan hanteer nie, organiseer hulle nuwe verstandelike patrone en herstel 'n toestand van verstandelike balans.

Edwards (1998:175) dui aan dat kinders wat deur grootouers grootgemaak word, neig om gedrags-, emosionele en akademiese probleme in die skool te manifesteer. Piaget (1992:7) argumenteer dat tydens die ouderdomstydperk vanaf 12-20 jaar, waaronder die steekproefleeders ressorteer, van die belangrikse ontwikkelinge is dat "kognitiewe aanwinste die vermoë verbeter om voordeel te trek uit formele opvoeding, fisiese veranderinge vinnig en diepsinnig is, reprodutiewe volwassenheid bereik word, 'n soeke na identiteit word sentraal, die vermoë om abstrak te dink en wetenskaplik te redeneer ontwikkel, adolessente egosentriese gedrag kom voor, die portuurgroepe help om die selfkonsep te ontwikkel en te toets asook dat die verhoudinge met die ouers goed is. Skolastiese funksionering in die gevallestudie dui op die intellektuele werkverrigting van die leerders. Bogenoemde ontwikkelinge druis in teen sekere navorsingsbevindinge. Die bevindinge in die studie van Edwards (1998:175) toon dat baie kinders in grootouerfamilies en grootouersorg swak kognitiewe-, - lees- en - wiskunde-vaardighede toon. In dieselfde studie (Edwards, 1998:175) is bevind dat meer as 30% van die kleinkinders leergestremdhede, verstandelike vertraagdheid en emosionele versteurings ervaar wat hul skoolfunksionering negatief beïnvloed. Daar is ook 'n hoë graad van graadmislukkings onder kinders in grootouerfamilies en grootouersorg.

Volgens Edwards (2006:4) is die mees betekenisvolle skoolverwante probleme wat kleinkinders ervaar wat deur hul grootouers grootgemaak word, akademies van aard. Edwards (2006:115) dui in 'n studie waarin van 'n steekproef van lae-inkomste-familiegroepe gebruik gemaak word aan dat kinders wat deur familieledede grootgemaak word laer akademiese tellings vertoon wanneer dit met soortgelyke portuurgroepe vergelyk word - dit is 'n verwysing na die situasie in die Verenigde State van Amerika. Die aanname word in die Edwards en Shannon-studie (2008:125-138) herhaal waarin hul deurgee dat alhoewel plasing van kleinkinders by hul grootouers die beste opsie is, suggereer navorsing dat die kinders moeilike skoolfunksionering soos gedrags-, emosionele- en akademiese probleme ervaar. Ek gaan van die veronderstelling uit dat die algemene bevinding in die Westerse

literatuur toon dat die grootouerrolle 'n negatiewe invloed op die akademiese funksionering en gedrag van die kleinkinders wat hul grootmaak het, veral in die Westerse wêreld.

Richardson (2009:4) dui in sy studie aan dat kinders wat in grootouersorg geplaas word 'n voortslepende rou, verlies, 'n gevoel van verwerping, vrees, kwaadheid, onsekerheid en pyn ervaar. Die kinders ervaar ook swakker gesondheid as kinders met twee biologiese ouers (Richardson, 2009:4). Dit is ook vier keer meer waarskynlik dat die kinders gedragsprobleme, angs en depressie ondervind en hulle geestelike berading vereis. Die kinders mag die gevoelens oor die afwesige ouer aan die nuwe versorgers openbaar. Genoemde emosies veroorsaak dat kinders probleme ondervind om by hul omgewing aan te pas, reëls verontagsaam en vriende verloor. Afhangende van hul ouderdom mag hul moeilikheid op skool ondervind, met dwelms eksperimenteer, betrokke raak by voorhuwelikse seks en na huis- of -skoolstokkiesdraai beweeg. Hierdie grootouer-grootmaakkinders word sosiaal gestereotipeer en geterg omdat hul "ouers" so oud is (Richardson, 2009:4).

Ten spyte daarvan dat die akademiese prestasie van leerders nooit deur 'n enkelfaktor beïnvloed kan word nie, vloei sommige faktore tog vanaf die huis waarin hul grootgemaak word (Gasa, 2012:203). Die meeste van die faktore is op fundamentele wyse verbind tot die probleem van swak akademiese prestasie van tieners in Suid - Afrikaanse skole wat op sigself 'n betekenisvolle kwesbaarheidsfaktor vir grootouers en tienerleerders is. Die invloed van grootouerrolle, volgens bevindinge in genoemde studies in die Westerse wêreld op die kleinkind se akademiese funksionering en gedrag, is dus negatief.

Ten spyte daarvan dat die negatiewe invloed op kleinkinders wat deur grootouers grootgemaak word skynbaar oorheersend is, is daar tog, volgens die literatuur, positiewe gevolge van die grootouerrol wat 'n tweede keer vertolk moet word. Jack (2007: 1) noem in haar studie dat 'n groeiende hoeveelheid navorsing toon dat kinders wat by hul familie geplaas word beter vaar as diegene wat by nie-familielede geplaas word. Hierdie studie van Jack (2007) is in die Verenigde State van Amerika uitgevoer.

2.3.1.2 Gedrag

Navorsingsdata oor die aktuele voorkoms van gedragsprobleme by kleinkinders wat deur grootouers grootgemaak word, is volgens Carlini-Martlatt (2005:10) beperk en gemeng.

Volgens die Worrall- studie (2005:41) in Nieu-Seeland is bevind dat kinders in grootouersorg minder die moontlikheid toon om van skool te verwissel as dié onder vreemde toesig. Beide

die onderwysers en versorgers neig om saam te stem dat kinders in grootouersorg minder gedragsprobleme openbaar as hul portuurgroep in ander tipe uit-die-tuiste-plasings.

Die twee empiriese studies wat in die literatuur beskikbaar is wat eksklusief oor kinders is wat deur grootouers grootgemaak word, beweer dat hierdie kinders soortgelyk funksioneer soos kinders wat in ander alternatiewe familie-strukture grootgemaak word (Edwards, 2006:4). In die vroeëre studie is bevind dat die kleinkinders beter fisiese gesondheid en minder gedragsprobleme ervaar as kinders wat net by een biologiese ouer woon. Die seuns wat deur grootouers grootgemaak word, ervaar meer gedragsprobleme as dogters. Die seuns toon gedragsafwykings en konflikte tuis en in die skool.

Worrall (2009:34) verwys na 'n verslag in 2005 in Nieu-Seeland waarin rapporteer is dat 67% van die kleinkinders in grootouersorg eerder fisiese of fisiologiese gedragsprobleme ervaar. Die probleme volgens die verslag, sluit in outisme, hegheidsvorming, ernstige aggressiewe gedrag, vrees om alleen gelaat te word (gehegheidsafwyking) en ongemotiveerdheid, leer- en gedragsprobleme in wat gekoppel is aan Sotos-sindroom en Fetale alkohol-effekte, bipolêre afwyking en angstigheid. Grootouers in hul sestigerjare moes meer kleinkinders met gediagnoseerde fisiologiese/gedragsprobleme versorg. Volgens die verslag is die rede daarvoor dat ouer grootouers meer waarskynlik vir ouer kinders moes sorg en dat ouer kinders waarskynlik meer fisiologiese/gedragsprobleme toon (Worrall, 2009:35). Fisiologiese of gedragsprobleme kom die algemeenste voor waar kindermolestering (69%), verwaarlosing, huisgeweld, verwerping of verstandelike siektes die redes is om kinders onder sorg te plaas (Worrall, 2009:36). Kindermolestering, verwaarlosing en huisgeweld is in die gevallestudie as redes gebruik waarom die huislike omstandighede van die grootouers ondersoek moet word, want dit kan 'n moontlike effek op die kleinkinders se akademiese funksionering en veral gedrag hê. Fogarty (2007) dui aan dat wanneer kinders hoë risiko situasies soos armoede en verstandelik- siek ouers ervaar, die grootouers 'n verskil kan maak deur die kind se ontwikkeling positief te beïnvloed (Fogarty, 2007:1). In 'n studie oor ondersteuningsprogramme dui Dannison en Smith (2003:92) aan dat algemene vrae wat grootouers tydens sessies vra, versoeke vir bronaanbevelings, dissiplinêre tegnieke, skoolreëlins en ontspanningsopsies insluit (Dannison en Smith, 2003:92). Kognitiewe ontwikkeling en gedrag van kleinkinders word beïnvloed deur die omstandighede tuis daarom moet noue kontak tussen grootouerhuis en die skool opgebou word.

Skool-en-tuiste-leefwyses is duidelik verweef soos duidelik blyk uit Mitchell (2008:129): Die ondersteuning wat 'n kind in 'n huis ontvang, beïnvloed oor hoe hulle leer en ontwikkel. Vir onderwysers mag grootouers 'n eerste of ten minste 'n betekenisvolle kontakpunt met die kind se huislike lewe wees deurdad die grootouer as primêre versorger belangrike inligting

oor die huidige huissituasie en leer van die kind kan verskaf (Mitchell, 2008:129). 'n Primêre versorger is iemand wat verantwoordelik is om 'n kind se basiese behoeftes te bevredig. Dit sluit behuising, voedsel, klere en mediese sorg in (Bailey, 2012:1) Positiewe ondersteuning deur grootouers op hierdie genoemde gebiede is van kardinale belang vir positiewe ingesteldheid by kleinkinders oor hul akademiese werkverrigting en positiewe gedrag. Bailey (2012:1) verwys ook na die feit dat hierdie grootouer-versorger die rol van ouerskap vir 'n tweede keer moet toepas. Dit bied uitdagings aan die grootouers wat moontlik uit voeling kan wees met wat in vandag se skole gebeur. Die bevinding ondersteun waarom die omstandighede by die grootouerwoning in die studie ondersoek is.

Die wyse waarop die grootouers die kleinkind tuis grootmaak, is betekenisvol vir die onderwyser, want Reynolds (2003: 316)) vind dat die sukses van kinders in die skool van die skoolomgewing sowel as die tuisomgewing afhang. Die akademiese vordering en die kleinkind se gedrag word dus affekteer deur die manier hoe die grootouerrol vertolk word. Skooladministrateurs, onderwysers en voorligters kommunikeer met families van kinders om verskeie redes en dikwels is die kontakpunt 'n grootouer. Hierdie stelling bevestig Edwards (1998) se bevinding in sy studie waarin hy verklaar dat grootouers wat hul kleinkinders grootmaak, beduidend die ontwikkeling van hul kleinkind in die skoolomgewing beïnvloed. Die stelling bevestig waarom die akademiese ingesteldheid van die kleinkind en die skoolomgewing ondersoek moes word.

Navorsers van 'n studie in Japan (Nakamura, 2011) het van die veronderstelling uitgegaan dat beide huis- en die skoolomgewing skolastiese prestasie bepaal en dat die twee mekaar aanvul. Dit is bevind dat hierdie teenwoordigheid van grootouers positief is in die sin dat die grootouers toesig kan hou en ondersteuning kan bied tydens die doen van skooltuiswerk deur hul kleinkinders. Die navorsers in die Nakamura-studie spesifiseer die huisomgewing deur die gesinsinkomste, die persentasie van die bevolking wat kollege voltooi het, die persentasie van huishoudings met familieledes van 65 en ouer asook deur die aantal kolleges en universiteite per 100,000 persone, in ag te neem.

Oosthuizen, Botha, Roos, Rossouw en Smith (2008:18) toon in hul studie, getiteld, "Aspekte van die Opvoedkundige Wet" (2008), dat "leerders geregtig is op 'n versekerde en ordelike omgewing wat bevordelik is vir leer en dat hul voldoende onderrig tot hul beste belang ontvang, maar dat hul terselfdertyd verplig is om getrou te bly aan die norm van behoorlike gedrag". Hierdie behoorlike gedrag word volgens my by die huis van grootword geskep. Grootouers wat hul kleinkinders grootmaak, is verantwoordelik om die basiese beginsels tot hierdie behoorlike gedrag vas te lê wat weer 'n invloed kan uitoefen op hoe die kleinkind op skool presteer. Nieman et al. (2010:85) dui aan dat opvoeders in Suid-Afrika bewus moet

wees van omgewingsafhanklike en omgewings-onafhanklike leerders, want die meeste leerders is omgewingsafhanklik. Dit beteken dat die leerder se omgewing waarin hy of sy deurlopend funksioneer onafhanklike of selfstandige handeling of denke of 'n gebrek daaraan by die kind betekenisvol kan beïnvloed.

Ek gaan van die veronderstelling uit dat verhoudings met die portuurgroep, persoonlike verhouding met die opvoeder en die onderrigverhouding met die opvoeder bepalend is ten opsigte van die leerder se akademiese werkverrigting en gedrag. Die verhoudings met die portuurgroep en verhoudings met volwassenes na aan die kleinkind, is van die aspekte wat vereis dat die hegtheidsteorie ("attachment theory"- Bowlby-1944) waar dit handel oor die vorming van vertikale en horisontale verhoudings van die kind met sy portuurgroep en die volwassenes in sy/haar grootword-omgewing, tydens die studie in aanmerking geneem moet word. Die basiese beginsels van verhoudings met medemens word by die grootouerhuis aangeleer. Die wisselwerking tussen huislike en skoolomstandighede van kinders, hetsy biologiese of kleinkinders, is van kardinale belang vir hul akademiese opvoeding en gedrag.

Ek stem saam met die literatuur wat aandui dat die tuis -en die skoolomgewing aanvullend tot mekaar moet wees deurdat die rolspelers, te wete die grootouers en onderwysers toegang tot genoegsame inligting kan verkry wat tot voordeel van die opvoeding van die kleinkinders aangewend kan word sodat die kleinkinders hul regmatige plekke in die volwasse samelewing effektief kan volstaan. Die vorming van goeie vertikale en horisontale verhoudinge tussen die grootouer en die kleinkind wat deur hom/haar grootgemaak word en horisontale verhoudinge van die kleinkind met sy/haar portuurgroep, speel 'n noemenswaardige rol in die akademiese werkverrigting en gedrag van die kleinkind. Die studie het ten doel om in die behoefte aan meer inligting oor grootouerrolle se invloed in hul kleinkinders se tuis-en-skoolomgewing, veral in die Suid-Afrikaanse opset, te voorsien. Informasie oor die uitdagings is van groot waarde vir all rolspelers.

Solomon en Marx (1995) dui aan dat 86% van kinders in kernfamilies soos deur onderwysers waargeneem, akademies meer suksesvol is as kinders wat deur grootouers grootgemaak word. Leerders van ongeskonde tuis is ook minder geneig om 'n graad te herhaal. Skoolprestasies van kinders wat by hul grootouers woon, verskil nie met daardie kinders wat by een biologiese ouer in enkelouer of gemengde families woon nie. Eersgenoemde toon ook gedragsprobleme (Solomon et al., 1995:389). Ten spyte van die beweringe is daar baie bewyse dat nie alle kinders wat deur grootouers grootgemaak word betekenisvolle moeilikhede ervaar nie. Faktore soos die kind se huidige en vorige omgewing sowel as persoonlikheid en karaktertrekke van die kinders speel 'n rol.

Hislop et al. (2004:12), met verwysing na Jones (1998), Francke (2001), Inglehart (1994), Scannapieco (1997) en Ehrle en Green (2002) maak die volgende stelling in hul studie: Volgens Jones (1998), toon kinders in grootouersorg minder sosiologiese- en uitwendige gedragsafwykings op die Kindergedrag-kontrolelys as kinders in nie-grootouer pleegsorg. Hierdie bevinding word ondersteun deurdat Francke (2001) waarneem dat kinders in grootouersorg minder emosionele- en leergestremdhede vertoon. Kinders in grootouersorg ervaar ook nie dwelm-en-alkoholprobleme nie, of stökkiesdraai nie en begaan ook nie oortredings began nie wanneer hul vergelyk word met kinders in nie-grootouersorg nie (Francke, 2001). Inglehart (1994) en Scannapieco et al (1997) het geen variasie in gedrags-funksionering in beide grootouersorg en nie-grootouersorg waargeneem nie. Ehrle en Green (2002) het tot die slotsom gekom dat kinders in grootouersorg “groter ontberings” deurmaak as diegene in pleegsorg. Hierdie teenstrydige bevindings word aan verskeie faktore toegeskryf wat die karaktertrekke van die betrokke kinders insluit asook die kenmerke van hul huidige en hul eertydse omgewing wat beide hul respons op sulke ervarings beïnvloed. Beskermende faktore wat hier 'n rol kan speel, is: persoonlikheid en temperament van die individue; familie-verhoudings en eksterne gemeenskaps-ondersteuning soos kerk, skool-en woonbuurt. Dit is ook die rede waarom van hierdie terme en konsepte kenmerkend van hierdie gevallestudie is.

Booyesen (2014:1) dui in haar berig aan dat ekonomiese en maatskaplike omstandighede waarin kinders (kleinkinders ingesluit) grootword, die eienskappe van 'n generasie bepaal. Generasie Z, vandag se tieners, gaan volgens Booyesen (2014) die wêreld soos ons dit ken, op sy kop keer. In die V.S.A maak hulle al meer as 'n kwart van die bevolking uit en vervang die na-oorlogse geslag, oftewel die Baby Boomers, in die werkplek. Statistiesgewys sien die V.S.A- bevolking as volg daaruit: die Swing (69 plus) is 10,59%, die Na- oorlogse geslag (50-68) is 23,6%, Generasie Y (20-37) is 24,5% en Generasie X (38- 49) is 15,4% en Generasie Z (-19) is 25,9%. Generasie Z (gebore tussen 1995 en 2010) is buitengewoon besorg oor maatskaplike geregtigheid en kinderaktiviste, byvoorbeeld Malala Yousafzai (17) (Nobelprys vir vrede), Logan LaPlante (13) (selfdoen-onderwys) en Andora Svitak (17) (skrywer van drie boeke) maak hul stemme dik. Generasie Z het dit nie so maklik gehad soos hul voorgangers Generasie Y, ook bekend as die milleniumgeslag, nie. Generasie Z is gevorm deur bykans 'n dekade van oorlogvoering en ekonomiese onsekerheid. Hulle het deurgeloopt onder geweld in skole en hul ouers kan nie hul universiteitsopleiding bekostig nie. Booyesen (2014:1) berig dat Tulgan, 'n skrywer en strateeg wat navorsing oor die omwenteling van geslagte in die werkplek doen, beweer dat Generasie Z in die V. S.A. se verwagtings baie meer realisties is en hul wenslys beskeie is (Booyesen, 2014:1).

Die studie kan addisioneel die vraag beantwoord of die sogenaamde “Free Born Kids” (gebore sedert 1994) in die Suid-Afrikaanse opset ook met sogenaamde Generasie Z-karakterieenskappe klassifiseer kan word, want baie van generasie X, die ouer broers en susters van Generasie Z, het in hul ouerhuis en grootouerhuis grootgeword as gevolg van werkloosheid en omdat alhoewel meer lede van die na-oorlogse geslag ook nie finansiële die mas kon opkom nie (Booyesen, 2014:1). Dis ook een van die redes waarom die finansiële en maatskaplike toestande van die grootouerwoning in die studie ondersoek is.

2.3.2 Uitdagings

Die grootouers vertolk die ouerrol vir 'n tweede keer in hul lewe en dit bied 'n uitdaging vir die grootouer wat in die skool reflekteer. Bailey (2012:1) dui aan dat die grootouers se voorafbepaalde inkomste een van die uitdagings is. Faktore soos die geldelike onvermoë om addisionele koste wat assosieer word met kleinkindgrootmaak aan te gaan, soos kindversorging, assurance, gesondheidsorg en die voorsien van die basiese behoeftes, kan oorweldigend vir die grootouer wees. Sommige grootouers is verplig om kleiner huise te bekom en beskik oor gevolglik beperkte ruimte.

Die tydperk wat die grootouer die primêre versorgerrol moet vertolk, plaas spanning op die grootouers wat op die kleinkinders se akademie en gedrag 'n invloed toon. In 'n studie waar van die geografiese datastelsel van die Nasionale opname van Families en Huishoudings (NSFH) van volwasse Amerikaanse gebruik gemaak is, is 'n opname van 3,477 grootouers in 1997 gemaak. Onder die grootouers dui feitlik 11% aan dat hul 'n kleinkind vir ten minste ses maande grootgemaak het. Ses-en-vyftig persent van hierdie grootouers wat kleinkinders grootmaak, sorg ten minste drie jaar vir hulle. Ongeveer 75% van die kleinkinders woon by hul grootouers vanaf voor vyf jaar oud. Al hierdie data dui aan dat die verskyning van die grootouerfamilies 'n uitgebreide en moeitevolle poging vir beide grootouers en kleinkinders is (Edwards, 1998:174).

Bevindinge in Namkung (2007:35) se studie toon dat etniese groepe en hul geskoolde vlak by primêre versorgers ook 'n invloed op kleinkinderprestasie kan hê. Die opvoedkundige kennis waarvoor die primêre versorger beskik, reflekteer dus op hoe die versorger die kleinkind kan ondersteun ten opsigte van sy/haar akademiese funksionering en gedrag. Wat opvoeding betref, word aangedui dat Afro-Amerikaners (primêre versorgers) die hoogste in getal is met minder as hoërskoolopleiding. Die kleinkindprestasie mag moontlik swakker wees by 'n kleinkind wat deur 'n Afro-Amerikaanse versorger of grootouer grootgemaak word as die prestasie van 'n kleinkind wat deur 'n ander etniese versorger of grootouer grootgemaak word wat oor hoërskoolopleiding of tersiêre opleiding beskik. Dit is die rede waarom opvoedkundige status deel van die grootouerprofiel-ondersoek in die studie is.

Grootouers beskik nie oor genoegsame kennis en vaardighede om hul kleinkinders effektief groot te maak nie. In 'n studie deur Dannison en Smith (2003:90) dui opvoeder- kommentaar aan dat, alhoewel almal (86 persent) met kinders werk wat uit grootouerfamilies kom, die meeste van hul oor min formele kennis beskik oor grootouergeleide-huishoudings. Die opvoeders is ook onseker hoe om die leerders se leer te bevorder. Meer inligting oor kleinkinders wat by grootouers grootword, sal dus van betekenisvolle waarde vir grootouer, kleinkind en onderwyser wees. Die bevinding onderstreep die feit dat 'n profiel van die opvoeder wat met die kleinkinders in die skoolomgewing werk, deel van die gevallestudie moet vorm. Die opvoeder werk met die uitvloeisel van die grootouerrol-invloede op die kleinkind se akademie en gedrag.

Die emosionele probleme van die grootmaakkleinkind is 'n uitdaging vir die grootouer. Die navorsingsdatabasis in die Verenigde State van Amerika, volgens Edwards (2006:566), toon twee empiriese studies wat eksklusief die skoolverwante funksionering van kinders wat deur grootouers grootgemaak is, ondersoek. In die vroeëre studie ondervind kinders wat deur grootouers grootgemaak word akademiese struikelblokke, maar min ander skoolverwante probleme, wanneer hul vergelyk word met kinders wat saam met een of meer biologiese ouers woon. In 'n meer onlangse studie is kinders wat deur grootouers grootgemaak word vir kliniekbehandeling verwys as gevolg van probleme met konsentrasie, hiperaktiwiteit, neerslagtigheid, opponerende-uitdagende gedrag, aandag-soekende hiperaktiwiteitsafwyking, temperament-uitbarstings, bui-veranderings en isolasie. Carlini-Marlatt (2005:8) dui aan dat grootouer-versorgers ook hoër vlakke van stres, emosionele probleme, slaaploosheid en minder aanspraak op gesondheidsdienste-hulp as grootouers in meer tradisionele rolle rapporteer.

Nogtans het hierdie kleinkinders nie betekenisvol meer skoolverwante probleme ervaar as 'n vergelykende groep van kliniek-verwysde kinders nie. Oorsigtelik gesien, bly die databasis van empiriese navorsing wat verband hou met kinders wat deur grootouers grootgemaak word en van Afro-Amerikaanse kinders, skraap. Grootouers behoort van genoegsame kennis voorsien te word om die ouerrol 'n tweede keer te vertolk. Edwards (2006:566) dui dat hul kennisbasis spesifiek beperk is wat betref hierdie kinders se emosionele en gedragsfunksionering in die skool. Skoolopvoeders benodig addisionele empiriese data oor kleinkinders wat deur grootouers grootgemaak word, want die kennis kan 'n effektiewe benadering ondersteun om die akademiese funksionering en gedrag by die kinders te versterk.

Die afwesigheid van 'n biologiese ouers lei tot verdere uitdagings vir die grootouers en die kleinkind. Edwards (2009:128) wys daarop dat empiriese studies wat die funksionering van

kinders wat deur grootouers grootgemaak word, ondersoek, opvallend beperk is. Alhoewel baie kinders wat deur hul grootouers grootgemaak word gunstige funksionering geniet, is daar ander wat betekenisvolle skoolaanpassings en probleme ervaar. Kwalitatiewe en anekdotale data dui aan dat kinders wat deur hul grootouers grootgemaak word gevoelens van verwardheid ervaar te wyte aan hul ouers se ongunstige lewensomstandighede en die voorwaardes wat veranderings in versorger-ooreenkomste antedateer. Baie kinders wat deur grootouers grootgemaak word, vind dit moeilik om betroubare, geskakelde verhoudings met versorgers, onderwysers en portuurgroepe te vestig (Edwards, 2009:162). Die gebrek aan betroubare, geskakelde verhoudings is die gevolg van tekortkominge tydens die kind se vroeë kinderontwikkelyngsjaar waartydens gehegheidsverhoudings nie behoorlik met die biologiese of grootouers gevorm is nie.

Omstandighede van grootouers veroorsaak stres in die huislike omgewing waarin kleinkinders grootgemaak word. Ek sien die moontlikheid dat die stresvolle tuiste-omgewing na die skoolomgewing oorgedra kan word wat 'n invloed op die kleinkind se akademie en gedrag kan hê. Opvoeders neig om leerderstres te onderskat. Adolossente, waaronder die steekproefleerders sorteer, ervaar spesifiek stres. Opvoeders moet verseker dat hul nie die situasie vererger nie en dat hul eerder die leerders se stresvlakke moet minimaliseer. Nieman et al. (2010:83) beweer dat onthou moet word dat ernstig stresvolle leerders nie toegang tot rasionele denke het nie; hul reptiliële brein neem oor en laat baklei- of -vlugreaksies ontstaan. Die kinders mag probeer om die stresvolle situasies by die skool te ontvlug deur stokkiesdraai of om deur terug te baklei (hulle reageer aggressief teenoor hul portuurgroep of opvoeder). Ek voel dat, indien daar nie ordelike harmonie en bewuswording tussen grootouers, kleinkinders en die skoolomgewing geskep word nie, kan die omstandighede 'n negatiewe invloed op die akademiese funksionering en gedrag van kinders hê.

2.4 Teoretiese Grondslag

’n Interessante teoretiese raamwerk wat help verduidelik waarom kleinkinders gereeld swak in die skool funksioneer en waarom die meeste skoolintervensieprogramme met die groep kinders onsuksesvol is, word gevind in die veld van kinderontwikkeling, spesifiek navorsing in hegtheidsbandvorming en sosiale ondersteuning. Baie studies dui aan dat ’n kind se vermoë om gepas in die sosiale omgewing te funksioneer, die gevolg van ’n produk van ervarings in hegte verhoudings is (Edwards, 1998:176).

2.4.1 Die Hegtheidsbandteorie (“Attachment Theory”)

Ervaring in twee hoofipes verhoudings blyk nodig te wees vir ’n kind se ontwikkeling, naamlik vertikale en horisontale hegtheidsbandvorming (Hartup, 1989:120). Edwards (1998:176) stem saam met Hartup (1989:120) dat twee soorte verhoudings spesifiek ’n kind se ontwikkeling affekteer. Hierdie verhoudings is vertikaal en horisontaal.

2.4.1.1 Vertikale Gehegtheid

Eerstens moet kinders vertikale gehegtheidsbande vorm. Die vertikale band word met individue gevorm wat oor groter kennis en sosiale mag as die kind beskik. Die individue sal van nature die biologiese ouers van die kind wees (Edwards, 1998:176). Hierdie verhoudings sluit in kinders en volwassenes en omsluit ’n wye verskeidenheid interaksies waaronder komplementêre uitruiling spesifiek uitstaande is (Hartup, 1998:120).

Edwards (1998:176) dui aan dat die meeste kinders vroeg in hulle lewe vertikale gehegtheid vorm. Vertikale gehegtheid word met mense gevorm wat meer kundig en sosiaal-skerpsinnig is - gewoonlik die kind se biologiese ouers. Die biologiese ouers van die steekproef in die studie is totaal of gedeeltelik afwesig daarom word die hegtheidsband met die grootouer gevorm, want die kleinkind woon al ’n geruime tyd by die grootouer soos duidelik in die onderhoude na vore kom. Dis onvermydelik dat ’n hegte band met die grootouer gevorm word. Die kwaliteit van die gehegtheid wat lei tot aanvaarbare kinderontwikkeling is verwant aan die geskiktheid-om-te-pas tussen die kinders en hul gehegheidsfigure. Byvoorbeeld, ’n mens sal ’n slegte band verwag tussen ’n hoogs aktiewe kind en ’n ouer wat betekenisvol depressief is (Edwards, 1998:176). Die gebrek aan ’n geskiktheid-om-te-pas word impliseer in moeilike ouer-kind-verhoudings. Die onderbrekings in die bandvormingsproses mag as toevoeging en afhangende of dit fisies of emosioneel is, die kind se band met betekenisvolle, volwasse figure versteur. Aan die anderkant affekteer die bandvormingsproses ook die ouers se emosionele en instrumentale patrone van gedrag in verhouding tot die kind. Die kwaliteit van hierdie hegtheidsband wat tot geskikte kinderontwikkeling lei, hou verband met die “goed-om-te-pas”-verhouding tussen die kind en die hegtheidsbandvormingsfigure. Hartup (1989:120) dui die volgende voorbeeld: As voorbeeld kan genoem word dat

volwasse nes se aksies teenoor kinders hoofsaaklik bestaan uit koestering of gedragsbeheer; terwyl kinders se aksies teenoor volwasse nes hoofsaaklik uit onderwerping en versoeke tot bystand, bestaan. Indien die kind se biologiese ouer(s) nie teenwoordig is om hierdie belangrike vertikale hegtheidsband te vorm nie, word dit die verantwoordelikheid van die primêre versorger. Die primêre versorger in die studie is die grootouer(s).

2.4.1.2 Horisontale Gehegtheid

Tweedens vorm kinders ook hegte verhoudinge wat horisontaal is. Dit is verhoudinge met individue wat dieselfde hoeveelheid sosiale gesag as hulle het. In gewone omstandighede sluit hierdie verhoudinge ander kinders in en word gekenmerk deur gelyke-behandeling en gelyke verwagtinge. Kinders moet addisioneel hegte horisontale verhoudinge vorm waarin die hoeveelheid sosiale vaardighede en kennis dieselfde is. Die verhoudinge is oor die algemeen met portuurgroepe en behels omgekeerde uitruiling. Edwards (1998:177) dui aan dat horisontale verhoudinge die konteks is waarin kinders hierdie vaardighede met individue wat min of meer dieselfde soos hulle is, uitwerk. Binne hierdie verhoudinge word die ingewikkeldhede van samewerking en kompetisie bemeester en "intimiteit" in sosiale verhoudinge word vir die eerste keer bereik. Hierdie konteks met portuurgroepe is hoofsaaklik die skoolomgewing van die steekproef omdat die leerders elke skooldag te minste vyf ure saam hul portuurgroep in die klas op die skoolterrein deurbring. In 'n mindere mate is die konteks die huisomgewing omdat die leerder in sy/haar vrye tyd met maats deurbring.

2.4.1.3 Vertikale en Horisontale Gehegtheid

Edwards (1998:177) wys verder daarop dat die verbrokkeling van die tradisionele kernfamilie wat lei tot die vorming van grootouersfamilies moontlik tot die ontwikkeling van onseker vertikale en horisontale bandvorming mag lei. Bandvormingsprobleme tydens kinderjare word gekoppel aan swak fisiologiese aanpassings deur die lewensduur sowel as moeilikhede met daaglikse lewensaktiwiteite soos skoolfunksionering. Die vorming van grootouersgesinne plaas spanning op beide die kleinkind en die grootouers; daarom moet grootouers van raad voorsien word om die rol effektief te vertolk sodat hul kleinkinders wat hul grootmaak positief geraak word ten opsigte van hul akademiese funksionering en gedrag.

Hartup (1989:120) wys daarop dat vertikale en horisontale verhoudinge ietwat verskillende funksies in 'n kind se ontwikkeling dien. Vertikale verhoudinge voorsien die kinders van beskerming en sekerheid gedurende die vele jare wat moet verbygaan voordat hulle op hulle eie bene kan staan. Basiese sosiale vaardighede ontwaak binne die kind. Horisontale verhoudinge, aan die ander kant, is die konteks waarin die kinders die vaardighede uitvoer met ander individue wat min of meer dieselfde soos hulle is. Hierdie konteks sluit onder

andere die maats in uit die omgewing waar die kind primêre skoolopvoeding ontvang. Binne hierdie verhoudinge, word die ingewikkeld-hede van samewerking en kompetisie bemeester en word "intimiteit" in sosiale verhoudinge vir die eerste keer ontvang.

Hartup (1989 :121) dui ook aan dat vertikale en horisontale verhoudinge ontluik op verskillende tye. Die vroegste vertikale verhoudinge sluit suigeling en hul versorgers in. Horisontale verhoudinge is in die meeste kulture eers van toepassing vanaf die derde jaar van lewe. ander kinders in en word gekenmerk deur gelyke-behandeling en gelyke verwagtinge.

Verhoudinge affekteer die gang van `n kind se ontwikkeling. As voorbeeld kan genoem word dat indien `n kind se vroegste gehegtheidsbandvorming met die moeder versekerd is, neig ontwikkeling om `n anderse gang te volg in gevalle waar die gehegtheidsbandvorming angstig of vermydelik was (Hartup, 1989:121).

Sroufe (1999:5) dui aan dat die hegtheidsbandvormingsteorie is `n strukturele ontwikkelingsteorie is, waarop daaropvolgende ontwikkeling sowel as voorafgaande transformasie gebou word. Vroeë ervaring het spesiale betekenis, want dit vorm die raamwerk van die kind se daaropvolgende transaksies met die omgewing. Hierdie belangrike verhoudinge verteenwoordig prototipes vir hegte verhoudinge dwarsdeur die lewe, spesifiek tydens intieme liefdesverhoudings en ouerskap.

Sroufe (1999:6) wys daarop dat, vanuit die perspektief van die gehegtheidsteorie, die deurlopendheid om aan te pas deur `n hele aantal meganismes onderskryf word. Deurlopendheid in beide omgewings-invloede (byvoorbeeld, kwaliteit-versorging) en individuele karaktertrekke ondersteun stabiliteit in individuele funksionering oor `n tydperk. Voorafgaande geskiedenis van die individue ondersteun ook deurlopendheid in aanpassings, want kontinuïteit word gesien as `n transaksionele proses waarby `n aktiewe selfregulerende organisme en die omgewing betrokke is (Sroufe,1999:6). Die redes waarom die kleinkind deur sy of haar grootouer(s) grootgemaak word. Kwaliteit-versorging deur die grootouers, die kleinkind se karaktertrekke en vroeëre geskiedenis van die kleinkind is van kardinale belang om die akademiese funksionering en gedrag van die kleinkind te verstaan.

Edwards (2008:125) dui aan dat grootouers aan hoë stresvlakke onderwerp word wat hul fisiese en emosionele toestand negatief affekteer. Die probleme verskyn herhalend sekondêr tot verhoudingskwessies. Hegtheidsverwantskappe en skoolbevreëdigingskonsepte sluit menslike verhoudings-faktore in wat belangrik is om die skoolverwante funksionering van kinders wat deur grootouers grootgemaak word, te verstaan.

2.4.2 Die Rolteorie

Matzek (2007:7) dui aan dat dit met hierdie gehegheidsfigure is waar 'n tweede teorie nl. die rolteorie integrerend saam die gehegheidsteorie meewerk wat 'n noemenswaardige uitwerking op kinderontwikkeling toon. Drie konsepte van rolteorie kan gebruik word om hierdie navorsing te lei.

Die eerste konsep is rol-tydsberekening. Kenmerkend van die lewensverloop-perspektief word rol-tydsberekening gebruik om die effek van die "aftyd"-grootouer-versorgersrol te ondersoek. Te danke aan die ander ouderdom-gekoppelde lewensrolle wat grootouers besit (byvoorbeeld die grootmaak van hul eie kinders), mag die grootmaak van hul kleinkinders 'n groot verskil in ervaring vir 'n 40-jarige teenoor die 70-jarige inhou.

Die tweede konsep van die rolteorie is roldubbelsinnigheid. Hierdie toestand ontstaan wanneer surrogaat-grootouers hul rol as sonder norme beskou en dus onseker is oor hoe om die rol van surrogaatouer vir hul kleinkinders uit te dra.

Die derde rolteorie-konsep wat gebruik word om grootouergeleide huishoudings te bestudeer, is rolkonflik. Grootouers ervaar dikwels hoë vlakke van konflik in hul pogings om die eise van die grootouer-versorgerrol (bv. surrogaat-ouer) te koördineer met die rolverwagtinge van die tradisionele grootouerrol (bv. die-meer hande-af-interaksie in terme van dissipline). Baie grootouer-versorgers bestempel hulself as ouers vir hul kleinkinders plaas van ouer en grootouer, te wyte aan geïdealiseerde stereotipes van wat grootouers behoort te wees (Matzek, 2007:7). Hierdie onsekerheid oor watter rol om te speel teenoor die kleinkind wat grootgemaak word, vloei deur na die skoolomgewing en die gevolglike invloed op die akademiese funksionering en gedrag van die kleinkind. Matzek (2007) beweer in haar studie dat in die algemeen beskou, rolteorie daarop dui dat leënes-grootouer-versorgers moontlik meer rolkonflik en roldubbelsinnigheid ervaar as grootouer-versorgers met afhanklike kinders in die huishouding, want die grootouers moet sosiale norme van die grootouerrolle oorkom. Byvoorbeeld, grootouer-versorgers met volwasse kinders mag tot onlangs meer tyd spandeer het in die tradisionele grootouerrol, wat dit moontlik moeiliker mag maak om hul surrogaat-ouerrol te vestig. Grootouer-versorgers wat steeds hul eie minderjarige kinders grootmaak, mag dit makliker vind om hul surrogaat-ouerrol met hul kleinkinders uit te voer, want die take wat hul moet uitvoer, is soortgelyk aan die betrokke take tydens hul rol van aktiewe ouer vir hul eie kinders (Matzek, 2007:8). Nogtans is dit moontlik dat die grootouers gestres mag wees te wyte aan die finansiële uitgawes en addisionele werk wat aan kleinkinders gekoppel word. Hierdie grootouer-versorgers mag meer rolkonflik ervaar, want hul moet hul eie ouerskap met hul eie jong kinders koördineer, sowel as hul kleinkinders (Matzek, 2007:7) Hierdie verwarring oor hulle rolle as grootouers

en gepaardgaande stresvlakke kan op die akademiese funksionering en gedrag van hul kleinkinders impakteer.

Hulle kan onder druk wees te wyte aan die finansiële uitgawes en addisionele werk wat aan kleinkinders gekoppel word. Hierdie grootouer-versorgers mag meer rolkonflik ervaar, want hulle moet hul ouerskap met hul eie jong kinders koördineer, sowel as met hul kleinkinders (Matzek, 2007:7).

Ek voel dat die rolteorie ("Role theory"-Merton) betekenisvolle lig kan werp op die fenomeen van grootouers wat kleinkinders moet grootmaak en hul invloed op die akademiese funksionering en gedrag van hul kleinkinders. Meer data oor grootouerrolle se invloed in die Suid-Afrikaanse opset kan van groot hulp wees vir skooladministrateurs, skoolmaatskaplike dienste en opvoeders om effektiewe akademiese werkverrigting en aanvaarbare gedrag by kleinkinders wat deur hul grootouers grootgemaak word, te bewerkstellig.

Kleinkinders mag moontlik 'n hegte emosionele verhouding met hul grootouers hê, veral as hul in dieselfde huishouding of woonbuurt vir 'n tydperk leef en stresverwante gedrag in die skool toon. (Beale et al., 2003:318). Hier kan die hegtheidsteorie (Bowlby) betekenisvolle inligting verskaf oor die akademiese funksionering en gedrag van kleinkinders wat deur hul grootouers grootgemaak word. Oorsaak is kompleks binne die hegtheidsteorie.

Sommige kontekstuele invloede impakteer direk op die kind, terwyl sommige invloede indirek op ouerskap impakteer. Ontwikkelende kontekste word beklemtoon, want veranderinge in omstandighede kan tot veranderinge in interaksie lei met die gevolg dat dit veranderinge in verhoudinge teweegbring (Sroufe et al.1999:2).

Die grootouerrolle en die egtheid van hul liefdevolle gehegtheid teenoor die kleinkind wat hul grootmaak, is 'n bepalende oorsaak tot die vlak van werkverrigting en gedrag wat die kleinkind in die skool openbaar.

2.4.3 Piaget se teorie

Volgens Edwards (1998) toon baie kinders in grootouersorg swak kognitiewe, lees- en wiskundvaardighede. Daar is twee basiese benaderings tot kennis en denke. Een is die benadering van Piaget wat die kwalitatiewe veranderinge in kognitiewe ontwikkeling wat in fases plaasvind, beklemtoon. Die ander is die inligting- prosssesserings-benadering wat die progressiewe stappe, die aksies en operasies beskryf wat plaasvind wanneer die adolessent, waaronder die teikengroep val, inligting ontvang, waarneem, ontleed, bedink en benut.

Piaget het vier duidelike fases van kognitiewe ontwikkeling identifiseer naamlik die sensormotoriese-, die pre-operasionele-, konkrete operasionele denke-en die formeel-operasionele denkwys-fases (Nieman et al., 2010: 91-92). Hierdie fases is onveranderlik omdat die opeenvolging van die vlakke altyd dieselfde is en 'n kind nie een van die vlakke kan systap nie, want elke fase word op die prestasies van die vorige een gebou. Daar is egter groot variasies in die ouderdomme wat met elke fase assosieer word. Vir hierdie gevallestudie is die derde fase en vierde fase van noemenswaardige belang vir adollesente-ontwikkeling. Gewoonlik strek dit tot die ouderdom van 11 of 12 jaar. Baie van die graad 7-leerders begin hul akademiese jaar op die ouderdom van 12 jaar. Alhoewel beweer word dat adollesensie eers na die ouderdom van 12 jaar ontwikkel, bly baie van die adollesente in die fase van konkrete operasionele denke en vorder nie na die fase van formele operasionele denke nie (Nieman, 2010:92). Hierdie derde fase word gekenmerk deur die oorgang van die pre-logiese denke van jong kinders na die logiese denke van adollesente. Dit is tydens hierdie fase dat die kinders die vaardigheid om die logika van informele verhoudinge te verstaan, begin waardeer.

Hulle begin byvoorbeeld verstaan dat 'n sak swaarder word indien jy voorwerpe byvoeg. Die formele operasionele denkfase is die laaste fase van kognitiewe ontwikkeling; dit begin in adollesensie en eindig in volwassenheid. Piaget identifiseer die hoofkaraktertrekke van die formele operasionele fase as abstrakte denke, proporsionele denke en hipotetiese deduktiewe denke. (Nieman et al., 2010:92)

Om die kognitiewe agterstande uit te wis, is dit belangrik dat opvoeders moet beseft dat aktiwiteite en aktiewe betrokkenheid in die leerproses die grondslag vorm van kognitiewe ontwikkeling; leerders moet toegelaat word om self te ontdek deur interessante en uitdagende materiaal tot hul beskikking te stel wat hul nuuskierigheid prikkel en behou tydens hul soeke na oplossings. Aangesien leerders verskil in kognitiewe ontwikkeling, kan die opvoeder individuele aktiwiteite reël wat die leerders se intellektuele ontwikkeling pas.

In 1985 het Robbie Case 'n nuwe teorie van kognitiewe ontwikkeling bekend gestel wat Piaget se idee van fases met onlangse empiriese bevindinge deur inligting proffesionele navorsers probeer integreer. Alhoewel Case se teorie baie soos Piaget lyk, skyn dit asof dit die verskille in kinders se verstandelike prosesse meer akkuraat beskryf soos die kinders vanaf suigeling tot adollesensie vorder. Opvoeders word aanbeveel om leerders vanaf die konkrete tot die abstrakte te lei. Hierdie leiding behoort probleemoplossing, dinkskrumme en projekwerk oor meer abstrakte vakke in te sluit (Nieman et al., 2010: 95). Integreerende skool- en maatskaplike samelewingsstrukture behoort aanvullend tot mekaar werk vir die vorming van beter landsburgers .

2.5 Opsomming

Die literêre oorsig het 'n verskeidenheid navorsingsdata oor die onderwerp van grootouerrolle se impak op die akademiese funksionering en gedrag van hul kleinkinders wat deur hul grootmaak, verskaf. Die onderliggende, dinamiese wisselwerking tussen die skool- en tuiste- omgewing is ook oorsigtelik deurgegee. Die oorsake vir die plasing van kleinkinders by hul grootouers het merkwaardige ooreenkomste getoon, veral in die westerse wêreld.

Die Konseptuele voetpad-model om positiewe jeugontwikkeling in kinders wat deur grootouers grootgemaak word, soos deur Edwards en Taub (2009) ontwikkel, kan met vrug vir die hoofdoel van die gevallestudie aangewend word nl. om inligting aan onderwysers te voorsien om effektief met die teikengroepelers te werk". Om gedragsprobleme wat met die familie assosieer word, te voorkom en om die kinders se positiewe ontwikkelingsbaan te bevorder, noodsaak begrip vir die familielede se unieke behoeftes en risiko's asook om hul sterkpunte, ondersteuning en bronne te aksentueer" (Edwards & Taub, 2009:160).

Edwards (2006) verklaar dat 'n aantal intervensies wat tot hulp kan wees om risiko-kindere te ondersteun, mag ook die skoolfunksionering van kinders wat deur grootouers grootgemaak word, verbeter. Die sosiale ondersteuningsteorie bied 'n bruikbare raamwerk om intervensiedienste aan sodanige families te voorsien. Sosiale ondersteuning word definieer as die hoeveelheid emosionele en instrumentele ondersteuning aan 'n individu vanaf die mense rondom hul (Edwards, 1998:177).

Indien die families van emosionele en instrumentele ondersteuning voorsien word, sal die oorgang vanaf 'n tradisionele tot 'n alternatiewe primêre versorger-reëling beperkte sosiaal-emosionele en skoolverwante kommer vergemaklik. (Edwards, 2006:116).

Dit is deur navorsers bevind dat die emosionele kwaliteit van vertikale verhoudinge, sterk korreleer met skoolgereedheid voor graad een, intellek op ouderdom ses en skoolbereiking op die ouderdom van twaalf. Navorsingsbevindinge het openbaar dat vertikale en horisontale ondersteuningsverhoudinge oorlangse prestasie kan voorspel vanaf grade drie deur vyf tot vyf deur sewe. Dit beteken dat versekerde hegtheidsbandvorming 'n skakel toon met goeie skoolfunksionering. Data is egter dubbelsinnig oor hoe emosionele vertikale verhoudinge IK en akademiese prestasie affekteer (Edwards, 1998:177). As toevoeging tot die sosiale ondersteuningsteorie, help die rolteorie sielkundiges om 'n raamwerk vir sistematiese ingrypingsstrategie te ontwerp, veral vir die grootouers. Gegewe onduidelike grootouer- versorgerrolle, kan ondersteuningsgroepe vir grootouers geskep word om hul onverwagte primêre versorgerrol, roldubbelsinnigheid (ouerrol, somtyds met geen wettige toesig) en

rolkonflik (tradisionele en onverwagte rol as grootouer vs.surrogaat-ouerrol), aan te spreek. (Edwards, 2006:116)

Tydens die literêre oorsig is die soorte rolle wat grootouers ten opsigte van hul kleinkinders vertolk ook deurgegee. Die verskil in die profiele van die eertydse grootouer en die hedendaagse grootouer was ook gegee soos daarna in die literatuur verwys word. Kleinkinders se akademiese funksionering en gedrag was bespreek deur na verskeie studies uit verskillende lande, byvoorbeeld Nieu-Seeland, V.S.A. en Japan te verwys. 'n Teoretiese raamwerk wat 'n verskeidenheid aspekte wat hierdie fenomeen raak, is in die oorsig bespreek en dien as ondertoon vir die volgende hoofstuk oor die metodologie. In die hoofstuk oor die metodologie word meer in besonderhede na interpretivisme verwys en hoe dit die grootouerrol-invloed op grootmaakkleinkinders raak.

HOOFSTUK DRIE: METODOLOGIE

3.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is 'n kritiese oorsig gegee oor die literatuur rakende grootouerrolle se invloed op kleinkinders wat deur hul grootgemaak word. Die hoofdoel van die studie is om vas te stel watter invloed die grootouerrolle op die kleinkinders se akademiese funksionering en gedrag het. Anders as in Hoofstuk 1 word in hierdie hoofstuk in detail na die navorsingsvrae, die navorsingsparadigma (interpretivisme) en die kwalitatiewe benadering, die gevallestudie as navorsingsontwerp, die populasie en steekproef, die data-insamelingsmetodes - en ontleding, die etiese oorwegings asook die relevante navorsingsvrae, verwys. Die metode van ondersoek is kwalitatief, meer spesifiek interpreterend, want ek voel dat sodanige benadering groter geleentheid skep om die fenomeen van kleinkinders wat deur grootouers grootgemaak word, te verstaan.

3.2 Navorsingsvrae

Die hoofvraag in die studie is: Wat is die grootouerrol-invloede op die akademiese funksionering en gedrag van hul grootmaakkleinkinders? Die literêre oorsig stel die navorser in staat om die kritiese subnavorsingsvrae te identifiseer wat die verloop van die studie kan bepaal en wat beantwoord moet word om die doelstellings van die studie te bereik, naamlik :

- Wat is die redes waarom kleinkinders by grootouers geplaas word om deur laasgenoemde grootgemaak te word?
- Watter tuiste- omgewingsfaktore beïnvloed die grootmaakkleinkind se akademiese funksionering en gedrag in die skoolomgewing?
- Wat is die skoolomgewingsfaktore wat die grootouerrol ten opsigte van die akademiese vordering en gedrag versterk of verswak?

Die milieu van die grootouers is dus eers geïdentifiseer alvorens die invloed van die milieu op die grootmaakkleinkind, beskryf word.

3.3 Navorsingsparadigma en navorsingsbenadering

Die aard van die metode van ondersoek is kwalitatief, spesifiek, interpreterend, want sodanige benadering bied 'n groter geleentheid tot begrip vir die fenomeen van kleinkinders wat deur hul grootouers grootgemaak word en die gepaardgaande invloed daarvan op die kleinkinders se akademiese funksionering en gedrag.

Die studie is gekonseptualiseer binne die interpreterende paradigma. Interpretivisme verwys na die benaderings wat gebruik word om die betekenisvolle aard van die mens se deelname aan beide sosiale en kulturele lewe te beklemtoon.

Yuen (2005:116) haal Haralambos (1995) en Erickson (1986) aan deur aan te dui dat interpretiviste aanvoer dat mense nie soos 'n probleem is nie. Mense beskik oor 'n bewussyn wat hul toelaat om te dink en te voel en hul beskik ook oor 'n sin van bewustheid (Haralambos, 1995). Mense funksioneer deur gedrags- en fisiese objekte in hul omgewing te laat sin maak (Erickson,1986) soos deur hul vyf sintuie waargeneem (Haralambos, 1995). Die mens interpreteer of maak sin uit 'n stimulus voordat hul op 'n toepaslike aksie besluit. Kortliks, mense gedra nie net vir hulle nie, maar hul reageer. 'n Aksie word meer as 'n gedrag beskou omdat dit 'n fisiese aksie met betekenis is. Gedrag is slegs 'n fisiese aksie (Erickson, 1986). In die gevallestudie is onder andere gekyk hoe die grootmaakkleinkinders op die grootouerrol in hul lewens akademies reageer en hoe die kleinkind se gedrag is as 'n uitvloeisel van die ouerrol wat 'n tweede keer vertolk word.

Yuen (2005:116) se bevinding lui verder dat mense betekenis gee aan die natuurlike en sosiale wêreld deur die manier waarop hulle hul sensoriese ervaringe organiseer en kategorieer terwyl hul aksies terselfdertyd definieer en beperk word deur die betekenis. Om te kan funksioneer, moet mense kan konstruereer en in 'n wêreld van betekenis leef (Haralambos, 1985:544).

Yuen (2005:116) dui aan dat betekenis nie staties vir interpretiviste is nie. Betekenis word konstant deur middel van interaksie geskep, verander, hernu en ontwikkel. Die Yuen-studie (2005) aan 'n Australiese universiteit dui volgens Mead (1934) aan dat, een van die proponente van simboliese interaksie is om nuwe betekenis deur middel van interaksie tussen rolspelers te ontwikkel. Dit word gedoen deur die rol van die ander persoon in te neem. Interaksie is 'n deurlopende proses van interpretasie. Die mens konstruereer aktief hul eie wêreld (Haralambos, 1985) (Yuen, 2005:116). Die interaksie van die kleinkind met volwassenes en portuurgroep skaaf dus die kleinkind se verhouding tydens die tydperk wat hy/sy deur sy/haar grootouers grootgemaak word. Die verhoudinge met mense in die skool- en huisomgewing beïnvloed gevolglik die kleinkind se akademiese funksionering en gedrag.

Yuen (2005: 118-119), met verwysing na Connole, Smith en Wiseman (1995) en Gephart (1999) dui die volgende in sy studie aan dat Interpretiviste belangstel in die betekenis wat die mens aan objekte gee, die sosiale omgewing, gebeurtenisse en om die gedrag van ander te verstaan asook hoe die begrip die omgewing in ruil daarvoor kan definieer. In die eerste plek bestudeer interpretiviste die mens in hul natuurlike omgewing (Connole, Smith en Wiseman, 1995). Tweedens gebruik hul data - insamelingsmetodes wat die betekenis agter die aksies van mense openbaar. Algemeen-gebruikte metodes van interpretiviste - studies is onderhoude, beide deelnemer en nie- deelnemer- observasies asook die analise van allerlei dokumente (Gephart, 1999). Ander metodes van ondersoek mag bykomend in die studie

geïntegreer word. In die studie is die natuurlike omgewing van die grootmaakkleinkinders die huislike omgewing van die grootouerwoning asook die skoolomgewing waar die kleinkind 'n groot deel van sy/haar dag deurbring. In hierdie studie, waartydens die invloed van grootouers op grootmaakkleinkinders se akademiese funksionering en gedrag vasgestel is, is die volgende metodes van data-insameling gebruik: gekodeerde vraelyste aan grootmaakkleinkinders, hul grootouers en opvoeders vir komplimentêre informasie, onderhoudvoering met die grootouers en die opvoeders asook allerlei dokumente soos relevante skoolprofiel van die kleinkinders, eksamenuitslae en skoolbywoningsregisters. Yuen (2005:119) beweer dat interpretiviste verskillende kriteria gebruik om die resultate van hul studies te beoordeel. Interpretiviste evalueer betroubaarheid wat geloofwaardigheid, oordraagbaarheid en oortuiging insluit.

Gepaardgaande met die navorsingsparadigma van interpretivisme is die benadering tot die studie kwalitatief van aard. Flick (2009:12) dui aan dat soos in interpretivisme, word in kwalitatiewe navorsing normaalweg nie noodwendig vanaf 'n teoretiese model van die kwessie van ondersoek begin nie. Kwalitatiewe navorsing is ook nie gemodelleer op meting soos in die natuurwetenskappe gevind word nie. Die navorsingssituasie word nie gestandaardiseer nie of die verteenwoordiging word ook nie deur middel van 'n lukrake steekproef van deelnemers gewaarborg nie.

In die studie word die kwalitatiewe benadering gevolg om die sosiale praktyke en die leefwêreld van die deelnemers te beskryf. Dit is minder relevant om 'n oorsaak en sy effekte te bestudeer as om die kompleksiteit van situasies te beskryf of te rekonstrueer (Flick, 2009:12).

Gibbs (2009:7) verklaar dat in die praktyk, min kwalitatiewe analiste suiwer realisties of idealisties is. Volgens Gibbs (2009) stem almal egter saam dat kwalitatiewe navorsing 'n kwessie van interpretasie is, spesifiek die navorser se interpretasie van wat die respondente sê en doen. 'n Sleutelfaktor van kwalitatiewe navorsing is om dinge deur die oë van respondente en deelnemers te sien. Dit sluit in 'n toegewydheid om gebeure, aksies, norme, waardes, ensovoorts waar te neem vanuit die perspektief van diegene wat bestudeer word.

Die gevallestudie wat oorvleuelend met 'n kruis-seksionele studie-ontwerp gebruik is, is die geskikte ontwerpbenadering om die onderwerp te ondersoek oor grootouerrolle se invloed op die akademiese funksionering en gedrag van kleinkinders wat by hul grootword. Die ontwerp kan meehelp om 'n holistiese begrip te verkry oor die fenomeen van kleinkinders wat deur grootouers grootgemaak word. Hierdie ontwerp is relevant, want die fokus van die studie is om breedvoerig te ondersoek en te begryp watter invloed hierdie grootouerrolle op die

akademiese funksionering en gedrag van kleinkinders het en nie sodanig om die situasie te bevestig of die hoeveelheid vas te stel nie. Die benadering kan ook 'n oorsig en in-diepte begrip van hierdie tipe geval en sy interaksionele dinamika voorsien. Die gevallestudie kan 'n magdom inligting verskaf om die geval van kleinkinders se akademiese funksionering en hul gedrag in sy totaliteit te verstaan. Hierdie verkrygte kennis is van betekenisvolle waarde vir skooladministrateurs, opvoeders, grootouers asook vir die leerders self.

In hierdie studie is gekyk na wat die invloed van grootouerrolle op kleinkinders is wat deur hul grootgemaak word. In die ondersoek is spesifiek waargeneem of die rol van die grootouers 'n negatiewe of positiewe invloed op hul kleinkinders se akademiese funksionering en gedrag het. Latere navorsing kan dan konstruktiewe intervensie-programme ontwikkel met die verkrygte inligting.

3.4 Die Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp is 'n plan om bewyse in te samel en te analiseer wat dit vir die navorser moontlik maak om die vrae wat gestel is, te beantwoord. Die navorsingsontwerp in hierdie situasie is 'n gevallestudie.

Barbie (2010:75)) bevestig dat 'n navorsingsontwerp 'n plan of bloudruk is van hoe die navorser beoog om die navorsing uit te voer. Die vertrekpunt is die navorsingsprobleem of navorsingsvraag. Die navorsingsontwerp fokus op die logika van die navorsing, met ander woorde watter tipe bewyse word verlang om die navorsingsvraag bevredigend te beantwoord. Mellish et al. (1998:329) dui aan dat die gekose ontwerp die beste metode moet wees om die vraag te beantwoord en dat die navorser se voorneme eksplisiet moet wees sodat die lesers die toepaslikheid van die ontwerp kan evalueer.

Die doel van gevallestudies is om akkurate beskrywings of rekonstruksie van gevalle te gee. Die term "geval" moet in die breër sin van die woord verstaan word. Die onderwerp van 'n gevalle-ontleding kan persone, sosiale gemeenskappe (bv. families), organisasies en instansies (bv. 'n verpleeghuis) wees (Flick, 2009:69). Die doel van hierdie gevalle-studie is om 'n akkurate beskrywing of rekonstruksie te gee van die geval van grootouerrolle-invloed op die kleinkinders wat deur hul grootgemaak word. Die hoofonderwerp van die gevalle-analise is dus persone, te wete kleinkinders en grootouers.

Die bevindinge (soos in hoofstuk vier en vyf beskryf), behoort te toon of die invloed van die grootouers negatief of positief op die kleinkind se akademiese werkverrigting en gedrag inwerk.. Hierdie ontwerp is die geskikste vir studies waarvan die doelwit is om die

algemeenheid van 'n fenomeen te ondersoek deur 'n kruisseksie van die bevolking te gebruik (Kumar, 2011:107). Die kruis-seksionele ontwerp is uiters eenvoudig in ontwerp.

Kumar (2011:126) stem saam met Flick (2009:69) dat die geval 'n groep, 'n gemeenskap, 'n instansie, 'n gebeurtenis, 'n subgroep van 'n bevolking, dorp of stad kan wees. In hierdie studie is dit groeperinge in 'n gemeenskap naamlik die grootouers, die kleinkinders wat deur hul grootgemaak word en ook die sieninge van die betrokke onderwysers wat met die kleinkinders in die skool werk. Die totale studie-bevolking word as een entiteit behandel omdat die grootouerrol 'n invloed op die kleinkind, waarmee die opvoeder moet werk, se akademiese werkverrigting en gedrag het.

Vraelyste en onderhoude dien as bewyse in die navorsingsontwerp om die inligting te bekom. Hierdie gevallestudie maak hoofsaaklik van primêre data gebruik, want die navorser samel self die nuwe data deur middel van onderhoude en vraelyste in en dit word dus as 'n primêre data-ontwerp beskou. Die twee hoof tipes data-kategorieë naamlik die numeriese en tekstuele data word vermeng in hierdie studie gebruik, want die tekstuele data, soos verkry word vanaf onderhoude met die leerders en die grootouers word getransformeer na numeriese kategorieë. Syferwaardes 0 tot 5 word gekoppel aan 'n beskrywende waarde naamlik 0 vir nooit, 1 vir selde, 2 vir soms, 3 vir dikwels en 4 vir altyd op die vraelyste. Die vrae op die vraelyste is gekategoriseer onder gesondheid, finansies, kleinkind-akademiese ingesteldheid, dissipline en skoolmaatskaplike werker se ingryping. Vyf-en-twintig vrae is aan elkeen van die nege kleinkinders gestel waarvolgens die kleinkind, die grootouer en die opvoeder self die syferwaarde omkring. Die hoeveelheid syferwaardes word as 'n persentasie uit die totale aantal deelnemers uitgedruk wat vir die navorser 'n oorsigtelike idee gee wat die algemene waarde-toekenning vir 'n spesifieke kategorie is en as sodanig in hoofstuk 4 as 'n resultaat beskryf word. Die antwoorde deur die grootouers op vrae tydens die onderhoud is op elkeen van die drie grootouerpere en enkelgrootouers se instrument opgeteken waarna die notas vergelyk en in hoofstuk 4 beskryf is.

Drie van die algemeenste en bruikbaarste doelwitte van sosiale navorsing is verkenning, beskrywing en verduideliking. Die eersgenoemde, naamlik verkenning of eksplorاسie, is die betekenisvolste in die studie. Die onderwerp, grootouerrolle se invloed op die akademiese funksionering van hul kleinkinders wat hul grootmaak, is verken. Die empiriese, verkennende vraag: Wat is die invloed van die verskillende rolle wat grootouers speel op die akademiese funksionering en gedrag van hulle kleinkinders, is verkennend ondersoek.

Die belangrikste eksploratiewe navorsingsontwerp-oorwegings wat in die studie van toepassing is, is die behoefte om 'n oop en buigbare navorsingsstrategie te volg en om

metodes te gebruik soos die literêre oorsig, die onderhoude en die informante soos die grootouers en leerders wat kan lei tot insig en begrip van die fenomeen (Barbie, 2010:80).

3.5 Populasie en steekproef

3.5.1 Populasie en proefneming

Bryman (2008:179) beweer dat absolute grootte van 'n steekproef belangrik is en nie relatiewe grootte nie. Dit beteken dat dit nie belangrik is of die nege identifiseerde leerders vir hierdie gevallestudie by 'n skool met 1500 leerders of 'n skool met 80 leerders bepaal is nie. Dit beteken dat die geldigheid in beide gevalle dieselfde is. Dit beteken ook dat deur die vermeerdering in die steekproefgrootte die presiesheid van die steekproef verhoog word. Nogtans waarborg 'n groot steekproefgroep nie presiesheid of akkuraatheid nie.

Die populasie waaruit die steekproef geïdentifiseer is, is 130 graad 7-leerders aan 'n Kwintiel 4- primêre skool in die Weskus-onderwysdistrik, Provinsie Wes-Kaap, Republiek van Suid-Afrika. Graad 7-leerders is in die studie as steekproef geïdentifiseer ter vernouing van die navorsingsveld en omdat die navorser beoog om graad 7-opvoeders van meer informasie te voorsien rakende die geval van kleinkinders wat deur hul grootouers grootgemaak word.

Doelbewuste proefneming is gebruik om die respondente vir hierdie gevallestudie te identifiseer. Somtyds is dit gepas om 'n steekproef op die basis van kennis oor die populasie, populasie-elemente en die doel van die studie te selekteer. Hierdie tipe steekproef word 'n doelbewuste steekproef (of veroordelende steekproef) genoem (Barbie, 2014:200). Depoy & Gitlin (1998:171) noem dat doelbewuste proefneming die doelbewuste seleksie van individue deur die navorser insluit wat is op pre-gedefinieerde kriteria gebaseer. Die proefnemingsontwerp of proefnemingsstrategie om hierdie proefnemingsgroep vir hierdie gevallestudie te selekteer, voldoen aan die volgende kriteria vir seleksie en kwalifisering: 'n ingeskrewe leerder op die CEMIS ("Centralized Educational Management Information System") met 'n unieke lidnommer in graad 7 vir die 2012-akademiese jaar by die betrokke skool en wat deur 'n grootouer of grootouerpaar as primêre versorger(s) grootgemaak word.

3.5.1.1 Die leerders

Saamgestelde profiele uit die proefnemingsraamwerk, waaroor elke ingeskrewe leerder by die skool beskik, is as een sekondêre bron gebruik om die proefnemingsgroep van nege (9) leerders te selekteer uit die bevolking van 130 graad 7-leerders by hierdie spesifieke skool in die Weskus-Onderwysdistrik. Hierdie steekproef van nege leerders wie se akademiese funksionering en gedrag ondersoek is, bestaan geslagsgewys uit vyf manlike en vier vroulike leerders; ouderdomsgewys uit een twaalfjarige dogter, drie dertienjarige seuns en twee dertienjarige dogters, een veertienjarige seun en een veertienjarige dogter asook een

vyftienjarige seun. Slegs sewe leerders se grootouer of grootouers was bereid om as respondent tydens die onderhoud op te tree.

3.5.1.2 Die grootouers

Proefnemingsstatistieke uit die profiele toon dat drie uit die groep van nege leerders deur hul ouma as enkeling, wat die ouerrol 'n tweede keer moet vertolk, grootgemaak word. Die ander ses leerders word deur 'n grootouerpaar grootgemaak. Die kriteria vir die grootouers om as respondent op die vraelys op te tree, is dat die grootouer die primêre versorger van 'n kleinkind moet wees wat as ingeskrewe leerder oor 'n unieke Cemis-nommer by die kwintiel vier-geklassifiseerde, plattelandse primêre skool in die Weskus Onderwysdistrik in die Wes-Kaap, beskik. Al die nege geïdentifiseerde leerders se grootouers is bereid om die vraelyste te voltooi, maar slegs sewe leerders se grootouers is bereid om die onderhoud toe te staan.

3.5.1.3 Opvoeders

Vier manlike opvoeders is genader om 'n vooropgestelde onderhoudskedule te voltooi sodat vasgestel kan word met watter soort kleinkind, as 'n uitvloeisel van die grootouerrol, hulle moet werk in die skoolomgewing. Dit is gedoen om te help vasstel hoe die kleinkind se akademiese funksionering en gedrag in die skoolomgewing is. Byvoorbeeld, dit is om vas te stel of die kleinkind meer ondersteuning in vakke as ander klasmaats moet ontvang omdat die grootouer nie ondersteuning kan bied nie - moontlik as gevolg van 'n lae opvoedkundige vlak van die grootouer.

3.6. Data-insamelingproses

Die proses word deur DePoy et. al. (1998:216) gesien as vier onderlinge verbandhoudende konsiderende gedeeltes: kontakseleksie, betreding van die navorsingsveld, die aanleer van die omstandighede en rolspelers, instandhouding van die verhoudinge en die verlaat van die navorsingsveld. Die proses bly egter geïntegreerd deurdat die een komponent die ander oorvleuel en verskerp.

Die eerste besluit oor data-insameling is waar of in watter konteks die informasie bekom word. Die konteks in die studie is die omstandighede waaronder kleinkinders deur hul grootouers grootgemaak word, met ander woorde die huisomgewing van die grootouers. Ek beskik oor maklike toegang tot die verdere konteks van die studie, naamlik die skoolomgewing deurdat ek deel is van die personeel van die skool waar die kleinkinders onderrig en leer ervaar. Ek is dus 'n bekende en betroubare lid van die konteks en sorg daarom met groot versigtigheid dat ek nie met vooropgestelde idees informasie insamel nie. Toestemming is by die Department van Onderwys verkry om inligting by leerders en onderwysers deur middel van vraelyste, leerderprofile, verslag- en kumulatiewe kaarte te

verkry. Grootouers is persoonlik genader om inligting deur middel van vraelyste te verskaf asook 'n onderhoud met die navorser toe te staan. Gedurende die besoek aan die grootouers is die navorsingsdoel- en -omvang aan grootouers verduidelik, vertroulikheid verseker en is die grootouers ook verseker dat minimaal op hul privaatheid inbreuk gemaak word. Nadat toegang tot die konteks verkry is, is intiem bekend geraak, deur middel van die onderhoud, met sewe van die kleinkinders se grootmaakomstandighede. Dit geskied deur middel van verskillende strategieë nl. waarneming en luister asook vraagstelling en opnames. Die verhoudinge tussen die navorser en die leerders, opvoeders en grootouers is gesond gehou. Nadat informasie bekom is, is die tuistes van die kleinkinders met 'n dieper begrip van grootouerrolle-invoel op hul kleinkinders die huisomgewing, verlaat (DePoy, 1998:216).

3.6.1 Data-insameling

Die vertrekpunt is die spesifieke take (data-versameling van steekproef) wat op hande is. Die navorsingsmetodologie fokus op die individuele (nie-lineêre) stappe tydens die navorsingsproses en die mees "objektiewe" (onbevooroordeelde) prosedure wat benodig word (Barbie, 2010:75). Data is vanaf grootouers, kleinkinders en opvoeders deur middel van beide primêre en sekondêre bronne verkry. Data is uit drie bronne ingesamel: in-diepte onderhoude, vraelyste, observasies en dokumente.

3.6.2 Bronne vir insameling

Beide die twee hoofbenaderings om data te versamel, naamlik deur middel van primêre bronne soos onderhoude met die grootouers en vraelyste met die kleinkinders, grootouers en onderwysers asook sekondêre bronne byvoorbeeld dokumente soos skoolbywoningregisters, eksamenuitslae en skoolprofiele, is gebruik.

3.6.2.1 Onderhoude

3.6.2.1.1 Definisies en kernkonsepte

'n Onderhoud is 'n tegniek om inligting vanaf respondente deur middel van interaktiewe en ware kontak in te samel. Dit is 'n wyd - gebruikte instrument om toegang tot mense se ervarings, opinies, innerlike persepsies, ingesteldhede en gevoelens te verkry (Pandya, 2010:399). Gillham (2004:1) dui aan dat 'n onderhoud 'n gesprek is wat gewoonlik tussen twee persone plaasvind. 'n Onderhoud is 'n uitruiling van sienings tussen twee of meer persone oor 'n onderwerp van gemeenskaplike belang waartydens die sentraliteit van menslike interaksie vir kennis-produksie gesien word asook die sosiale omstandighede van die navorsingsdata beklemtoon word (Cohen, 2003:276). Sienings is dus uitgeruil tussen die navorser as ondervraer en die onderskeie individue uit die verskillende groeperings in die studie te wete die grootouers, die opvoeders en die leerders as die ondervraagdes. Die

onderwerp van gemeenskaplike belang is die rolle wat grootouers speel ten opsigte van die akademiese funksionering en gedrag van hul kleinkinders wat hul grootmaak. Die menslike interaksie in die studie is om die omstandighede by die huis, waarvan die grootouer en die kleinkind deel vorm, te ondersoek en die kleinkind se reaksie op die huislike omstandighede in die skoolomgewing vas te stel.

Die kernkonsepte van onderhoude is dat die proses die volgende insluit: interaktief - twee of meer persone is interaktief met mekaar; werklike tyd - die interaksie vind plaas in lewende lywe en in natuurlike taal (Rugg, 2007:136).

Die navorsingsonderhoud in die studie dien drie doele, naamlik om inligting oor kleinkinders wat by grootouers grootword se akademiese funksionering en hul gedrag, te versamel; dit dien as 'n verduidelikende instrument om te help om veranderlikes en verhoudinge te identifiseer en om in samewerking met die gebruik van ander metodes, inligting te bekom. Daar is egter swak punte, maar tog oorheersende voordele verbonde aan die gebruik van 'n onderhoud as data-insamelingsmetode. Onderhoude is in hierdie studie gebruik omdat onderhoude deelnemers – hetsy die ondervraer of ondervraagde - die geleentheid bied om hul interpretasies van die wêreld waarin hul leef, te bespreek en asook om hul uit te druk hoe hulle hul situasies uit hul gesigspunt beskou. Teen hierdie agtergrond is die onderhoude dus nie net eenvoudig bedoel om data te versamel nie, maar is dit deel van die lewe self, want sy menslike omsluiting is onvermydelik (Cohen, 2003:267). Die dokumente is maklik bekombaar.

Die swak punte van gestandaardiseerde oopende - onderhoude is dat min buigsaamheid ten opsigte van spesifieke individue en omstandighede toegelaat is asook die feit dat die gestandaardiseerde bewoording van vroe natuurlikheid, relevantheid van vroe en antwoorde moontlik mag beperk en bedwing (Cohen, 2003:271).

Desnieteenstaande die nadele verbonde aan onderhoude, soos hierbo genoem, het die tipe onderhoud die voordeel dat die ondervraer in staat is om vroe te beantwoord oor beide die doel van die studie sowel as oor enige misverstande wat deur die ondervraagde ondervind mag word – dit gebeur somtyds tydens die gebruik van vraelyste dat dieselfde vroe verskillende betekenis vir verskillende persone het. Nog 'n voordeel, byvoorbeeld, van onderhoudvoering is dat groter diepte toegelaat word as in die geval van ander data-insamelingsmetodes. Tydens onderhoude is die respondente ook meer betrokke en gemotiveerd en is hulle in staat om meer insette te lewer oor die navorsing as wat in die dekbriëf genoem word. Tydens die onderhoude kan die ondervraagde ook meer ingewikkelde en oopende vroe makliker hanteer. Omdat die respondente dieselde vroe

beantwoord, is die vergelykbaarheid van reponse verhoog. Die verlangde data voltooi word vir elke persoon voltooi en die onderhoudvoerder-effekte en partydigheid is reduseer wanneer 'n hele aantal onderhoude gevoer is. Die onderhoud hou ook die voordeel in dat besluitnemers, byvoorbeeld toesighouers oor die gevallestudie, die instrumente tydens evaluering kan sien en hersien. Nog 'n sterkpunt van gestandaardiseerde oopeinde onderhoudvoering in die studie is dat dit organisering en analise fasiliteer.

Gestandaardiseerde oopeinde- onderhoude is in die studie gebruik om data vanaf grootouers en opvoeders te bekom. Die kenmerke van gestandaardiseerde oopeinde – onderhoude is dat die presiese bewoording en die verloop van vrae vooropgestel is. Dit beteken dat alle individue met wie onderhoude gevoer is dieselfde basiese vrae in dieselfde volgorde gestel word (Cohen, 2003:271).

Die gemeenskaplike kenmerk van alle onderhoude is die transaksie wat plaasvind dat een persoon inligting soek (die navorser) en die ander deelnemer (die grootouer en onderwyser) inligting verskaf.

3.6.2.1.2 Grootouers

Dit is formele onderhoude waarvolgens 'n stel vrae gestel is en op 'n gestandaardiseerde skedule opgeneem is. Die onderhoud vorm die kern van data-insameling in die studie. Hierdie tweegesprek geskied deur middel van direkte verbale interaksie tussen die navorser en die grootouer(s) deur wie die kleinkind grootgemaak word. Die onderhoude is gebruik om fisies omstandighede by die grootouerwoning waar te neem en te hoor hoe die grootouer(s) voel oor die kleinkind wat hul grootmaak. Nege kleinkinders voldoen aan die kriteria vir hierdie studie – sewe leerders se grootouer of grootouerpaar is bereid om deel van die onderhoude te vorm. Die grootouers is aanvanklik ongemaklik om tydens die onderhoud op video vasgelê te word, maar stem later in nadat verduidelik is dat dit vertroulik is.

Die onderhoudskedule vir die grootouers wat hoofsaaklik inligting oor die huislike omgewing weerspieël, is onderverdeel in komponente van demografiese inligting oor grootouer(s); die situasie van die grootouer(s); inligting oor die familiekind(ers) en inligting aangaande die ervaring van die grootouer(s) as primêre versorger asook die hantering van dissipline van die kleinkind(ers). Met die fokus op die tema of onderwerp in die onderhoudskedule en gestandaardiseerde oopeinde-vraagstelling is onbevooroordeeldheid en onderhoudvoerdereffekte tydens die onderhoud verminder. 'n Reflektiewe benadering tot die inligting wat gesoek is en die interpersoonlike verhouding van die onderhoudsituasie, volg daarna. Respondente is die opsie voorgehou om te besluit waar die onderhoud kan plaasvind sodat hul totaal gemaklik verbaal op vrae kan reageer. In sommige soorte sosiale

navorsing word die navorser aangemoedig om eers die data in te samel voordat enige analise begin word. Kwalitatiewe navorsing verskil hiervan, want daar is geen skeiding tussen data-insameling en data-analise nie.

Analises kan, en behoort, in die studieveld te begin. Soos die data ingesamel word deur onderhoude, veldnotas geneem word, dokumente versamel word ensovoorts, kan die analise reeds in aanvang neem (Gibbs, 2009:3). Flick (2002:227) dui aan dat analitiese induksie georiënteer is om teorieë en kennis te ondersoek deur die analisering of integrering van negatiewe gevalle. Die prosedure van analitiese induksie sluit die volgende in: 'n Voorlopige definisie van die fenomeen word verduidelik. Tweedens word 'n hipotetiese verduideliking van die fenomeen geformuleer. Die aanvanklike hipotese in die studie is dat die grootouers wat kleinkinders grootmaak 'n negatiewe invloed op die akademiese funksionering en gedrag van hul kleinkind het. Derdens word die gevallestudie in die lig van die hipotese bestudeer om uit te vind of die hipotese met die feite in die gevallestudie korrespondeer. Indien die hipotese nie korrek is nie, word dit of herformuleer of die fenomeen wat verduidelik word, word herdefinieer op 'n manier wat die gevallestudie uitsluit. Die hipotese is as volg herformuleer: Die rolle van grootouers wat hul kleinkinders grootmaak se invloede is beide negatief en positief op hul kleinkinders se akademiese funksionering en gedrag afhangende van hoe die huislike omstandighede is, want die invloede reflekteer in die skool. Ek, as navorser van die gevallestudie reël afsprake met die geïdentifiseerde leerders se grootouers waartydens die ek en die grootouer(s) interaktief tot mekaar handel deurdat ek die vrae volgens 'n vooropgestelde skedule stel en die grootouer die antwoorde daarop kan verskaf. Drie grootouerpere en twee van die grootmoeders gee nie om, na verduideliking, dat 'n derde persoon, wat die video-opname waarneem, teenwoordig is nie. Die toestemmingsgesprek vorm deel van die opname. Een grootouer is bereid om die onderhoud toe te staan, maar nie deel te wees van die video-opname nie. Ses van die onderhoude vind plaas of in die naskoolure tydens die week of gedurende 'n Saterdagoggend soos deur die grootouer bepaal. Die sewende onderhoud, met 'n grootmoeder, vind in 'n kerkkonsistorie plaas waar die grootouer as skoonmaker diens verrig. Ek lei die gesprek in verduidelikende, eenvoudiger taal in gevalle waar sodanige versoek gerig is.

3.6.2.1.3 Opvoeders

Omdat die huis-en skoolomgewing aanvullend tot mekaar in hierdie studie werk, is 'n onderhoudskedule vir vier van die vyf betrokke onderwysers voorberei. 'n Studie in Japan toon dat 'n vaardige onderwyser goeie akademiese uitslae bereik deur die regte klasatmosfeer daar te stel (Nakamura, 2011:102). Dit is ook die rede waarom omgewingsfaktore, sosiale faktore, die kleinkind se fisiologiese voorkeure, hul sensoriese inset-voorkeure, die soorte leerstyle van die steekproefleerders, kleinkindkaraktertrekke,

verhoudinge, leerstoornisse en gedragsprobleme deel van hierdie onderwyser-onderhoudskedule vorm.

Ek is doelbewus van die beantwoording van vrae uitgesluit om objektiwiteit te verseker waar ek as onderhoudvoerder moet optree. Die volgende sewes fases is in aanmerking geneem tydens die beplanning van die onderhoudgebaseerde navorsingsprosedure: tematisering; ontwerp; transkribering; analisering; verifieering en rapportering (Cohen, 2000:273-274). Die fases verseker dat die verloop van die ondersoekproses ordelik geskied.

3.6.2.2 Vraelyste

Vraelyste word in die studie gebruik om addisionele inligting rakende vyf kategorieë van die grootouer-kleinkind te bekom. Die vraelys-informasie word addisioneel tot die onderhoud gebruik. Twee definisies van vraelyste lui as volg: Die vraelys is 'n wyd-gebruikte en bruikbare instrument om ondersoekinligting in te samel, om dikwels gestruktureerde, numeriese data te voorsien, om sonder die teenwoordigheid van die navorser geadminestreer te word en om dikwels direk vergelykenderwys geanaliseer te word (Cohen, 2003:245). DePoy (1998:190) definieer vraelyste as geskrewe instrumente wat deur middel van aangesig-tot-aangesig, deur volmag of deur e-pos geadminestreer kan word. Vraelys-respondente is nie passiewe data-voorsieners vir navorsers nie, want die respondent se lewe word binnegedring in terme van die tyd wat gespandeer word om die vraelys te voltooi, die vlak van bedreiging of sensiwiteit van die vrae of die moontlike indringing in privaatheid (Cohen, 2003:245).

3.6.2.2.1 Leerders, grootouers en onderwysers

Cohen, et al. (2003:248) beveel aan dat, indien 'n ligging-spesifieke gevallestudie ondersoek word, is kwalitatiewe, minder gestruktureerde, woordgebaseerde en oopeinde vraelyste moontlik meer geskik omdat dit beter die spesifieke hoedanigheid van die besondere situasie kan vaslê. Cohen (2003:248) noem ook dat waar ryk en persoonlike data gesoek word, 'n woordgebaseerde kwalitatiewe benadering moontlik meer gepas is. In die studie word ryk, in-diepte en persoonlike data verlang, daarom 'n kwalitatiewe benadering.

Beide gestruktureerde en semi-gestruktureerde vraelyste is in die gevallestudie gebruik. Die sterk punte van gestruktureerde vraagstelling lei tot die besluit. Gestruktureerde vraagstelling se sterk punte is: Eerlike response word bekom; 'n groot menigte kan vrae in 'n kort tydperk beantwoord; response tussen groepe kan vergelyk word en statistiese analyses kan uitgevoer word deur response te vergelyk en te beskryf (DePoy et. al, 1998:190). Die vraelyste is ook gebruik om bykomstige inligting te bekom rakende die aanvullende rolle van die huis- en skoolomgewing. Rugg (2007:144) bevestig dat vraelyste baie bruikbaar kan wees vir bykomende data. Die geslote en meer gestruktureerde vraelyste wat toelaat dat patrone observeer en vergelykings getref kan word, is in 'n loodsprojek gebruik om verfyn te word sodat die finale weergawe soveel as moontlik waarskynlike response as wat kan, in die vooruitsig stel. Die vraelyste aan die leerders as respondente vereis minder beskrywings as die semi-gestruktureerde vraelyste aan die grootouers en die onderwysers. Daar is bepaalde voordele aan verbonde wat as redes dien waarom die vraelyste in die studie gebruik is: Dit neig om meer betroubaar te wees; omdat dit anoniem is, moedig dit groter eerlikheid aan en is meer ekonomies om te gebruik as onderhoude in terme van tyd en geld (Cohen, L, 2003:269). Daar is verskillende metodes waarvolgens inligting versamel word en in data getransformeer word. Daar is drie primêre skaalformate wat deur eksperimentele-tipe navorsers gebruik word: die Likert-benadering tot skale, Guttman-skale en semantiese-differensiale skale (DePoy, 1998: 199).

Die leerdervraelys bestaan uit vyf-en-twintig vrae met 'n semantiese differensiaal deurdat 'n byvoeglike naamwoord by elke nommer op die skaal geplaas word, byvoorbeeld:

0	1	2	3	4
nooit	selde	soms	dikwels	altyd

Die respondent dui met omsirkeling aan die posisie wat die raakste haar/sy gevoel verteenwoordig. Osgood et al. (1957), die pioniers van hierdie tegniek, suggereer dat semantiese differensiële skale in drie kontekste baie bruikbaar is: waardebepalend (byvoorbeeld: waardevol-waardeloos, bruikbaar-onbruikbaar, goed-sleg); vermoë

(byvoorbeeld: groot-klein, swak-sterk, lig-swaar); en aktiwiteit (byvoorbeeld: vinnig-stadig, aktief-passief, dinamies-lusteloos) (Cohen, 2003:253). Waardebepalende skale kombineer die geleentheid vir buigsame response met die vermoë om frekwensies, korrelasies en ander vorme van kwantitatiewe ontledings te bepaal. Die tipes skale gun die navorser die vryheid om meting met opinie, kwantiteit en kwaliteit te laat saamsmelt. Die vyf-en-twintig vrae in die leerdervraelys word vyf per groep in die volgende kategorieë geklassifiseer: gesondheidsaspekte van individue in die grootouergeleide huishouding; finansies; dissipline; ingesteldheid teenoor akademie en skoolmaatskaplike dienste. Vrae of stellings word een per kategorie per vyf groepe van vyf afgewissel byvoorbeeld, gesondheidsaspekte word gedek deur vrae genummer 1, 6, 11, 16 en 21; finansies word gedek deur vrae genummer 2, 7, 12, 17 en 22; dissipline word gedek deur vrae genummer 3, 8, 13, 18 en 23; akademiese ingesteldheid – vrae is 4, 9, 14, 19, 24 en skoolmaatskaplike dienste word deur vrae genummer 5, 10, 15, 20 en 25 gedek. Die totale van elke kategorie word daarna op 'n opsommingsblad bymekaar getel en die somtotaal per leerder bereken en analyses daarvandaan gemaak.

'n Soortgelyke semantiese differensiale vraelys word aan die grootouers gegee vir voltooiing. Die vraelys bestaan ook uit vyf-en-twintig vrae wat vyf per groep per dieselfde kategorie as die van die leerdervraelys geklassifiseer word. Die totale van die onderliggende kategorieë word vir ontleding in 'n finale opsommingstabel saamgevat. Beide die leerdervraelys en die grootouer-vraelys verlang die gevoel en opinie van veral omstandighede en verhoudinge by die grootouerswoning.

Die grootouer-vraelys verskil van die leerdervraelys deurdat elke vraag verskil en 'n grootouergevoel of oogpunt verlang word.

'n Derde semantiese differensiale vraelys wat soortgelyk in formaat as die twee eersgenoemdes is, is aan die opvoeders gegee om laasgenoemde se mening oor die steekproef te verkry. Die prosedure van voltooiing geskied op dieselfde wyse: Vraelyste aan die grootouer en die leerders asook betrokke opvoeders verskaf addisionele inligting oor die probleem, te wete die grootouerrol se invloed. Kodering is 'n manier om die data te organiseer (in die verskillende kategorieë) en te bestuur.

Nadat die inligting uit die vraelyste, die onderhoudskedules en dokumente soos die kumulatiewe verslagkaarte, die bywoningsregister, leerderprofile en assesseringsopdrag-uitslae verkry is, is die data elke keer georganiseer. Die data is gesistematiseer en georganiseer byvoorbeeld deur redigering, klassifisering en tabulering voordat dit 'n betekenisvolle doel kan dien (Sidhu, 2010:276). Redigering impliseer die kontrolering van

bymeekaargemaakte data vir akkuraatheid, bruikbaarheid en volledigheid. Klassifisering verwys na die opverdeel van die data in verskillende kategorieë, klassifikasies of subhofies wat gebruik is. Tabulering dui die rekordering van die geklassifiseerde materiaal in akkurate wiskundige terme aan (Sidhu, 2010:276). In die studie geskied die tabulering deur middel van persentasies. Transkribering is 'n deurslaggewende stap, want in hierdie fase is die potensiaal van 'n massiewe dataverlies, verdraaiing en die reduksie van ingewikkeldheid, opgesluit (Cohen, 2003:281).

Analise van die data beteken dat die getabelleerde materiaal bestudeer word sodat die inherente feite of betekenis vasgestel kan word (Sidhu, 2010:276). Die bestaande komplekse faktore word opgebreek in eenvoudiger dele. Die dele word saamgevoeg in nuwe rangskikkings om geïnterpreteer te word (Sidhu, 2010:276). Die vooropgestelde plan van analise geskied as volg: Die gekodeerde vraelyste van die grootouers, die leerders en die opvoeders se telling van elke respondent is gerangskik volgens die reeds genoemde vyf kategorieë. Kommentaar, uitgedruk in persentasies, is oor die data van elke respondent volgens die gegewe kriteria gelewer en neergeskryf. Sidhu (2010) dui aan dat die proses waaksaam, buigsaam en met 'n oop gemoed gedoen word (Sidhu, 2010:276). Geen ooreenkomste, verskille, tendense en uitstaande faktore mag ongesiens verbygaan nie.

3.6.2.3 Data: sekondêre bronne

3.6.2.3.1 Skoolbywoningsregister

Data oor skoolbywoning deur die grootmaakkleinkind is uit die bywoningsregister verkry. Die data dien as 'n aanwyser of daar onderliggende redes is waarom die kleinkind gereeld skool bywoon of nie. Die ouderdomme van die kleinkinders, soos op Cemis verskyn, kan in die bywoningsregister bevestig word, want die klasopvoeder moet die inskrywings vanaf die leerder se geboortesertifikate doen.

3.6.2.3.2 Deelnemer-observasie

Deelnemer-observasie is in die studie as 'n strategie gebruik om inligting oor die fenomeen van grootouerrolle se invloed op hul kleinkinders se akademiese funksionering en gedrag in te samel. Die observasie-metode word as 'n wetenskaplike tegniek beskryf in soverre dit (a) dien as 'n geformuleerde navorsingsdoel, (b) sistematies beplan is, (c) sistematies opgeteken is en verband hou met algemene proposisies en (d) onderwerp word aan vasstelling en beheer ten opsigte van geldigheid, betroubaarheid en akkuraatheid (Sidhu, 2010:160). Die doel van die observasie is om vas te stel watter afwykende gedrag, indien enige, die steekproef in die klas en die speelterrein openbaar. Die inligting is gebruik om vas te stel of herhalende gedrag enigsins verband hou met die rol wat die grootouer in die kleinkind se lewe speel. Die steekproefleerders is tydens die verloop van die 2012-

akademiese jaar in graad 7 waargeneem. Die waarnemings is deur my sistematies objektief opgeteken, veral ten opsigte van afwykende gedragspatrone by die steekproef. Ek bespreek die waarnemings twee keer per kwartaal met die ander vier betrokke opvoeders. Die besprekings word in graadvergaderings tydens die aanvang van die kwartaal sowel as tydens die toets-en eksamenanalise - vergadering aan die einde van 'n toetsreeks of Junie-eksamen gedoen.

Hierdie inligting is vervolgens in 'n deskriptiewe wyse deurgegee deurdat waarnemings tydens die verloop van die akademiese jaar gedoen is. Bogenoemde metode voldoen aan die deelnemer-observasie-ontwerp naamlik dat die navorser betrokke in die skoolaktiwiteite van hierdie steekproefgroep deur middel van onderrig en leer is, waarnemings in 'n verslag neergeskryf is en nadat hul toestemming verkry is ongewone gedrag geobserveer word.

Gedetailleerde notas is dan in verstaanbare formaat neergeskryf. Die rekords van observasie is geanaliseer en gevolgtrekkings is gemaak.

3.6.2.3.3 Geldigheid en betroubaarheid

Slavin (1984:77) dui aan daar twee konsepte is wat krities belangrik is om kwessies van meting in sosiale wetenskappe navorsing te verstaan: geldigheid en betroubaarheid. Tydens die seleksie van 'n skaal of 'n ander tipe meting moet twee kwessies in aanmerking geneem word. Die eerste kwessie is of die instrument konstant of betroubaar 'n veranderlike meet. Die ander kwessie is of die instrument toepaslike of geldige meting verteenwoordig van die onderliggende konsep van belang (DePoy, 1998:201). Flick (2002:228) haal Lincoln en Guba (1985) aan wat "trustworthiness, credibility, dependability, transferability and confirmability" as kriteria in kwalitatiewe navorsing propageer. In die studie is die onderwerp van belang die grootouerrol-invloed op grootmaakkleinkinders se akademiese funksionering en gedrag.

Flick (2011:208) dui aan dat Mishler (1990) die konsep van geldigheid herformuleer deur by die proses van geldigheid te begin pleks van om by die toestand van geldigheid te begin. Flick (2011:208), met verwysing na Mishler (1990), definieer geldigheid as die sosiale konstruksie van kennis waarvolgens die betroubaarheid van observasies, interpretasies en veralgemenings gevalueer word. Geldigheid is te doen met of die metings werklik meet wat beoog is om te meet en of dit iets anders is wat gemeet word.

Barbie (2014:334) dui aan dat betroubaarheid, aan die ander kant, 'n kwessie van afhanklikheid is. Volgens Babbie (2014) voorsien veldnavorsing (soos die gevallestudie oor grootouerrolle in grootmaakkleinkinders se lewe) groter geldigheid as om opnames en eksperimentele metings te doen. Barbie noem egter dat veldnavorsers 'n potensiële probleem het met betroubaarheid (Barbie, 2014: 335), daarom word geleentheid tot

kredietwaardige toetsing gestel. 'n Video – opname word wel in die studie gedoen om betroubaarheid en kredietwaardigheid te bevestig.

Vyf strategieë oor die verhoging van kredietwaardigheid van kwalitatiewe navorsing wat Flick (2002:228), met verwysing na Lincoln en Guba (1985), aanhaal, is:

1. aktiwiteite wat die waarskynlikheid toon dat kredietwaardige resultate geproduseer word deur middel van ' uitgestrekte verbintenis" en "volgehoue observasie" in die veld en die triangulering van verskillende metodes, navorsers en data;
2. "portuur bespreking": gereelde vergaderings met ander mense wat nie in die navorsing betrokke is nie sodat 'n persoon se eie blinde kolle openbaar word en om werk-hipoteses en resultate met hulle te bespreek;
3. die analyses van negatiewe gevalle in die sin van analitiese induksie;
4. die betekenisvolheid van die terme van verwysing van interpretasies en hul assessering;
5. "lede-kontrole in die sin van kommunikatiewe validasie van data en interpretasies met deelnemers van die navorsingstudie.

Ek is daaglik met die kleinkinders in die skoolwerk in verbinding, besprekings oor die leerders word daaglik informeel en kwartaallik formeel op 'n graad 7- opvoedervergadering gedoen.

Flick (2002:229) haal ook Lincoln en Guba (1985:320-7, 382-4) aan wat die volgende oor selfstandigheid aandui: Afhanklikheid ("dependability") word gekontroleer deur 'n proses van ouditering. Proseduurlike ouditering word in die volgende areas kontroleer:

- die voorlopige data, hul versameling en rekordering;
- data- reduksie en resultate van sinteses deur teoretiese notas op te som, memoranda ens., opsommings, kort beskrywings van gevalle ens.;
- rekonstruksie van data en resultate van sinteses volgens die struktuur van ontwikkelde en gebruikte kategorieë (temas, definisies, verhoudings), bevindinge (interpretasies en verwysings) en die verslae wat met integrasie van konsepte en skakels met die bestaande literatuur geproduseer word;
- proses- notas, bv. metodologiese notas en besluite rakende die produksie van vertroulikheid en kredietwaardigheid van bevindinge;
- materiaal betreffende intensies soos die konsepte van navorsing, persoonlike notas en verwagtinge van die deelnemers;
- informasie oor die ontwikkeling van die instrumente wat die loodsweergawe en vooropgestelde planne insluit.

Data oor skoolbywoning voldoen aan die vereistes van geldigheid en betroubaarheid, want die inligting oor aanwesigheid is verkry uit die amptelike klasbywoningsregister wat weekliks deur 'n adjunkhoof geverifieer word. Data oor watter leerder uit die graad 7-klas vir 2012 deur 'n grootouer grootgemaak word en by hul inwoon, is bevestig deur die leerderrespondent self en nagegaan deur die navorser deur na die leerderprofiel te kyk om te verseker dat dit wel 'n kleinkind is wat deur grootouers grootgemaak word. Die informasie is ook deur die grootouer(s) bevestig.

Die ouderdomme van die steekproefgroep is verkry vanaf amptelike geboortesertifikate waarvan 'n afskrif in die leerderprofiel in voorraad vir skolastiese gebruik geberg word. Leerders beskik ook oor 'n unieke nommer, waarin die geboortedatum verskyn, op die CEMIS- stelsel van die Wes- Kaap Onderwysdepartement.

Akademiese uitslae is vanaf amptelike puntelyste vanaf vakonderwysers verkry en is bevestig deur die verskyning daarvan op amptelike Wes-Kaap Onderwysdepartement-punteskedules en leerderuitslae-kaarte. 'n Interne modereringsstelsel van vraestelle by die betrokke skool en die oordrag van punte vanaf vraestelle na puntelyste-en skedules verleen betroubaarheid van data oor die aspek van die navorsing. Formele en informele besprekings vind ook deurlopend plaas tussen die leerarea-opvoeders oor akademiese leerderprestasie en gedrag van leerders wat hul onderrig.

Die beskikbaarheid van data vir analise uit bogenoemde sekondêre bronne is maklik bekombaar, aangesien ek drie leerareas aan leerderrespondente in 2012 onderrig en deurlopend met die leerderprofiel werk.

3.7 Data –analise: die teoretiese raamwerk

Die probleem wat in hierdie gevallestudie geanaliseer word, is antwoorde op die vraag oor wat die invloed van die grootouerrolle op die akademiese funksionering van hul kleinkinders is wat deur hul grootgemaak word. Beïnvloed die rol wat die grootouer in die kleinkind se opvoeding speel, die kleinkind se akademiese funksionering en gedrag op 'n negatiewe of positiewe wyse? Word gesonde vertikale verhoudinge met senior figure in die kleinkind se lewe gevorm? Gesonde vertikale verhoudinge mag moontlik gesonde horisontale verhoudinge met die ouderdomsgroep verstewig. In hoe 'n mate slaag die grootouers daarin om die ouerrol 'n tweede keer te vertolk? Hierdie tuis – en skoolomgewing van die kleinkind is in die studie in vyf kategorieë verdeel, naamlik die gesondheidsaspekte in die grootouerhuishouding; die finansiële omstandighede van die grootouers; die toepassing van dissipline in die grootouer-huishouding; die algemene ingesteldheid van die kleinkind teenoor skoolwerk en die rol wat skoolmaatskaplike dienste speel.

Hierdie ondersoek is geriglyn deur die teoretiese raamwerk van die hegtheidsteorie (Bowlby, 1944), die rolteorie (Merton, 1957) se teorie veral die dubbelsinnige rol van die grootouers asook die rol van die onderwyser wat met die grootmaakkleinkind van die grootouer in die skool werk, Piaget (1896-1980) se vlak van formele operasies tydens kognitiewe ontwikkeling, asook die rol van sosiale ondersteuning. Die teorie van interpretivisme is tydens metodologiese analise toegepas. Gibbs (2009 :5) dui aan dat kwalitatiewe analises geriglyn en geraamwerk word deur reeds bestaande idees en konsepte. Dikwels word vermoedens deur die navorser gekontroleer; dit beteken dat spesifieke verduidelikings van algemene teorieë afgetrek word en daar word gekyk of omstandighede wat observeer word, werklik korrespondeer. In die gevallestudie is gekyk of versamelde data nuwe veralgemenings kan produseer en regverdig om sodoende nuwe begrip te toon vir die fenomeen van kleinkinders wat deur hul grootouers grootgemaak word. Die hegtheidsteorie van Bowlby kan toon of en hoe die horisontale – en vertikale verhoudings van die kleinkinders beïnvloed word. Die rolteorie verwys na die ervaringe van die grootouer wat die ouerrol vir 'n tweede keer moet vertolk deur die kleinkind te moet grootmaak. Piaget se formele operasionele vlak van ontwikkeling se kenmerke is vergelyk met die kleinkinders wat almal in die ouderdomsgroep van 12 tot 15 jaar val. Die data uit die ondersoek toon watter idees en konsepte van die teorieë die kleinkind se akademiese funksionering en gedrag raak.

3.8. Etiese oorweginge

Drie hoofareas van etiese kwessies is veral identifiseer- ingeligte toestemming, vertroulikheid en die gevolge van die onderhoud, want elkeen is problematies, byvoorbeeld wie moet die toestemming verkry? Is dit die deelnemer of die toesighouer se verantwoordelikheid? Hierdie tipe kwessies is deeglik tydens die beplanningsfase van die studie deur die betrokkenes in die navorsingstudie bespreek, oorweeg en ooreengekom.

Toestemmingsbriewe is van die navorsingsdirektoraat van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement verkry om toestemming tot navorsing in die skoolopset te verkry. Toestemming is vanaf die skoolprinsipaal verkry om formeel toegang tot relevante bronne te verkry en om dit oordeelkundig te gebruik. Toestemming vir deelname aan die studie is vanaf die kleinkinders, hul grootouers en betrokke opvoeders verkry.

Die beginsel van ingeligte toestemming is toegepas. Dit beteken dat alle deelnemers presies ingelig is waarby hulle hul inlaat, wat van hulle verlang word tydens die navorsing en wat met die data na die navorsing gebeur wat deur hul verskaf is. Hierdie informasie is voor die aanvang van die studie aan die deelnemers deurgegee. Dit is ook aan die deelnemers verduidelik dat hul die reg het om ter eniger van die ondersoek te onttrek en dat die data wat

vanaf hulle ingesamel is aan hul terugbesorg sal word indien hul dit so verkies of dat die data vernietig sal word (Gibbs, 2009 :8).

Alhoewel kwalitatiewe data gewoonlik persoonlik en individueel is, is die vertroulikheid nie 'n kwessie tydens die navorsing nie omdat die deelnemers nie omgee het of die data bekend gemaak sal word nie, want hulle is verseker dat geen name aan enige ander persoon, behalwe die navorser bekend is nie. Die grootouers is ook ingelig dat eksaminatore van die navorsingswerk moontlik die video-opname sal bestudeer, maar dat geen grootouer se naam daarin verskyn of genoem word nie. Respondente is die opsie voorgehou om te besluit waar die onderhoud kan plaasvind sodat hul totaal gemaklik verbaal op vrae kan reageer. Die onderhoude met die grootouers is op video vasgelê vir betroubaarheid en geldigheid.

3.9. Opsomming

Die basiese struktuur van kwalitatiewe is dus in die hoofstuk aangespreek nl. die inleiding, die konseptuele raamwerk (literêre oorsig), die navorsingsvrae-en-metodes, die etiese kwessies en opsomming. Beide die hoofbenaderings tot data-insameling naamlik deur middel van primêre en sekondêre bronne is in die gevallestudie gebruik. Die steekproefgrootte is 9 ingeskrewe graad 7-kleinkinders aan 'n kwintiel-vier- skool wat almal vir die studie kwalifiseer deurdat hul of deur 'n grootouer of grootouerpaar grootgemaak word. Etiese oorwegings tydens die voorbereiding van die gekodeerde vraelyste en die onderhoudskedule in hierdie hoofstuk aangedui. Beide gestruktureerde en semi-gestruktureerde vraelyste is vir komplimentêre redes in die studie gebruik. 'n Hoofsaaklik gestandaardiseerde oopeinde –onderhoudskedule (as primêre bron) is by grootouer- en -opvoederdata- insameling gebruik. Die voordele en nadele verbonde aan die data-insamelingmetodes is in die hoofstuk geregverdig.

Die respons van die ingesamelde data word in hoofstuk vier gerapporteer.

HOOFSTUK VIER: BESPREKINGS EN RESPONSE VAN DIE GROOTOUERROL-INVLOEDE

4.1 Inleiding

Die doel van hierdie gevallestudie is om die fenomeen van grootouerrolle se invloed op die akademiese funksionering en gedrag van hul grootmaakkleinkinders vas te stel. Ek beoog om vas te stel of die invloed positief of negatief in die gevallestudie is, want literatuur dui op beide positiewe en negatiewe invloede van die tipe plasings. Ek veronderstel dat die grootouerrol meer negatief as positief is, want my ervaring in die klas is dat die kleinkinders as leerders nie betyds of gereeld hul assesseringsopdragte uitvoer nie, sonder grondige redes afwesig is, nie altyd oplet nie en nie altyd hul samewerking tydens groepwerk gee nie. Dié aspekte is waarna die term “akademiese funksionering en gedrag” in die studie verwys. Die essensiële hoofvraag is: Wat is die invloed van die verskillende rolle wat grootouers speel op die akademiese funksionering en gedrag van hul grootmaakkleinkinders? Die proses van induktiewe analise is toegepas. Flick (2002:227) dui daarop dat analitiese induksie begin eksplisiet vanaf ‘n spesifieke geval. Flick (2002:227) haal Buhler-Niederberger aan: Analitiese induksie is ‘n metode van sistematiese interpretasie van gebeure, wat die proses van generering van ‘n hipotese sowel as die toetsing daarvan, insluit. Die uitsluitlike instrument is om die veranderlike, die afwykende geval van die hipotese, te analiseer.

Om die vraag te beantwoord, moet die ek die omstandighede by die grootouerhuis en die skoolomgewing ondersoek. ‘n Profiel van die grootouer(s) is deur middel van ‘n onderhoud saamgestel. Die grootouer(s), die opvoeders en die steekproefleerder(s) is betrek deur middel van ‘n vraelys (as addisionele informasie), maar meer belangrik, onderhoude met sewe leerders se grootouer(s) en vier opvoeders, waarvan die reponse na die analise van die onderhoud deurgegee is.

Die respons van die ondersoek word in verskillende komponente aangebied, maar nie noodwendig kronologies volgens die onderskeie onderhoudskedules en vraelyste nie. In die grootouers se respons op vrae soos in die onderhoudskedule vervat, bied die grootouers beide positiewe en negatiewe kommentaar oor hul gesondheid, finansies, maatskaplike ondersteuning, kleinkind-dissipline en akademie. Die respons van die grootouers en hul rolle word deur middel van die onderhoude met die onderwysers aangevul of weerspreek om die tipe kleinkind in die skoolomgewing te ontbloot. Op dieselfde wyse dien die vraelys-informasie bloot ter aanvulling van die onderhoude. Die onderhoud met die grootouer(s) voorsien biografiese gegewens, die grootouer-huissituasie en die grootouer(s) se ervaring met die grootmaak van hul kleinkind.

4.2 Onderhoude: Biografiese Profiel: grootouer (s)

Onvoorsiene faktore, byvoorbeeld onkundige oorversigtigheid deur die grootouer (s), lei daartoe dat sewe en nie al nege leerders se enkelgrootouer en/of grootouerpere deelnemers van die onderhoudskedule vir die grootouers is - vier enkelgrootouers en drie grootouerpere. 'n Profiel van die grootouer(s) verskaf meer informasie en agtergrond oor die kategorieë, gesondheidstatus en finansiële omstandighede by die grootouewoning wat bepalend inwerk oor hoe die grootouerrol vertolk word. Biografiese inligting van grootouers informasie is in tabelvorm saamgevat (sien addenda, tabel 4.1). Die besprekings en response is as volg:

4.2.1 Ouderdom

Die reponse toon dat vier (57%) van die vroulike deelnemers en drie (42%) manlike deelnemers tussen 51 tot 60 jaar is en drie (42%) vroulike deelnemers bo 61 jaar is. Van Rensburg (2006:89) haal Everett (1995:89) aan wat bevind dat daar 'n ooreenkoms met Everett (1995:241) se studie is, naamlik dat die meerderheid pleegouers ouer as 51 jaar en meestal die grootmoeder is. In die gevallestudie is al sewe (100%) deelnemers in die onderhoudskedule bo die ouderdom van 50 jaar. Die tien grootouers is dus almal in die bejaarde lewensfase.

4.2.2 Huwelikstatus

Verskillende tipes gesinsamestellings word in die hedendaagse samelewing aangetref; daarom is dit belangrik vir hierdie studie om vas te stel of die grootouers getroud is of was sodat ek kan vasstel in watter huislike milieu die kleinkind grootgemaak word. Response tydens die onderhoud toon dat drie (43%) van die grootouerpere getroud is en beide die grootouers nog leef. Vier (57%) van die grootouers is grootmoeders waarvan die wederhelf reeds die lewe gelaat het, met ander woorde hulle is weduwees. Sterfte is die oorsaak dat die vier grootmoeders bejaard en enkellopend is.

4.2.3 Opvoedkundige vlak

Vyf (71%) van die grootmoeders is reeds op primêre skoolvlak uit die formele skoolstelsel terwyl een (14%) oor graad agt-opvoeding beskik en een (14%) ongeskoold is. Die drie grootvaders van die getroude deelnemers beskik oor slegs primêre skoolopvoeding. Toe gevra is om te spesifiseer wat die graad van skoolverlating is, is response soos volg getoon:

Standaard 6, ons moes gaan werk om ons ouers te help.

Standaard 3, Ma en Pa het te min verdien.

Standaard 3, op die plaas moet ons gaan werk.

Standaard 4, ons as kinders was verplig om te gaan werk.

Standaard 6, die naaste hoërskool was in die Kaap.

Die term “standerd” staan deesdae bekend as “graad”. Die gebruik van die grootouer van die ou term gee ‘n aanduiding in watter tydvak hy/sy nog op skool was. Dit is opvallend dat van die grootouers skaam-bewus is van die lae vlak van skoolopleiding toe die informasie gevra is. Die statistiek is belangrik wanneer in ag geneem word dat die grootouers tog akademiese ondersteuning, byvoorbeeld tydens die doen van tuiswerk aan die kleinkind wat hul grootmaak, moet gee. Dis egter te betwyfel of die grootouer intellektueel kan bydra tot die afhandeling van tuiswerk. Die afleiding word gemaak dat die grootouers in die studie ‘n lae opvoedkundige vlak het. Die grootouers kan wel in ‘n toesighoudende hoedigheid toesien dat die kleinkind sy/haar tuiswerk doen.

4.2.4 Werkstatus

Statistiek toon dat drie (43%) van die enkelgrootouers gedwonge pensionarisse is terwyl een (14%) vader van die grootouerpere in die studie ‘n gedwonge pensionaris is. In die geval van een (33%) van die drie getroude grootouerpere beskik die grootmoeder oor ‘n deeltydse werk terwyl die grootvader tans in ‘n vaste werk is. Een (25%) van die enkelgrootouers, ‘n grootmoeder, is werkloos. Twee (29 %) van die getroude grootmoeders is huisvroue waarvan een se wederhelfte weens diabetes ongeskik vir werk verklaar is en die grootouergeleide gesin op hul dogter (nie die biologiese ma van die grootmaakkleinkind nie) moet staatmaak om te help om in die behoeftes van die kleinkinders te voorsien. (Kleinkinders, omdat die kleinkind wat lid van ‘n tweeling is waarvan die ander lid van die tweeling een jaar akademies meer tyd in graad ses in 2012 benodig). Die onsekerheid wat gepaardgaan met onder die broodlyn leef, is duidelik op die steeds getroude grootmoeder se gesig te lees wanneer sy die vraag oor die werkstatus van haar wederhelf beantwoord:

Hy is ongeskik verklaar en bedlêend as gevolg van “suiker” en “galblaas”.

Dokter Morrison het gesê dat hy sy been binne ses maande kan verloor.

4.2.5 Bron van inkomste

Die data toon dat drie (75%) van die enkelgrootmoeders moet staatmaak op ouderdompensioen. Twee (50%) van die vier enkelgrootouers se finansies word aangehelp deur ‘n pleegouertoelaag, een (25%) se ouderdompensioen word met ‘n onderhoudstoelaag aangevul, terwyl een (25%) enkelgrootouer slegs die ouderdompensioen as inkomste het om vir die gesin te sorg. Een (33%) is totaal afhanklik van die ongeskiktheidstoelaag. Een (33%) grootouerpaar ontvang elk ‘n pleegouertoelaag terwyl hul werkende dogter gedeeltelik sorg vir ‘n verdere bron van inkomste. Die dogter is nie die biologiese ma van die kleinkind nie- die biologiese ma se adres is onbekend aan die grootmoeder omdat sy met dwelms eksperimenteer en feitlik nooit tuis is nie. Die dogter ontvang maandeliks R400 vanaf die padongelucksfonds omdat sy in haar vroeëre lewe in ‘n ongeluk was. Een (33%)

grootouerpaar ontvang albei 'n salaris per maand die grootmoeder as koster by 'n kerk en die grootvader as munisipale werker. Op die vraag oor die bron van inkomste vir die grootouer geleide huishouding is in twee gevalle as volg geantwoord:

My man ontvang so "twee". (dis 'n verwysing na R2000 per maand).

Die kerk moet maar sorg dat ek elke maand "iets" kry. (dis 'n verwysing na haar salaris as koster en skoonmaker).

Ek is die een wat maar in alles moet voorsien. My seun "pay" nie baie nie. (Haar seun is die biologiese vader van die kleinkind wat sy grootmaak).

Die onsekerheid wat na vore kom in die geval van geldelike tekorte, is duidelik hoorbaar en in gesigsuitdrukkings waarneembaar. Die response bevestig die afleiding dat die grootouers wat hul kleinkinders moet grootmaak finansiële uitdagings ervaar.

4.2.6 Behuising

Grootouers is gevra watter soort struktuur hulle bewoon en wat die aard daarvan is. Al die grootouerpare en die enkelgrootouers (100%) woon in hul eie woning waar die kleinkind grootgemaak word. Al sewe gevalle (100%) van die kleinkinders se grootouerhuise is met bakstene gebou, alhoewel in een geval die baksteenwoning deur middel van informele behuisingsmateriaal uitgebrei is ter wille van groter ruimte. 'n Duidelike trots in die stemtoon is gehoor toe die vraag oor die tipe woning beantwoord word. Tydens die onderhoud is waargeneem dat, alhoewel die ruimte in die grootouerhuis in al sewe gevalle beperk is, vertoon dit binne die huise redelik netjies. Die erfruimte van ses gevalle waar die onderhoude gevoer is, is ook beperk - die ander onderhoud is by die grootmoeder se werkplek, in die kerkkonsistorie, gevoer. In drie gevalle (43%) woon in die wonings vyf persone, in twee gevalle (29%) woon ses en meer persone en in die een geval (14%) vier persone terwyl die ander woning (14%) drie persone huisves. Die afleiding word gemaak dat in die gevalle waar vyf en meer persone in die woning leef, leefruimte beperk is. Die omstandighede om tuiswerk te doen, is nie juis positief nie.

4.2.7 Gesondheid

In een geval van die grootouerpere beskou beide die grootmoeder en die grootvader hul gesondheid as baie goed terwyl twee grootmoeders hul gesondheid as gemiddeld beskou en een grootvader sy gesondheid as gemiddeld beskryf. Twee enkelgrootmoeders beskou hul gesondheid as baie goed terwyl een onderskeidelik hul gesondheid as gemiddeld en swak beskou. Vier (40%) grootouers beskou dus hul gesondheid as baie goed, vier grootouers (40%) as gemiddeld terwyl twee grootouers (20%) se gesondheid as swak aangegee word. In een geval waar die gesondheid as swak aangegee word, is dit 'n grootvader en kan die grootmoeder tog voldoende na die kleinkind omsien sodat die kleinkind se akademiese vordering nie noodwendig negatief beïnvloed word nie. In al die ander gevalle erken die grootmoeder dat haar gesondheid haar binne die vermoë plaas om na die kleinkind se welstand om te sien sodat akademiese funksionering en gedrag nie negatief beïnvloed word nie. Response deur die grootouer(s) oor gesondheid lui as volg:

My gesondheid is oraait.

Dis net my bene . Oupa (met verwysing na haar man) is ook oraait.

My gesondheid is nie so goed nie. Dis hoë bloed, suiker...my voete is so te sê klaar...rumatiek.

Die grootouers toon dus aan dat hul gesondheid sodanig is dat dit nie die grootmaakkleinkind negatief beïnvloed nie.

4.2.8 Godsdienstverband

Op die vraag aan watter kerkverband die grootouers behoort, blyk dit dat al sewe respondente (100%) aan een of ander christelike denominasie behoort. Een grootmoeder (14%) behoort aan 'n Pinksterkerk, twee enkelgrootmoeders aan 'n charismatiese beweging en twee (14%) grootouerpere behoort aan die tradisionele Verenigde Gereformeerde Kerk, een (14%) enkelgrootouer aan die Verenigde Gereformeerde Kerk en een enkelgrootouer aan die African Methodist Episcopal Church. Die grootouers beklemtoon dat hul hul kleinkinders met christelike waardes grootmaak wat natuurlik 'n invloed op hul gedrag het. Die afleiding kan gemaak word dat die grootouers kerklidmaatskap hoog op hul prioriteitslys plaas.

4.2.9 Grootouersituasie

'n Voorstelling van informasie oor die omstandighede van die grootouer(s) wat die kleinkind moet grootmaak, word in tabel 4.2 (sien addenda 4.2) uitgebeeld. In genoemde tabel word die aantal jare deurgegee wat die kleinkind deur die grootouer (s) grootgemaak is, die opleiding wat die grootouer as primêre versorger van kleinkinders ontvang, die samewerking

tussen skoolmaatskaplike dienste en die grootouer(s), die kontak wat daar is tussen biologiese ouer(s) en die kleinkind, of die inkomste in die grootouerwoning genoegsaam is en in hoe 'n mate die akademie beïnvloed word asook die permanente of nie-permanente plasing van die kleinkind by die grootouer.

4.2.9.1 Tydperk as versorger

Data toon dat drie (42%) van die grootouers (en in al drie gevalle die grootouerpere) langer as 10 jaar hul kleinkinders grootmaak. In drie gevalle (43%) versorg grootouers hul kleinkinders vir tussen 6-10 jaar en in 'n enkel (15%) geval vir tussen 1-5 jaar. 'n Gevoel van deernis en liefde vir die grootmaakkleinkind word waargeneem uit response soos deur grootouers deurgegee op die vraag oor die tydperk wat die grootmaakkleinkind deur haar of hulle versorg word.

Sy bly al van geboortedag af by my.

Hy bly hier feitlik vanaf geboorte by ouma, die dag toe sy ma gesterf het.

Hy bly min of meer vanaf twee maande by my.

Sy bly by my vanaf laas jaar toe sy in graad 6 was.

4.2.9.2 Grootoueropleiding

Slegs in een (14%) geval is 'n enkelgrootouer darem basies opgelei om as primêre versorger van haar kleinkind op te tree. Die ander ses (86%) grootouers beskik oor geen opleiding nie. Sosiale ondersteuning is dus nodig. Dit is waargeneem tydens die onderhoud dat die grootouer(s) nie deel wil wees van 'n opleidingsprogram niemoontlik omdat hulle dit eerder as 'n akademiese uitdaging (denkende aan die lae skoolopleiding van die grootouer) sien en nie as ondersteuning nie.

4.2.9.3 Sosiale dienste – ondersteuning

In ses gevalle (87%) werk die grootouers en die skoolmaatskaplike werker nie saam ten opsigte van die kleinkind se huis- en- skoolomgewing nie. In die een (14%) geval dui die grootmoeder aan dat daar wel samewerking tussen haar en skoolmaatskaplike dienste is, maar sy kon nie motiveer hoekom sy so geantwoord het nie. Die grootouer(s) behoort taktvol in die tipe ouerrol opgelei en ondersteun te word. Dit is duidelik dat van die grootouers nie gediend is om met maatskaplike dienste saam te werk oor hul kleinkind nie, want response soos die volgende lei tot die afleiding:

'n Wit vrou tjie (maatskaplike werker) het my gesê om "in te gaan vir die geld,"

maar vir my is dit so 'n lang storie. (met verwysing na die proses om aansoek te doen vir toelaaggeld vanaf maatskaplike dienste).

Nee, daar is nie samewerking nie. Die ouers help of stuur geld wanneer gevra word.

Haar ma (kleinkind se biologiese ma) "pay" nog vir haar. (hierdeur insinueer die grootouer dat sy nie wettige toesig oor die kleinkind het nie).

Die grootouer(s) benodig ondersteuning deur gelei te word dat sosiale werkers en dienste ingestel is om onder andere vir grootouers tot hulp te wees en nie ten doel het om die kleinkind die grootouersorg weg te neem nie.

4.2.9.4 Kleinkindkontak met ouers

Vier grootouers (57%) dui aan dat daar wel kontak is tussen die biologiese ouer en die kleinkind wat hul grootmaak. In een van die vier gevalle noem die grootouerpaar dat die seun in sy tienerstadium is en dat hy verkies om so gereeld as moontlik met albei sy ouers kontak te hê. Die grootmoeder, wat die spreekbuis tydens die onderhoud is, spreek egter haar bedenkinge uit en spreek die mening uit dat dit eerder vir die moeder van die kind oor toelaaggeld gaan; dat die biologiese moeder, wat nie die grootouer (wat die kommentaar lewer) se kind is nie, 'n onstabiele lewe van drankmisbruik ervaar en dat sy die kind beïnvloed om by haar te kom woon - die kommentaar skyn subjektief te wees. Ironies genoeg noem die grootouer dat daar wel gesonde kontak tussen die grootouers en hul biologiese seun is, wat ook die vader van die kleinkind is. Verhoudinge van die kleinkind met die volwassenes word dus geaffekteer.

In die tweede geval is daar slegs een keer per maand, op salarisdag, kontak tussen die kleinkind en haar pa wat as tronkbewaarder werk terwyl die biologiese moeder totaal afwesig is. In die derde geval is daar slegs naweke kontak tussen die kleinkind en haar pa terwyl die kleinkind slegs vakansietye die moeder sien. In die vierde geval kuier die kleinkind tydens vakansietye by die biologiese moeder wat op 'n plaas woon en is daar slegs kontak omdat die kind graag haar moeder wil sien. In die geval woon die kleinkind en haar pa by die grootmoeder. In drie gevalle (43%) is daar geen kontak tussen kind en ouer nie. In een geval is beide die ouers van die kind reeds meer as tien jaar gelede weens 'n siekte oorlede. In die tweede geval is die moeder in 2010 oorlede met geen kontak tussen die pa en die kind nie. In die derde geval het die kleinkind se biologiese moeder lank gelede in Kaapstad gaan werk en maak nooit kontak nie. In al drie hierdie gevalle is daar dus geen kontak tussen die grootouer en die biologiese ouer nie vir onder andere redes soos hierbo genoem. Duidelike emosies van hartseer of verwyd of 'n verlange na ondersteuning is tydens response soos die volgende getoon toe gevra is of daar enige kontak tussen die kleinkind en die biologiese ouers is:

*Haar moeder is in 2010 oorlede. Daar is geen kontak tussen haar en haar pa nie.
Ek kan nie onthou nie. Toe die ma nog gelewe het, was daar nog laas kontak met die
pa.*

Albei die kind se ouers is oorlede aan siektes...meer as tien jaar gelede.

*Die ma is hier in die dorp...sy kom nie eers vra of dinge oraait is nie. Die
pa is 'n bewaarder by Voorberg-gevangenis...sy sien hom een keer per maand
wanneer hy kom geld afgee...hy kom ook nie elke keer sy beloftes na nie...die ma
(my eie kind) is met "ander dinge" (dwelms) besig.*

*Die kind is nou in sy tienerstadium...ek voel sy pa kan hom beter beheer, veral as
hy laat tuiskom byvoorbeeld om hom te gaan soek.*

Sy kuier op die oomblik by haar ma op die plaas.

Die situasie bemoeilik dus die grootouerrol soveel meer, veral ten opsigte van
hegtheidsbandvorming omdat by die kleinkinders die vermisting van die biologiese ouer(s) is.
Die leemte mag in die akademiese funksionering en die kleinkind se gedrag reflekteer.

4.2.9.5 Finansiële situasie

In ses (86%) gevalle erken die grootouers dat hul nie in die behoeftes van die kleinkinders
met die huidige inkomste kan voorsien nie. Slegs in een getroude grootouerpaar se geval
(14%) ondervind die grootouers geen probleem om in die behoeftes van hul kleinkind te
voorsien nie. Effektiwiteit van bestaande strukture behoort ondersoek te word. Op die vraag
of die grootouer in die behoeftes van die grootmaakkleinkind kan voorsien, is response soos
die volgende gegee wat weereens wys op die finansiële onsekerheid in die grootouer-
huishouding:

*Ek kry R400-00 vir die tweeling. (die een lid van die tweeling bring "meer tyd" in graad 6 in
2012 deur). Die pa gee soveel vanaf geboorte af... moet alles daarmee dek.*

*Ek sukkel om "dienste" (met verwysing na munisipale dienste soos elektrisiteit en
water)...kerkbydrae te gee.*

*Die geld is te min...die ma neem die onderhoudtoelaag...hoor hulle gaan sit by die
smokkelhuis...die Here sêen vir ons...elke dag brood op die tafel.*

Probeer my bes...nie eintlik nie...ek probeer om my kant te bring vir haar.

*Ek het geen probleem om te gee wat hy nodig het nie...al moet ons daarsonder
klaarkom...daar is dingetjies wat hom hinder by sy ouers wanneer hy daarheen gaan...die ...*

die ma drink...die pa het geen beheer daaroor nie...vreemdelinge neem die huis

oor, selfs die kind se slaapplek...hier by ons is daar meer vryheid...het reeds

sy graad 8- goedjies gaan koop. Hy sien uit na die hoërskool...ma kry

Toelaag...R800...moet dan mos geld deel.

Die afleiding word gemaak dat die huislike omgewing waaruit die kleinkind op skooldae soggens na die skoolomgewing vertrek nie juis bevorderlik is vir akademiese funksionering nie - finansiële ondersteuning kan die grootouerrol vergemaklik.

4.2.9.6 Legitieme status

In vyf (71%) van die sewe gevalle is deur die grootouers bevestig dat hul kleinkinders permanent by hul geplaas is. In die oorblywende twee gevalle kan die grootouer nie 'n motivering verskaf waarom die kleinkind nie permanent by haar en haar wederhelfte geplaas word nie terwyl hul twee beide 'n vaste salaris per maand verdien. Die ander nie-permanensie-plasing word geregverdig deurdat die grootouer noem dat die proses vir permanensie deur middel van die welsynwerker reeds aan die gang is en ironies genoeg, dat die kleinkind reeds vanaf geboortedag by haar en haar wederhelfte woon.

4.2.10 Opsomming

Opsommenderwys is bevind dat die grootouers in die gevallestudie almal bo die ouderdom van 50 jaar is. In gesprekke wat gevoer is, is bevind dat die grootmoeder die hartklop van die grootouergeleide gesin is. Opvallend is die bevinding dat geen van die ondervraagde grootouers oor hoër as graad 8- skoolpleiding beskik nie. Dit kan die ondersteuning ten opsigte van die akademiese funksionering beïnvloed. Slegs in een geval is een grootouerpaaar beide steeds werksaam en ontvang elkeen 'n salaris. In al die ander gevalle is die grootouergesin afhanklik van 'n staatstoelaag. Die grootouers dui ook aan dat hul gesondheid of goed of gemiddeld en in twee gevalle swak is. Oor die algemeen is daar die aanduiding dat hul wel gesond genoeg voel om na hul kleinkind om te sien en om hulle te versorg. Die grootouers glo dat hulle aan 'n kerkdenominasie moet behoort om by hul kleinkinders Christelike deugde vas te lê. Die grootouer(s) se uitdagings ten opsigte van inkomste kan as 'n stremmende faktor vir akademiese funksionering in die gevallestudie geïdentifiseer word.

4.3. Onderhoude: Biografiese Profiel: Kleinkind

Om 'n profiel van die kleinkind onder grootouersorg saam te stel, is in aanmerking geneem die hoeveelheid kleinkinders wat deur 'n grootouer of grootouerspaar grootgemaak word en die teoretiese invloed op die kleinkind se akademiese funksionering, die ouderdomsgroep van die kleinkinders, die geslag van die kleinkind, op watter akademiese prestasievlak die grootouer hul kleinkind plaas en die emosionele reaksie van die kleinkinders. Ek is oortuig dat dit bogenoemde faktore is wat 'n rol in die akademiese funksionering en gedrag van die grootmaakkleinkind speel.

4.3.1 Aantal kleinkinders in grootouersorg

Die grootouers is gevra hoeveel kleinkinders onder hul sorg is waarop twee (29%) aandui dat hul drie kleinkinders versorg, een (14%) grootouer versorg twee kleinkinders en in vier gevalle (57%) word aangedui dat die kleinkind in die steekproef die enigste kleinkind is wat deur die grootouer versorg moet word. Die steekproefleerders vorm deel van die kleinkinders wat deur die grootouer(s) versorg moet word. Die kwaliteit aandag wat die steekproefleerder akademies behoort te ontvang, kan dus skipbreuk ly, veral in eersgenoemde twee gevalle, want leerders in die groeistadium van hul lewe benodig ondersteuning. Dit is nodig dat leerders herinner moet word dat hul tuiswerk afgehandel moet wees voordat hul naskool hul maats opsoek. Leerders in die ouderdomsgroep benodig ondersteuning in kernvakke soos hul tale en Wiskunde omdat hul moontlik basiese konsepte nie in die laer grade kon bemeester nie en na 'n graadherhaling bloot as gevolg van die ouderdomsgroep vorder. Die tekort aan ondersteuning vanaf die grootouer mag gevolglik 'n invloed op die akademiese funksionering van die kleinkind hê. Onkundigheid oor die kurrikulum en om die ouerrol 'n tweede keer te vertolk, is ook stremmende faktore. Sommige van die grootmaakkleinkinders se emosies en vertikale- en -horisontale verhoudinge kan moontlik gesteurd wees as gevolg van die afwesigheid van 'n biologiese ouer. Die kleinkind in die ouderdomsgroep van die steekproef is selfbewus en moet dus gelei word om onafhanklik op te tree, maar ook om suksesvolle verhoudings op te bou. In ses (86%) gevalle is daar nie ander kleinkinders wat versorg moet word nie terwyl in een (14%) van die grootouergeleide huishoudings nog twee ander kleinkinders is wat versorg moet word.

4.3.2 Biologiese kinders in grootouersorg

In drie (43%) gevalle moet die grootouer(s) ook na twee van hul eie kinders omsien, drie (43%) na een eie, biologiese kind omsien en in die ander geval is daar geen eie kinders na wie omgesien moet word nie. Die verdeelde aandag lei daartoe dat die grootouer nie altyd die nodige verbale of nie-verbale aandag aan die kleinkind kan gee nie wat stremmend op die akademiese vordering en gedrag kan inwerk.

4.3.3 Ouderdomme

In hierdie studie is al sewe die kleinkinders in die ouderdomsgroep van twaalf tot vyftien jaar.

4.3.4 Geslag

Volgens die onderhoude en ander relevante bronne byvoorbeeld klasbywoningsregisters is drie (43%) van die kleinkinders in die steekproef vroulik terwyl vier (57%) van hul manlik is.

4.3.5 Akademiese prestasie

Vyf (71%) van die grootouers beskou hul kleinkinders se akademiese prestasie as gemiddeld en twee (29%) beskou hul kleinkinders as bogemiddeld. Drie (43%) van die grootouers erken dat die kleinkind leerprobleme op skool ervaar.

4.3.6 Emosionele toestand

Drie kleinkinders (43%) ervaar ook emosionele probleme byvoorbeeld drie is dikwels kort van humeur en raak baie gou kwaad en een dogter toon ook 'n lae selfbeeld en stort gou trane. Dieselfde dogter is, volgens die grootouer, uiters ongehoorsaam en verskaf dissiplinêre probleme by die huis. Die spesifieke dogter het ook 'n blaasprobleem en dit word as rede vir haar hoë afwesigheid by die skool aangevoer.

4.4. Onderhoude: Grootouerervaring

In tabel 4.3 (sien addenda 4.3) word 'n beknopte samevatting gegee van die ervarings van die grootouers in hul rol as primêre versorgers. Sekere data, soos verkry uit die onderhoud, word in tabel 4.3 aangedui, maar word eenmalig saam met die data van die vraelyste onder een van die hoofkategorieë van die studie as resultaat deurgegee.

4.4.1 Redes vir grootouerrol

In vier (57%) gevalle speel drank en /of dwelmmisbruik 'n rol as rede vir die plasing van die kleinkind by die grootouer. In een geval (14%) is selfmoord deur middel van 'n oordosis pille deur die biologiese moeder as gevolg van verhoudingsprobleme tussen haar en die kleinkind se vader, die rede vir die plasing. In die sesde geval (14%) is sterfte van die kleinkind se biologiese ouers, opeenvolgend in 'n kort tydsbestek, die rede vir die plasing - die ouers is nooit getroud nie. In een geval (14%) is die soeke na werk van die biologiese moeder in Kaapstad met wie kontak verloor is, as rede aangevoer. Op die vraag wat die rede is dat die grootouer die ouerrol vir 'n tweede keer moet vertolk, is die response as volg:

Die ma het 'n dwelmprobleem...haar eie ma het in Bonnievale gewoon...

sy loop daarheen weg...

Sy ouers het kort na mekaar gesterf.

Na die ma se sterfte as gevolg van 'n oordosis pille, het 'n man (verwysing na 'n Skoolsielkundige) by die skool met haar gepraat..

Die kinders is net so by my gelos...hulle (ouers) het nooit weer kontak gemaak nie.

Die kind se ma en pa het verskil...geen vaste verhouding nie... ma het 'n drank-probleem gehad met die geboorte van die kind... die pa ook ... die ma het op die land naby Saron gaan werk...kyk na kind vanaf geboortedag.

Die biologiese ma het 'n drankprobleem, daarom is die kind by my... nie van "kleinsaf" nie...sy was in standerd vier. Ek het vakansietye gehelp met die kind en gesien dat sy verwaarloos is...ek het "kleertjies" gekoop, haar haartjies laat vleg. Ek gooi ou "kleertjies" weg. Sy help my lekker...na vakansie gaan sy weer Saron toe.

Middelmisbruik, selfmoord, siekte en werksomstandighede is die oorsake in die studie vir die plasing van die kleinkind by die grootouer(s). Sekuriteit bied en liefde vir die kleinkind is redes vir die aanvaarding van die ouerrol vir 'n tweede keer.

4.4.2 Ouerrol-ervaring vir 'n tweede keer

Die genot van sorg: Twee (29%) van die grootouers ervaar hul lewens as genotvol vandat die kleinkind onder hul sorg geplaas is, Twee (29%) grootouers erken dat die rol 'n groot aanpassing in hul lewens verg, want die kleinkind is vanaf 'n jong ouderdom deel van haar verantwoordelikheid. Een (14%) grootouer is realisties en erken dat die kleinkind beter af is by hul as grootouers en dat geen ontwrigting in hul lewens veroorsaak is nie. 'n Ander grootouer erken dat die kleinkind met haar persoonlikheid vrolikheid in die huis terugbring. Een grootouer (14%) noem dat die kleinkind somtyds ongehoorsaam is, negatief deur haar vriende beïnvloed word en sy en die kleinkind somtyds verskil oor neergelegde huisreëls byvoorbeeld die tyd van saans tuis kom. Response soos die volgende is getoon op die vraag om hul lewe te beskryf nou dat hul die ouerrol 'n tweede keer moet vertolk.

Sy bring vrolikheid in die huis...ek het geen meisiekind van my eie nie...

Dis weer lekker in die huis... ons gesels...ek mis haar verskriklik wanneer sy vakansietye na haar ma gaan.

My kleinkind is somtyds ongehoorsaam...nie eintlik ongehoorsaam nie...

Vriende beïnvloed haar negatief... vriende is nie goed nie...ons verskil oor die tyd wat sy saans in die huis kom...sy sê nie waarheen sy gaan nie - Dit laat my stres.

Die kleinkinders is "beter" af hier by my... dis geen ontwrigting vir my nie.

Ek doen dit uit liefde. Hulle sê:" Ons wil nie by ons ma gaan bly nie, ons wil by Mamma (ouma) bly."

Ja, dit was 'n groot aanpassing...hy was nog klein toe hy hier kom woon het.

Dit was 'n aanpassing...my kleinkind was maar ongeveer twee jaar oud.

In hierdie studie erken al sewe kleinkinders se grootouers wat deel van die onderhoudvoering is, dat hulle hul rol as grootouer geniet en dat hul die kleinkinders die nodige liefde wil gee. In 'n ander geval noem die grootouer dat die kleinkind die stilte in die grootouerswoning verbreek wat verblydend vir haar is. Die deernis en omgee vir die kleinkind is duidelik waarneembaar in die response wat gegee word.

Grootouer-verwagting voor grootouerrolaanvaarding: In al sewe die gevalle (100%) is die verwagting dat hul lewe meer rustig sou wees. In een geval is die grootouer se verwagting om somtyds tydelik na haar kleinkinders om te sien, byvoorbeeld terwyl die biologiese ouer moontlik vir die dag verantwoordelike takies moet uitvoer, maar dit is nooit voorsien om permanent na 'n kleinkind om te sien nie.

Akademiese ondersteuning: In vier (57%) gevalle dui die grootouer aan dat hul onseker is hoe om die kleinkind in sy/haar skoolwerk te ondersteun. Twee (29%) respondente dui aan dat hul nie onseker is nie, omdat daar 'n persoon in die huishouding is wat die kleinkind kan help met die akademie byvoorbeeld die grootvader. In een geval (14%) dui die grootmoeder aan dat sy onseker is hoe om te help - sy is ongeletterd. Op die vraag of die grootouer weet hoe om die kleinkind akademies te ondersteun, is die volgende response getoon:

Ek ken mos nie die skoolwerk nie. Hier is 'n "pastorvrou" wat die kinders help.

Ek vra my eie dogter om te help.

Sy oupa help met die skoolwerk.

Hy "vat " self voor aan sy skoolwerk.

Hantering van gedragsprobleme: Vyf (71%) van die grootouer- respondente dui aan dat hul weet hoe om gedragsprobleme van die kleinkinders te hanteer. In een (14%) geval is die grootouer onseker hoe om gedragsprobleme te hanteer en in die ander geval (14%) voel die grootouer dat die vraag nie van toepassing op hul is nie omdat die kleinkind nooit gedragsprobleme openbaar nie.

Vaardigheid om te versorg: Ses (85%) deelnemers is hoegenaamd nie onseker hoe om hul kleinkinders te versorg nie. Daar is die een (14%) geval waar die grootouer wel onseker is oor hoe om haar kleinkind te versorg. In laasgenoemde geval moet genoem word dat die grootmoeder reeds ouer as sewentig jaar oud is en alleen saam hierdie kleinkind van haar woon.

Die eise van die ouerrol vir 'n tweede keer: Geeneen van die grootouers ervaar ooit angstigheid oor die eise wat grootouerskap stel nie. Geeneen van die grootouers het al ooit depressie ervaar oor die feit dat hul hul kleinkind moet grootmaak nie en dit as 'n hindernis sien aangesien hul gereed was om af te tree nie.

Gevoel oor ouerrol vir eerste keer: Vyf (71%) van die grootouers ervaar nie 'n gevoel van mislukking omdat hul hul kleinkind moet grootmaak nie. Ironies genoeg noem een grootouer dat sy nie 'n mislukking voel nie, maar tog wonder sy somtyds waar sy as ouer faal, aangesien die kleinkind se moeder (wat nie haar biologiese kind is nie) in dwelmmisbruik verval het. Een grootouer ervaar die gevoel van mislukking terwyl een grootouer somtyds die gevoel ervaar.

Gedeelde, gemeenskaplike sorg: Ses (86%) van die grootouers dui in die studie aan dat die gemeenskap, veral in die woonbuurt, behulpzaam is met die grootmaak van die kleinkind. In een (14%) geval dui die grootouer aan dat die gemeenskap glad nie omgee nie, maar dat die kerk darem somtyds verneem na die welstand van die grootouergeleide gesin. Response soos die volgende is getoon oor hoe die gemeenskap reageer oor sy/hulle na haar/hul kleinkind(ers) omsien.

Die buurt se mense help kyk...ek gaan soek haar maar wanneer dit tyd is om in die huis te wees.

My kleinkind word aanvaar as deel van ons gesin.

Ja, daar is 'n vroujie in die pad wat baie ondersteunend is.

Die gemeenskap is ondersteunend...hulle is lief vir die kinders...

Hulle is goed vir my...baie goed in straat!

Die gemeenskap gee nie om nie...die kerk verneem.

In al sewe gevalle (100%) in die studie word aangedui dat die skool ondersteuning aan die grootouer(s) verleen. Sewe deelnemers dui ook aan dat die kerke waartoe die grootouers behoort, ondersteuning bied in die grootmaak van die kleinkind.

Drie (43%) deelnemers dui aan dat familieledede ondersteuning bied in die grootmaak van die kleinkinders. Vier (57%) respondente se vriende is ook behulpzaam met die grootmaak van die kleinkinders. Slegs in een geval (14%) is die maatskaplike werker betrokke by die grootmaak van die kleinkind.

4.5 Onderhoude: Biografiese Profiel : Opvoeders

In hierdie studie is vyf opvoeders betrokke by die onderrig en leer van die steekproefleerders waarvan die ek een is. In onderhoudvoering met die opvoeders het ek doelbewus onttrek ter wille van objektiwiteit. Die opvoeders word betrek omdat hul ten nouste betrokke is by die akademiese funksionering en gedrag van die kleinkind wat deur die grootouer(s) grootgemaak word. Die onderhoude met die opvoeders se doel is hoofsaaklik om inligting te bekom oor hul ondervinding met die steekproefleerders sodat aanbevelings vir toekomstige gebruik in die onderwyserkontak met die grootouers gemaak kan word.

Die volgende inligting is benodig sodat ek 'n profiel van die tipe opvoeder kon saamstel met wie die grootmaakkleinkind in die skool mee te doen kry. Dit is om vas te stel of die grootouerhuisomgewing en die skoolomgewing mekaar aanvul of nie aanvul nie - ter wille van die akademiese funksionering en optrede van die kleinkind.

4.5.1. Ouderdom

Twee (50%) van die opvoeders wat betrokke is, is ouer as 51 jaar en twee (50%) is tussen die ouderdom van 41 en 50 jaar. Dit word gevoel dat hierdie informasie betekenisvol vir die studie is omdat ouderdom 'n aanduiding is oor die ervaringsveld van die betrokke opvoeders en hul benadering tot die kleinkind in die skoolopset wat gevolglik die akademiese funksionering kan beïnvloed.

4.5.2. Huwelikstatus

Drie (75%) van die opvoeders is getroud terwyl een (25%) ongetroud is.

4.5.3. Aantal eie kinders

Een (27%) van die opvoeders is die ouer van vier eie biologiese kinders, een (25%) die vader van drie eie kinders en een (25%) die vader van twee eie kinders terwyl een (25%) opvoeder geen eie kinders het nie.

4.5.4. Aantal eie kleinkinders

Een (25%) opvoeder is die grootvader van vier kleinkinders, een (25%) van twee eie kleinkinders en een (25%) opvoeder is die grootouer van een kleinkind terwyl die ander opvoeder (25%) geen kleinkind het nie.

4.5.5. Geslag

Al vier die opvoeders wat betrokke by die onderhoudvoering is, is manlik.

4.5.6. Kwalifikasies

Drie van die opvoeders (75%) beskik oor graad twaalf met drie jaar tersiêre opleiding aan 'n onderwyskollege terwyl een (25%) in 2012 sy vierde jaar na matriek suksesvol voltooi het. Een van eersgenoemde drie is ook deelyds besig om sy vierde jaar na graad twaalf te voltooi. Twee (50%) van die opvoeders beskik oor reeds meer as 30 jaar onderwyserervaring en is ook die twee adjunkhoofde by hierdie plattelandse skool. Twee opvoeders (50%) beskik oor tussen 25-30 jaar onderrigervaring.

4.5.7. Onderhoude-samevatting en sekondêre broninformasie

Gesondheid in die grootouerwoning: Volgens die onderhoud beskou vier (40%) uit die tien grootouers hul gesondheid as baie goed, vier grootouers (40%) as gemiddeld terwyl twee grootouers (20%) se gesondheid as swak aangegee word. In een geval waar die gesondheid as swak aangegee word, is dit 'n grootvader en kan die grootmoeder tog voldoende na die kleinkind omsien sodat die kleinkind se akademiese vordering nie noodwendig negatief beïnvloed word nie. In al die ander gevalle erken die grootmoeder dat haar gesondheid haar binne die vermoë plaas om na die kleinkind se welstand om te sien sodat akademiese funksionering en gedrag nie negatief beïnvloed word nie.

Finansies: Volgens die onderhoud met die grootouers is in ses (86%) gevalle deur die grootouers erken dat hul nie in die behoeftes van die kleinkinders met die huidige inkomste kon voorsien nie. Slegs in een getroude grootouerpaar se geval (14%) ondervind die grootouers geen probleem om in die behoeftes van hul kleinkind te voorsien nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat die huislike omgewing waaruit die meerderheid kleinkinders na die skoolomgewing vertrek nie juis bevorderlik is vir akademiese funksionering nie. Finansiële ondersteuning kan die grootouerrol vergemaklik. Effektiwiteit van bestaande strukture behoort ondersoek te word.

Toepassing van dissipline: In ses (86%) van die sewe onderhoude dui die grootouers aan dat daar geen verskil is in die manier van grootmaak van hul kleinkinders vergeleke met die wyse waarop hul hul eie kinders grootgemaak het nie. Daar is egter die een (14%) geval waar die grootouer erken dat sy haar eie kinders strenger en meer gedissiplineerd grootgemaak het is as die kleinkind omdat sy so 'n spesiale, sagte plekkie vir die kleinkind het. Die grootouer noem dat sy egter nog steeds streng reëls teenoor die kleinkind laat geld. Een geval (14%) dui aan dat sy somtyds konflik met die biologiese vader ervaar oor haar manier van dissiplinering van haar kleinkind terwyl die ander ses (86%) aandui dat hul geen konflik ervaar oor die dissiplinering van hul kleinkind nie. In al sewe (100%) gevalle word die dissiplineringsprosedure soos volg toegepas: Na 'n oortreding word die kleinkind sitgemaak

en deeglik aangespreek oor die oortreding wat hy/sy began het. Dit is opvallend dat die steekproef leerders nie fisies gedissiplineer word nie.

Die akademiese prestasie van die kleinkinders, soos uit sekondêre bronne verkry byvoorbeeld amptelike punteskedules, verslagkaarte en kumulatiewe kaarte, word in tabel 4.4 hieronder deurgegee om vas te stel wat die invloed van die grootouerrol op dié aspek van die kleinkind se lewe is. Punte word in persentasies per vak per kleinkind vertoon. Die slaagpersentasie per vak is 40%. Vervolgens 'n opsomming van die nege leerders se gesamentlike punte (persentasies) per vak per kwartaal soos verkry vanaf die amptelike punteskedules van die Wes-Kaap Onderwysdepartement.

TABEL 4.4 GESAMENTLIKE PUNTE VAN GROOTMAAKKLEINKINDERS

OPSOMMING	Kwartaal 1	Kwartaal 2	Kwartaal 3	Kwartaal 4
Huistaal	478 (53, 1%)	484 (53, 8%)	459 (51 %)	429 (47.7%)
Tweede Add.Taal	446 (49, 6%)	472 (52, 4%)	527 (58, 6%)	507 (56, 3%)
Wiskunde	458 (49, 6%)	433 (48, 1%)	450 (50%)	516 (57, 3%)
Natuurwetenskappe	428 (47, 6%)	554 (61, 6%)	487 (54, 1%)	492 (54, 6%)
Sos. Wetenskappe	483 (53,7%)	337 (37, 4%)	407 (45,2%)	422 (46,9%)
Ekon & Bestuursw.	495 (55%)	505 (56, 1%)	473 (52,6%)	523 (58,1%)
Kuns en Kultuur	480 (53,3%)	424 (47,1%)	602 (66,9%)	490 (54,4%)
Lewensoriëntering	429 (47,7%)	405 (45%)	536 (59,6%)	579 (64,3%)
Tegnologie	551 (61,2)	536 (59,6%)	549 (61%)	479 (53,2%)

Die akademiese uitslae van die kleinkinders toon dat hul oor die algemeen as effens ondergemiddeld tot bo-gemiddeld geklassifiseer mag word, want die laagste persentasie-strekking is 40% en die hoogste is 67%. Die kleinkinders voldoen oor die algemeen aan die slaagvereiste van 40% per vak waarvan die Taal van onderrig en Wiskunde twee vakke is om na graad agt in 2013 te vorder.

Deur middel van die steekproefleerders se kumulatiewe verslagkaarte, as sekondêre bron is die volgende statistiese bron van informasie saamgestel om vas te stel of die grootouerrol enigsins 'n negatiewe of positiewe impak op die akademiese vordering van die kleinkind het.

Graad	Vorder sonder ondersteuning	Vorder met ondersteuning	Meer Tyd in graad	Totaal persent per graad
Graad 1	33%	56%	11%	100
Graad 2	20%	70%	10%	100
Graad 3	46%	38%	15%	100
Graad 4	70%	30%	-	100
Graad 5	80%	10%	10%	100
Graad 6	56%	44%	-	100
Graad 7	100%	-	-	100

TABEL 4.8 AKADEEMIESE REKORD VAN STEEKPROEFLEERDERS (9)

Graadherhalings en skoolbywoning: Een seun, wat in 1997 gebore is en in 2004 tot graad 1 toegelaat is, moes meer tyd in graad 1 deurbring. Dieselfde seun se rekord toon 'n herhaling van graad 5. Hierdie seun is vroeg wees agtergelaat deurdat beide sy biologiese ouers en 'n broer aan die dood afgestaan is en hy vroeg onder die primêre sorg van sy grootmoeder geplaas is. Die seun se skoolbywoning word as goed aangedui.

Een dogter wat in 1998 gebore is en in 2005 in graad 1 ingeskryf is se akademies rekord op die kumulatiewe kaart toon dat graad 3 herhaal is. Volgens die dogter se kumulatiewe verslagkaart is haar skoolbywoning tydens die graadherhalingsjare swak. Dieselfde dogter se skoolbywoning word in haar graad sewe – akademiese jaar as redelik aangedui aangesien sy tydens die laaste kwartaal redelik afwesig is. Die dogter word tydens die onderhoudvoering met haar grootmoeder as ongehoorsaam by die huis beskou. Die afleiding word gemaak dat afwesigheid as rede aangevoer kan word vir haar graadherhaling in graad drie.

Een dogter wat in 1999 gebore is en in 2005 tot graad 1 toegelaat is, se kumulatiewe verslagkaart toon 'n herhaling in graad 1. Die dogter se skoolbywoning word as goed aangedui. Een seun wat in 1999 gebore is en in 2005 tot graad 1 toegelaat is, se rekords toon 'n herhaling in graad 3. Laasgenoemde se biologiese moeder toon, volgens die onderhoud met die grootouer, reeds vroeg in haar lewe 'n drankmisbruikprobleem en word as die rede aangevoer waarom die kleinkind by die grootouers geplaas is.

Hierdie ses gevalle van graadherhalings vorm 46% van die oorkoepelende akademiese rekords en funksionering van die steekproef. Ongereelde skoolbywoning skyn die hoofrede te wees vir kleinkinders met graadherhalings.

Vordering met ondersteuning: Vyf (56%) kleinkinders se akademiese agtergrond toon dat hul in hul eerste skooljaar in graad 1 met ondersteuning in gesyferdheid en geletterdheid bevorder is. Vier (44%) van die kleinkinders is met ondersteuning in graad 2 na graad 3 bevorder. Twee (22%) van die steekproef is in graad 3 na graad 4 met ondersteuning bevorder. Gesyferdheid en geletterdheid is die leerareas waarin hierdie leerders ondersteuning in die grondslagfase ontvang het.

In graad 4 is twee (22%) leerders met ondersteuning na graad 5 bevorder. Aan die einde van die graad 5 akademiese jaar is twee (22%) leerders met ondersteuning na graad 6 bevorder. In graad 6 is vyf (56%) leerders met ondersteuning na graad sewe bevorder. Opvallend is dat die groep leerders hoofsaaklik goed die skool bygewoon het. Enkele gevalle toon dat die skoolbywoning redelik was.

Die afleiding word gemaak dat die grootouers getrou sorg dat hul kleinkinders goed die skool bywoon. Die dalende persentasie leerders vanaf graad 1 tot graad 5 wat met ondersteuning vorder, is 'n aanduiding dat die ondersteuning wat verskaf is wel funksioneel is. Kommerwekkend is die aanduiding dat die persentasie in graad 6 styg. Die skool waar die kleinkinders ingeskryf is, beskik ook 'n interne beleid dat leerders reeds teen die einde van die grondslagfase geïdentifiseer word om na die graad 6 akademiese jaar in 'n vaardigheidsskool geplaas te word.

Vorder sonder ondersteuning: Twee (22%) van die steekproef van nege leerders is vanaf graad 1 elke jaar sonder spesiale ondersteuning na die volgende jaar bevorder. Hierdie twee kleinkinders se skoolbywoning word ook deurlopend as goed deur die klasopvoeders beskou, behalwe die een jaar waar een van die twee kleinkinders se skoolbywoning as bevredigend beskou is. Die afleiding kan dus ook by hierdie groep gemaak word dat die grootouers 'n positiewe rol speel ten opsigte van die akademiese funksionering deur te sorg dat hul kleinkind gereeld die skool bywoon.

'n Sekondêre bron, te wete die skoolbywoningsregister, toon dat een dertienjarige seun tot en met 27 September 2012 altesaam vyftien skooldae vir die 2012-akademiese jaar afwesig is, twee dertienjarige seuns ses dae afwesig is en die ander lede van die proefnemingsgroep geen dae of minder as vier dae afwesig is. Behalwe die enkele geval van 15 afwesige dae word die skoolbywoning van die steekproefleerders tot aan die einde van die derde kwartaal as goed geklassifiseer. Die leerderprofiel van die dertienjarige seun wat vyftien afwesige dae toon, dui aan dat die leerder se biologiese moeder in 2011 gesterf het en dat dit die rede is waarom hy onder sy ouma se sorg geplaas is en die moontlike rede vir sy afwesigheid kan

wees. Verdere ontleding van data verskaf moontlik bewese antwoorde op die redes vir afwesigheid.

Maatskaplike dienste: Volgens die onderhoud met die grootouers is in twee (28%) gevalle genoem dat hul geen hulp van familie of die welsynsorganisasie benodig nie. In drie (43%) gevalle erken die grootouer dat ondersteuning vanaf 'n welsynsorganisasie welkom is. In twee van die drie gevalle noem die grootouer dat die welsynsorganisasie hul finansiële kan ondersteun en in die ander geval sal die grootouer met 'n kospakkie tevrede wees. In een ander geval ontvang die grootouer hulp van 'n familielid, 'n dogter wat 'n toelaag van die padongeluksfonds ontvang. Een grootouer ontvang hulp van familie en die welsynsorganisasie. Die welsynsorganisasie voorsien somtyds aartappels en vleis. Die familielid van wie sy hulp ontvang, is haar eie dogter wat op 'n plaas in die omgewing woon. In dieselfde geval noem die grootouer dat sy niks met 'n welsynsorganisasie te doen wil hê nie uit vrees dat hul die kleinkinders van haar sal wegneem.

Al bogenoemde inligting uit die onderhoude en sekondêre bronne kan betekenisvol die grootmaakkleinkind, as uitvloeisel van die grootouerrol, se akademiese vordering en gedrag, beïnvloed. Informasie uit die vraelyste word addisioneel tot data uit die onderhoude bygevoeg.

4.6. Vraelys-response

Die response van die ondersoek word in verskillende komponente aangebied, maar nie noodwendig kronologies volgens die onderskeie vraelyste en onderhoudskedules nie.

4.6.1 Gesondheid

Volgens die grootouervraelys is daar vier (44%) van die grootouers wat erken dat die bewoners van hul huishouding altyd op die kliniek se hulp steun. Een (11%) grootouer dui aan dat die lede van hul grootouergeleide gesin dikwels op kliniekhulp steun, terwyl drie (33%) somtyds op kliniek hulp steun en een (11%) aandui dat hy/sy nooit van kliniekhulp gebruik maak nie.

Kleinkindgesondheid: Die tabel (4.8.1), volgens die opvoedervraelyste, toon dat vier (44%) van die leerders in die opvoeder se klas nooit vra om die klas, as gevolg van die een of ander kroniese siekte of probleem, te verlaat nie, vier (44%) doen dit selde en een (12%) vra soms om die klas te verlaat. Die afleiding kan dus gemaak word dat, volgens die onderwyser se ervaring met die steekproef, die kleinkind se gesondheid nie die akademiese funksionering negatief affekteer nie. Onderrigtyd gaan dus nie onnodig, in die meeste gevalle, as gevolg van 'n moontlike blaasprobleem of onnodige verskoning om buite die klas

te wees, verlore nie. Een leerder (11%), volgens die leerdervraelys, dui aan dat hy/sy altyd die kliniek of dokter moet besoek. Twee (22%) van die groep besoek dikwels die kliniek of dokter en vier (44%) dui aan dat hul soms die kliniek of dokter moet besoek vir behandeling. Een (11%) van die groep besoek selde die kliniek of dokter en een (11%) erken dat sy/hy nooit nodig het om die kliniek of dokter te besoek nie.

Al die nege leerders se grootouer(s) (100%) dui aan dat hul elke dag gesondheidsgewys binne die vermoë is om toe te sien dat hul kleinkind wat by hul grootword die huis verlaat en skool toe gaan. Die data, volgens die opvoedervraelys, toon dat ses (67%) van die leerders altyd betyds is vir skool, een (11%) dikwels betyds is vir skool, een (11%) soms betyds is en een (11%) nooit betyds vir skool is nie. Ses (67%), volgens die leerdervraelys, van die leerders is positief en gretig om soggens skool te kom. Drie (33%) van die deelnemers dui aan dat hul dikwels en lus is om skool by te woon en altyd betyds is.

Vier (44%) van die grootouers dui aan dat hul bure gereeld kom inloer om na hul as grootouers se welstand te verneem. Drie (33%) van die grootouers dui aan dat die bure dikwels na hul welstand verneem terwyl twee (22%) van die grootouers aandui dat die bure soms na hul gesondheidswelstand verneem. Sewe (77%) deelnemers dui aan dat hul nie voorgeskrewe pille of medisyne by die skool hoef te drink nie, met ander woorde die persentasie leerders is nie kronies siek nie. Gesonde huislike omstandighede word ook by die skool gereflekteer. Volgens die opvoeders se waarneming is daar agt (90%) van die steekproef wat nooit nodig het om medikasie by die skool te gebruik nie en slegs 'n skamele een (10%) wat wel altyd medikasie moet gebruik.

Verblydend is dit ook om waar te neem dat agt (88%) van die grootouers aandui dat hul huis altyd en gereeld skoongemaak word en die ander grootouer(s) (11%) aandui dat dit dikwels gedoen word. Netheid word by die huis hoofsaaklik aangeleer en is bevind dat een kleinkind (11%) deur die opvoeders as altyd netjies beskou word, vier (44%) as dikwels netjies, drie (33%) as soms netjies beskou word terwyl een (11%) as nooit netjies ten opsigte van haar sitplek en boekgebruik beskou word nie. Vier (44%) van die groep dui aan dat hul sitplek en boeke altyd netjies is. Een leerder (11%) dui aan dat sy/haar sitplek en boeke dikwels netjies is.

Een grootouer of grootouerpaar (11%) dui aan dat hul altyd met gesondheidspraatjies en/of inligting te doen kry. Drie grootouer(s) of grootouerpare (33%) dui aan dat hul dikwels met sodanige gesprekke of informasie te doen kry, maar daar is ook drie (33%) wat aandui dat hul nooit met die soort gegewens te doen kry nie. Twee (22%) van die grootouervraelys-respondente dui aan dat hul soms met gesondheidsgesprekke en inligting te doen kry.

Vyf (55%) van die groep dui aan dat hul altyd na gesprekke oor gesondheid moet luister, terwyl een (11%) dikwels na sulke gesondheidsgesprekke moet luister. Twee (22%) moet soms na sulke gesprekke luister terwyl geen (0%) ooit na gesondheidsgesprekke luister nie. Vyf (60%) van die steekproef word, volgens opvoederwaarneming somtyds aan gesprekke oor gesondheid blootgestel, drie (11%) word selde blootgestel en een (11%) noem dat hy nooit blootgestel word aan gesondheidsgesprekke nie. Hierdie gesondheidsgesprekke verwys na besoeke van die kliniekpersoneel aan die skool of die huis van die kleinkinders.

4.6.2 Finansies

Data, volgens die opvoedervraelys, toon dat ses (67%) van die steekproefleeders se skoolgeld altyd betaal word, een (11%) leerder se skoolgeld selde en twee (22%), volgens die opvoeders, se skoolgeld nooit in 2012 betaal is nie. Twee leerderdeelnemers (22%) dui aan dat hul skoolgeld op datum betaal is, een (11%) dui dikwels aan terwyl een (11%) aandui dat sy/haar skoolgeld soms betaal word, terwyl drie (33%) aandui dat hul skoolgeld nooit betaal word nie.

Die vraelys aan die opvoeders toon ook dat vier (33%) van die kleinkinders altyd bydra tot klasinsamelingspogings, een (11%) dikwels, twee (22%) soms en twee (22%) nooit bydra tot klasinsamelingspogings nie. Drie (33%) van die deelnemers erken dat hul altyd hul bydrae tot fondsinsamelingspogings byvoorbeeld pretloop, lewer, een (11%) dui dikwels aan terwyl vyf (55%) aandui dat hul soms 'n bydrae tot geldinsameling by die skool lewer.

Data toon ook dat drie (33%) kleinkinders altyd netjies en met skoon skooldrag, volgens opvoeder-observasie, by die skool vertoon, vyf (55%) dikwels netjies en skoon vertoon en een (11%) leerder soms netjies en skoon vertoon. Sewe (77%) van die groep leerders kry gereeld die regte skooldrag en skoene by hul grootouers wat hul grootmaak en is altyd, volgens hul mening netjies vir skool. Een leerder (11%) dui aan dat hy/dikwels die regte skoolklere en skoene ontvang terwyl een (11%) aandui dat sy/hy nooit skooldrag van sy/haar grootouers ontvang nie.

Een (11%) van die grootouer(s) kan dikwels en een (11%) kan nooit sakgeld vir sy/haar kleinkind gee nie. Die tabel toon dat drie (33%) van die leerders nooit geld by die skool het om snoeperye by die snoepie te koop nie, vier (44%) somtyds geld het, een (11%) onderskeidelik dikwels en selde geld het om te snoepwinkel by die skool te ondersteun. Volgens vyf (55%) van die groep ontvang hul gereeld sakgeld by die grootouer(s) om iets by die skoolsnoepie te koop, terwyl drie (33%) dikwels sakgeld skool toe ontvang en slegs een (11%) nooit enige sakgeld skool toe ontvang nie.

'n Positiewe uitvloeisel van die data is dat ses (66%) van die grootouer(s) erken dat daar nooit geld deur hul kleinkinders sonder toestemming uit die huis verdwyn nie of dat hul 'n probleem ondervind met kleingeldtekort nadat hul kleinkind deur hul na 'n winkel gestuur is nie. Dit is egter kommerwekkend dat twee (22%) van die grootouer(s) se kleingeld wel minder is of dat hul geld onverklaarbaar uit die huis verdwyn. Een (11%) grootouer erken dat die neiging selde in die huishouding voorkom. Geen van die steekproef is al daarvan verdink dat hy of sy geld of enige ander skoolbenodighede van 'n mede-leerders in die klas of by die skool sonder toestemming geneem het nie. Twee (22%) dui aan dat hul al beskuldig was dat hul iemand anders in die klas se eiendom sonder toestemming geneem het, een (11%) dat hy/sy dikwels beskuldig word en vier (44%) dui aan dat hul soms beskuldig word van diefstal terwyl twee (22%) aandui dat hul nog nooit van stelery beskuldig is nie.

Data dui aan dat daar in een (11%) grootouergeleide huishoudings van die groep altyd 'n tekort aan geld is terwyl twee (22%) aandui dat daar dikwels 'n gebrek aan geld in die huis is. Vyf (55%) grootouer(s) of grootouerpsre dui aan dat daar somtyds 'n geldtekort is terwyl drie (33%) aandui dat daar nooit 'n tekort aan geld in die huishouding is nie. Drie (33%) van die grootouerhuishoudings dui aan dat hul wel 'n tweede bron van inkomste het terwyl drie (33%) aandui dat daar nooit 'n tweede bron van inkomste is nie. Twee grootouerhuishoudings (22%) dui aan dat daar somtyds 'n tweede bron van inkomste is terwyl een (11%) aandui dat hul dikwels 'n tweede bron van inkomste het. Vyf (55%) van die grootouer(s) dui aan dat hul altyd kan bekostig om slenterdrag en skoolbenodighede vir die kleinkind wat hy/sy grootmaak te koop terwyl vier (44%) volgens die data slegs soms slenterdrag en skoolbenodighede kan aankoop. Vier (44%) van die grootouer(s) dui aan dat hul altyd sakgeld vir hul kleinkind gee terwyl drie (33%) dit slegs somtyds kan doen.

4.6.3 Dissipline

Dissipline ten opsigte van skool - en klasreëls: Opvoedervraelyste dui aan dat vier (44%) van die kleinkinders in graad 7 wat by grootouers in 2012 grootword, soms deur die opvoeders oor klasreëlsverbreking aangespreek moet word, twee (22%) word so nou en dan aangespreek terwyl drie (33%) nooit oor die reëls aangespreek is nie. Een (11%) elk van die leerdergroep dui onderskeidelik aan dat hul altyd of dikwels die skool- en klaskamerreëls oortree. Drie (33%) leerders dui aan dat hul soms die skool - en klaskamerreëls oortree en vier (44%) dui aan dat hul nooit die skool- en klaskamerreëls oortree nie. Vier (44%) van die grootouer(s) dui aan dat hul altyd, vier (44%) somtyds en een (11%) ag dit selde nodig om hul grootmaakkleinkinders verbaal te dissiplineer omdat hul die huisreëls een of ander tyd oortree. Vier (44%) van die grootouerrespondente dui aan dat dit altyd, twee (22%) dikwels en een (11%) elk van die grootouergroep dissiplineer onderskeidelik selde, soms en altyd hul kleinkind op 'n fisiese manier.

Detensieklas: Agt (88%) van die leerders word nooit na skool vir detensieklasse teruggehou nie, terwyl een(11%) selde agter gehou word.

Akademie se opvoederondersteuning: Vyf (55%) van die leerdergroep dui aan dat hul altyd ondersteuning van hul opvoeders met hul skoolwerk ontvang, een (11%) dui dikwels aan, twee (22%) somtyds en een (11%) dui nooit aan.

Negatiewe sosiale invloede: Ses (66%) van die kleinkinders hoef nooit as individu gewaarsku te word oor negatiewe invloede soos rook- of dwelmmisbruik nie, twee (22%) word soms aangespreek en een (11%) word af en toe oor die negatiewe invloede afsonderlik aangespreek. Ses (66%) van die groep dui aan dat hul gedissiplineerd genoeg is omdat hul altyd by die skool gewaarsku word oor die gevare wat verbonde is aan rook, drank en dwelmgebruik. Drie (33%) dui aan dat hul nooit by die skool gewaarsku word oor rook, drank en dwelmgebruik nie. Opvallend is die resultaat, volgens die grootouerreaksie, dat al nege (100%) altyd hul kleinkinders probeer dissipleneer deur hul te waarsku teen negatiewe invloede byvoorbeeld drankmisbruik, dwelmmisbruik ens.

Asseseringstake en huistake: Een (11%) van die steekproef word altyd deur opvoeders daarop gewys om tog asseseringstake in te handig, drie (33%) word dikwels aangespreek, vier (44%) word somtyds, terwyl een (11%) selde oor die aspek van skoolfunksionering aangespreek word. Ses (66%) van die leerdergroep noem dat hul altyd hul asseseringstake doen en een (11%) dui dikwels aan. Twee (22%) leerders van die teikengroep dui aan dat hul soms hul asseseringstake doen. Vier (44%) van die grootouerrespondente dui aan dat hul hul grootmaakkleinkind altyd moet aanspreek oor huistake waarteenoor die kleinkind onverantwoordelik optree. Vier (44%) van die grootouer(s) moet dit somtyds doen terwyl een (11%) dit dikwels moet doen.

Sport-en kulturele aktiwiteite: Een (11%) van die groep is aktief betrokke by die skool se kulturele-en sportaktiwiteite, een (11%) is dikwels, drie (33%) somtyds en een (11%) is nooit betrokke nie. Twee (22%) van die groep leer dissipline aan deur altyd deel te neem, twee (22%) neem dikwels, drie (33%) soms en twee (22%) neem nooit aan sport-en kulturele aktiwiteite deel wat help met hul dissipline nie. Die grootouers dui aan dat drie (33%) van hulle altyd saam met hul kleinkinders geestelike-, kulturele-, sosiale- en sportbyeenkomste bywoon, vyf (55%) somtyds ,terwyl een (11%) aandui dat sy/hy dit dikwels doen.

4.6.4 Akademie se Ingesteldheid

Tuiswerk: Data toon dat een (11%) van die nege leerders geneig is om soggens voor die aanvang van die skooldag haastig sy/haar tuiswerk in die klas doen. 'n Tweede leerder (11%) doen dikwels tuiswerk voor skool, 4 (44%) doen somtyds tuiswerk voor skoolaanvang,

een (11%) doen dit selde en twee (22%) doen nooit tuiswerk voor skool nie met ander woorde hulle doen hul tuiswerk van die vorige dag reeds by die huis. In die algemeen is die groep leerders dus nie baie positief ingestel ten opsigte van hul tuiswerk nie. Volgens die tabel is daar drie (33%) van die leerders wat gereeld hul huiswerk doen, drie (33%) wat voel hul doen dikwels hul tuiswerk, drie wat soms hul huiswerk doen en drie (33%) wat voel dat hul selde hul tuiswerk doen. Data toon dat vyf (55%) van die grootouergroep altyd ervaar dat sy/haar kleinkind sit en tuiswerk by die huis doen. Drie (33%) sien somtyds dat die kleinkind in hul huishouding tuiswerk sit en doen terwyl een grootouer (11%) dikwels dit waarneem dat sy/haar kind sit en tuiswerk doen.

Ondersteuning en detensie: Volgens die data is dit ook bevind dat twee (22%) van die groep dikwels ondersteuning van opvoeders ontvang, ses (66%) soms ondersteuning met skoolwerk ontvang en een (11%) nooit ondersteuning van die opvoeders ontvang nie. Slegs een (11%) van die groep leerders erken dat hy/sy gereeld na skool gehou moet word vir detensieklasse terwyl die ander agt (88%) erken dat hul nooit na skool moet agterbly vir detensieklas nie. Vier (44%) van die grootouer(s) erken dat hul altyd die kleinkind wat hul grootmaak met tuiswerk ondersteun terwyl vier (44%) dikwels hul kleinkind met tuiswerk ondersteun en een (11%) aandui dat sy/hy dit soms doen.

Akademie se uitslae: Vier (44%) van die steekproefleerders voel dat hul elke kwartaal 'n goeie akademiese verslagkaart kry, drie (33%) voel dat die verslagkaart dikwels goed vertoon terwyl twee (22%) erken dat hul somtyds 'n goeie verslagkaart aan die einde van die kwartaal kry. Volgens die opvoeders is vier (44%) van die groep se akademiese vordering dikwels na wense en vyf (55%) se vordering somtyds na wense.

Akademie se kontak: Die grootouer(s) is in twee (22%) gevalle dikwels, een (11%) somtyds en ses (66%) gevalle nooit deur die klasopvoeder gekontak oor sy/haar kleinkind se gedrag in die klas nie. Slegs een (11%) van die grootouergroep dui aan daar altyd kontak is, vier (44%) somtyds, en drie (33%) selde tussen die skool en hul oor hul kleinkind se akademiese vordering. Een (11%) dui aan dat daar wel dikwels kontak tussen skool en grootouer oor die kleinkind se akademiese vordering is.

Kurrikulêre- en Ko-kurrikulêre aktiwiteite: In een (11%) geval van die groep vind gereeld, twee (22%) gevalle dikwels, een (11%) somtyds en drie (33%) nooit kommunikasie plaas oor die leerder se ingesteldheid teenoor skoolaktiwiteite nie. Agt (88%) van die grootouergroep dui aan dat dit vir die skool nooit nodig is en een (11%) selde nodig is om hul as grootouer(s) oor hul kleinkind se gedrag te kontak.

Wangedrag: Slegs een (11%) van die leerders kry altyd, een (11%) dikwels, twee (22%) soms en vier (44%) ontvang nooit 'n grootouergerigte-kennisgewing oor kleinkind-wangedrag vanaf die skool nie.

Grootouerbywoning van skoolaktiwiteite: Drie (33%) van die grootouer(s) dui aan dat hul altyd, vier (44%) somtyds, een (11%) dikwels en een (11%) selde hul kleinkind se skoolaktiwiteite byvoorbeeld ouer-opvoeder-vergaderings en leerderopvoerings bywoon.

4.6.5 Maatskaplike dienste

Data, volgens die vraelys, toon dat slegs in een (11%) geval word die steekproefleerder gereeld deur die skoolmaatskaplike werker ingeroep vir gesprekvoering oor sy/haar maatskaplike omstandighede en net in een (11%) geval bespreek die opvoeder en die skoolmaatskaplike werker gereeld die kleinkind in die steekproef. Ses (66%) van die grootouergroepe dui aan dat dit nooit nodig is dat maatskaplike dienste se werkers in die kleinkind wat hul grootmaak se lewens drasties hoef in te gryp nie. Twee (22%) van die grootouergroep dui aan dat die ingryping soms plaasvind en een (11%) dui aan dat dit selde nodig was om in te gryp.

Volgens die opvoeders is nie een van die steekproefleeders in oortredings betrokke waar die polisie ingeroep moet word nie. Vir sewe (77%) van die kleinkinders is dit gelukkig nooit nodig om met die polisdienste en skoolmaatskaplike werker te praat oor sy/haar gedrag nie. Twee (22%) moet egter soms deel van so 'n gesprek vorm.

In geen geval is die skoolmaatskaplike werker nooit deur die opvoeder gevra om in gesprek te tree oor 'n leerder se maatskaplike situasie nie en nog nooit is dit nodig dat die opvoeder die skoolmaatskaplike werker spesiaal moet inroep oor een van die kleinkinders nie. Een (11%) van die kleinkinders erken individueel dat hul onderskeidelik altyd, dikwels en soms ingelig word deur die skoolmaatskaplike werkster oor gesprekke tussen laasgenoemde en die klasopvoeder. Vyf (55%) van die kleinkinders erken dat hul nooit, indien nodig, oor sodanige gesprek ingelig is nie. Drie (33%) van die steekproef is al spesiaal deur die skoolmaatskaplike werker ingeroep om 'n spesiale bespreking oor sy/haar gedrag te hou terwyl ses (66%) nooit spesiaal ingeroep is nie.

Slegs een (11%) van die kleinkinders erken dat die skoolmaatskaplike werker gereeld met hom/haar in gesprek wil tree oor huislike en skoolomstandighede. Nog een (11%) erken dat sy dikwels deel van gesprekvoering is en vier (44%) ander kleinkinders erken dat sy/hy soms deel van sodanige gesprekvoering is. Drie (33%) kleinkinders is nooit deel van die gesprekvoering nie. Ses (66%) van die teikengroep erken dat hul nooit deur die

skoolmaatskaplike werker en opvoeder genader is om sy/haar akademie of gedrag te bespreek nie, terwyl een (11%) toegee dat sy/hy soms genader word. Twee (22%) leerders noem dat hul dikwels deel van so gesprek is.

Sewe (77%) van die grootouerrespondente dui aan dat dit nooit vir hul nodig is om na maatskaplike dienste se kantore te gaan om vir hulp te gaan aanklop nie. Twee (22%) van die grootouers dui aan dat dit somtyds nodig is om besoek by die maatskaplike dienste se kantore af te lê. Ses (66%) van die grootouers ontvang nooit besoeke van maatskaplike werksters nie terwyl een van elk (11%) dikwels, somtyds en altyd tuisbesoeke van maatskaplike dienste se werkers ontvang.

Ses van die grootouerrespondente dui aan dat hul nooit 'n inligtingsessie oor grootmaakprosesse en metodes oor kleinkinders bywoon nie. Twee (22%) dui aan dat hul altyd sodanige informasie-sessies bywoon en een (11%) grootouer dui aan dat hy/sy soms sulke sessies bywoon. Sewe (77%) van die grootouerrespondente ag dit nooit nodig om 'n noodroep op maatskaplike dienste te doen om 'n dringende tuisbesoek af te lê nie. Een (11%) grootouer toon dat dit altyd nodig is om 'n noodroep tot die maatskaplike dienste te rig om 'n tuisbesoek af te lê. Een (11%) dui aan dat dit soms nodig is om so 'n oproep tot maatskaplike dienste te rig.

4.7 Opvoederonderhoude

Onderhoude is met die opvoeders gevoer om vas te stel of die grootouer se verantwoordelikhede om die ouerrol 'n tweede keer te vertolk, die vorming van vertikale verhoudinge met volwassenes en die horisontale verhoudinge met portuurgroepe enigsins die kleinkind se onderrig-en leervooreure en/of hulle leerstyl of gedrag beïnvloed en of die grootouerrol-invloed leerhindernisse by die kleinkinders tot gevolg het.

4.7.1 Sensoriese inset-voorkeure

Al nege (100%) van die steekproef verkies visuele insette, dit wil sê, hul verkies om te leer deur te sien en te lees. Vyf (56%) verkies om te leer deur middel van ouditiewe insette, veral verbale kommunikasie. Vier (44%) verkies om somtyds hierdie insette tot leer te lewer. Slegs twee (22%) van die kleinkinders verkies om te leer deur middel van kinetiese insetlewering, met ander woorde deur te doen. Volgens die opvoeders verkies ses (67%) om soms op dié manier kurrikuluminhoud aan te leer. Een (11%) hou nie van tasbare kinetiese insetleer nie.

4.7.2 Passende leerstyle

Ses (67%) van die kleinkinders se algemene leerstyl, volgens die data, is visueel en ses (67%) verkies ook leer deur te doen en is dus kineties ingestel terwyl twee (22%) die maklikste deur verbale instruksie (ouditief) leer.

4.7.2.1 Visueel

Algemeen: Sewe (77%) van die leerders wat 'n visuele leerstyl verkies, hou daarvan om na demonstrasies/illustrasies te kyk. Die opvoeders observeer dat al nege (100%) baat vind deur die gebruik van visuele hulpmiddels soos flitskaarte en prente. Twee (22%) van die visueel - georiënteerde leerders dagdroom dikwels. Lees: Vyf (55%) van die visueel-georiënteerde leerders verkies voorskrifte wanneer hul lees terwyl drie (33%) dikwels tydens lees stop om te visualiseer. Een (11%) moet intensief tydens lees konsentreer. Spelling: Vyf (55%) van die visuele leerders herken tydens spelling figure deur middel van sig en sewe (77%) maak tydens lees staat op die vorm van die woord. Skryf: Volgens die data skryf ses (67%) van die visueel-georiënteerde leerders goed en toon ses (67%) goeie spasiëring en lettergrootte terwyl vir drie (33%) die letterformasie ook belangrik is. Geheue: Ses (67%) van die visuele leerders se geheue is meer effektief met visueel-waarneembare leermateriaal en drie (33%) onthou makliker gesigte, maar vergeet gou name van persone terwyl drie (33%) hul geheue versterk deur notas te skryf. Kommunikasie: Vier (44%) van die visuele leerders kommunikeer min en drie (33%) is ongeduldig tydens lang sessies. Vier (44%) van die visuele leerders is onhandig in hul woordgebruik en drie (33%) het 'n swak beskrywende vermoë. Algemene voorkoms: Vier (44%) van die visueel-ingestelde kleinkinders se algemene voorkoms is netjies en vyf (56%) is volgens die opvoeders ordentlike kinders. Een (11%) hou nie daarvan om sy/haar voorkoms te verander nie. Reaksie op visuele kunste : Sewe (77%) van die visueel - georiënteerde leerders verkies visuele kunste en twee (22%) fokus op detail pleks van die geheel. Verbeelding: Vier (44%) van die visueel-ingestelde leerders het 'n ryke verbeelding en twee (22 %) dink deur die medium van prente. Twee (22%) uit hierdie groep visualiseer in detail. Aandag(konsentrasie): Een (11%) van die visueel-ingestelde leerders se aandag word nie maklik deur klank afgelei nie omdat die tipe leerders gewoonlik onbewus van klank is. Twee (22%) van die soort leerders se aandag word deur middel van visuele beweging afgetrek. Probleemoplossing: Twee (22%) van die visueel-georiënteerde leerders is gemotiveerd ten opsigte van probleemoplossing en een (11%) beplan vooruit. Twee (22%) van hierdie leerders orden hul denke deur te skryf oor die probleem wat opgelos moet word en hul verkies om informasie in tabelformaat te besigtig. Reaksie op nuwe situasies: Sewe (77%) van die visueel-georiënteerde leerders kyk rond in reaksie op nuwe situasies wat ontstaan en een (11%) ondersoek die nuwe situasie. Emosioneel: Vier (44%) van die die visueel-ingestelde kleinkinders staar as 'n emosionele

reaksie wanneer hul omgekrap voel. Drie (33%) uit hierdie groep bloos wanneer hul opgewonde voel en vyf (56%) wys deur middel van gesigsuitdrukkings hoe hulle voel.

4.7.2.2 Ouditief

Algemeen: Drie (33%) van die leerders wat ouditiewe leer verkies, baat deur herhaling en verbale indrilling. Van die ouditiewe leerders verkies slegs een (11%) absolute stilte om te konsentreer en is dit deur opvoeder-waarneming bevind dat in vier (44%) gevalle die kinders se aandag deur lawaai afgelei word. **Lees:** Sewe (76%) van die ouditiewe leerders geniet dialoog en opvoerings en vyf (55%) vermy lang beskrywings wanneer hul veronderstel is om te lees. Een (11%) van die ouditiewe leerders fokus nie op illustrasies nie. **Spelling:** Drie (33%) van die ouditiewe leerders pas die fonetiese benadering tydens spelling toe. Een (11%) gebruik sy/haar ouditiewe woordherkennings-vaardighede tydens spelling. Skryf: Een (11%) van die ouditiewe leerders het aanvanklik skryfprobleme ervaar. **Geheue:** Twee (22%) van die ouditiewe leerders se geheue is meer effektief wanneer hul dinge aanhoor en twee (22%) onthou ook makliker deur middel van ouditiewe herhaling. **Kommunikasie:** Vyf (56%) van die ouditiewe leerders hou daarvan om te luister, maar kan nie wag om te praat nie terwyl twee (22%) se beskrywings herhalend is. Twee (22%) hou daarvan om na hulself te luister. **Algemene Voorkoms:** Vir een (11%) van die ouditiewe leerders is bypassende klere nie belangrik nie terwyl twee (22%) hul klere-keuses kan verduidelik. **Reaksie op kunste:** Al nege (100%) van die steekproef is ouditief ingestel en verkies musiek. Drie (33%) ouditiewe kleinkinders waardeer kuns as 'n geheel en detail is vir hul minder belangrik.

Verbeelding: Drie (33%) van die ouditiewe leerders dink deur die medium van klank en vir twee (22%) is detail minder belangrik. Aandag (konsentrasie): Sewe (77%) van die ouditief-ingestelde leerders se aandag word maklik deur klank afgetrek. Probleemoplossing: Vyf (56%) van die ouditiewe leerders kommunikeer hul probleme, vier (44%) kommunikeer moontlike oplossings en twee (22%) kommunikeer met hulself gedurende probleemoplossing. Reaksie op nuwe situasies: Een van die ouditief-georiënteerdes bespreek die voordele en nadele van die nuwe situasie en wat om te doen in die nuwe omstandighede. Emosioneel: Twee (22%) ouditiewe leerders skree wanneer hul gelukkig of omgekrap voel en een (11%) ontplof met woorde, maar kalmeer gou. Vier (44%) van hierdie ouditiewe kleinkinders druk hul emosies verbaal deur middel van hul stemvolume en stemtoon uit.

4.7.2.3 Kineties

Algemeen: Van die ses (67%) wat kinetiese leer verkies, is daar vier (44%) wat beweging verkies om op leer te konsentreer. Drie (33%) van laasgenoemde soort leerders werk effektief vir kort tydperke. Vyf (55%) van die kinetiese leerders verkies om aksiebelaaide stories te lees terwyl ses (67%) kiewelrig is tydens lees en drie (33%) met die leesboek of

leesstuk speel en drie (33%) nie gretig is om te lees nie. Een (11%) van die kineties- ingestelde leerders toon dikwels swak spelling. Twee van die kinetiese- ingestelde leerders se skryfwerk is aanvanklik as goed bestempel en twee (22%) druk hard op die skryfinstrument. Vyf (56%) van die kinestetiese leerders se geheue is meer effektief wanneer die leerder beweeg en twee (22%) onthou makliker wat gedoen is en nie sodanig dit wat gesien of bespreek is nie. Een (11%) van die kinetiese leerders is 'n swak luisteraar en ses (67%) praat deur middel van liggaamlike bewegings. Twee (22%) van hierdie tipe leerders staan naby 'n persoon wanneer hy/sy praat en vier (44%) verloor belangstelling gedurende lang, mondelinge besprekings. Vier (44%) van die kinestetiese leerders se algemene voorkoms is skoon, maar word gou onnet as gevolg van aktiewe gedrag. Drie van die kinetiese leerders reageer graag op musiek deur middel van beweging en drie (33%) verkies om fisies by die kunste betrokke te wees. Een (11%) van die groep hou van min verbale besprekings oor kunste. Vir twee (22%) van die kinetiese leerders is verbeelding minder belangrik en vier (44%) se verbeelding skakel met beweging. Twee (22%) van die kinetiese leerders se aandag word in die algemeen maklik gesteur. Van die kineties- ingestelde leerders spreek een (11%) sy/haar probleem fisies aan, een (11%) is impulsief ten opsigte van probleemoplossing en vier (44%) verkies 'n oplossing wat geleentheid bied om te beweeg. Vier (44%) van die kinetiese leerders hou van eksperimenteer as 'n reaksie op die nuwe situasie wat ontstaan. Twee (22%) hou daarvan om objekte te betas en fisies te hanteer. Twee (22%) kineties- ingestelde leerders druk hul emosies fisies uit byvoorbeeld deur spronge, voetestamp, te slaan of om weg te stap.

4.7.3 Portuurgroepverhoudinge

Drie (33%) van die fokusgroep word deur die opvoeders as gebieds-afhanklike leerders ervaar terwyl twee (22%) as gebieds-onafhanklike leerders ervaar word. Agt (88%) van die steekproef hou daarvan om saam met ander aan 'n gemeenskaplike doel te werk terwyl een (11%) verkies om onafhanklik te werk. Sewe (77%) hou daarvan om ander te help terwyl vier daarvan hou om met ander mee te ding. Twee (22%) leerders is sensitief vir ander se gevoelens en menings terwyl agt (89%) taak georieenteerd is. Sewe (77%) van die gebieds- onafhanklike leerders is nie afhanklik van hul sosiale omgewing tydens die doen van hul skoolwerk nie.

4.7.4 Opvoederverhouding

Vier (44%) van die steekproef druk openlik warm gevoelens vir die opvoeders uit. Sewe (77%) soek egter weinig fisiese kontak met die opvoeder. Die omgewing-onafhanklike leerder klou aan die formele interaksie met die opvoeder veral ten opsigte van uitvoer van opdragte. Vyf (56%) van die fokusgroep stel vrae oor die afkeure en die goedkeure van die opvoeder. Vyf (56%) hou egter daarvan om risiko's te neem en nuwe take aan te pak sonder

die opvoeder se ondersteuning. Drie (33%) van die steekproef is ongeduldig om met take te begin en om eerste klaar te maak. Ses (67%) van die steekproef is omgewing-afhanklik en soek leiding en demonstrasie vanaf die opvoeder. Vier (44%) van die omgewing-onafhanklike leerders hou daarvan om buite die kollig te bly. Twee (22%) soek persoonlike belonings wat die verhouding met die opvoeder versterk terwyl drie (33%) hoogs gemotiveerd is wanneer hy/sy as 'n individu met die opvoeder saamwerk.

4.7.5 Kognitiewe style

Drie (33%) van die fokusgroep funksioneer goed nadat die uitkomst versigtig voor die leerervaring verduidelik is. Drie (33%) van die omgewing-onafhanklike leerders hou daarvan om die vakinhoud in kleiner eenhede te verdeel. Twee (22%) van die omgewing-afhanklike leerders hanteer konsepte wat aangeleer word, goed wanneer dit in 'n meer vermenslikte of storie-formaat aangebied word. Slegs een (11%) leerder beklemtoon detail van konsepte en die konsep se verbandhoudende dele en gee dan daarvolgens 'n eie betekenis aan die konsep. Ses leerders verkies konkrete visuele beelde terwyl twee (22%) die ontdekkingsbenadering geniet. Ses (67%) van die steekproef in die gevallestudie funksioneer goed wanneer die inhoud relevant tot persoonlike belange en ervaring gemaak word.

4.7.6 Leerstoornisse

Drie (33%) van die steekproef is aan ernstige armoede onderwerp. Twee (22%) is laat tot die skool toegelaat. Ses (67%) van die leerders ondervind leerstoornisse omdat daar nie vroeg genoeg ingegryp is met ondersteunings-programme ten opsigte van hul akademie nie. Een leerder se ingesteldheid teenoor sy/haar akademie lei tot leerhindernisse by die leerder. Een opvoeder dui aan dat een (11%) leerder se huistaal verskil van die leerder se taal van onderrig-en leer, maar volgens die navorser het die verskil nie na vore gekom tydens die voer van die onderhoud met die betrokke leerder se grootmoeder nie.

4.7.7 Gedragsprobleme

Een (11%) van die leerders toon somtyds 'n wreedheid teenoor klasmaats as gevolg van haar kort humeur. Vier (44%) van die steekproef toon somtyds ontwrigtende gedrag in die klas naamlik deur geselserig met klasmaats te wees terwyl verwag word dat almal met skryfwerk besig moet wees; die nie-inhandiging van formele assesseringstake en die halfhartige doen van skoolwerk in die klas. Een (11%) leerder is ernstig aangespreek oor betasting en een (11%) se ingesteldheid teenoor die skoolwerk is ontwrigtend in die klas. Die afleiding kan gemaak word dat die steekproef geen noemenswaardige gedragsafwyking openbaar nie. Die grootouer se rol word dus vergemaklik deurdat daar nie onnodige spanning in die verhouding tussen tiener en grootouer heers nie. Die geselserigheid in die

klaskamersituasie behoort effektief deur 'n onderwyser hanteer te kan word byvoorbeeld deur haarself of homself af te vra of die kleinkind werklik die opdrag verstaan wat uitgevoer word.

Die twaalfjarige lid van die steekproefgroep, 'n dogter, openbaar 'n onnatuurlike, kort, opvlammende humeur. Tydens gesprekvoering met die navorser verstrekk sy altyd vae antwoorde op vrae of antwoord glad nie, byvoorbeeld, "Hoekom lyk jy vanoggend weer so kwaad? Hy/Sy soek eerste skoor", is altyd die vae antwoord waarin geen spesifieke rede verskaf word hoekom sy regtig so smoorkwaad word nie. Ek hoop om deur middel van die onderhoudvoering en die vraelys by die kleinkind se grootouer meer inligting te bekom vir verdere analise.

In die groep is ook die geval van die dertienjarige dogter wat buitengewoon baie kere vra om die klas te verlaat omdat sy 'n blaasprobleem het. Opvallend is ook die kere tydens luidleesperiodes dat sy uitermate sag lees, alhoewel sy geen leesprobleem openbaar nie. Sy erken ook teësinnig dat sy sonder toestemming buite skoolure rook. Tydens die laaste kwartaal van 2012 is sy vir ongeveer drie weke aaneenlopend afwesig sonder reaksie op briewe vanaf die skool aan haar en haar grootmoeder by wie sy grootword. Ek hoop om tydens die analise van die vraelys aan leerders antwoorde vir die gedrag te kry.

Die ander sewe leerders van die steekproefleerders toon geen ongewone gedragspatrone tydens observasie nie.

4.8 Opsomming

Hierdie gevalllestudie se doel is om die grootouerrolle se invloed op die akademiese funksionering en gedrag van grootmaakkleinkinders te ondersoek. Opsommenderwys word die afleiding gemaak dat die grootouerrol wel 'n gedwonge rol is, maar dat hierdie rol met liefde vir die kleinkind uitgevoer word ongeag die gebreke waarmee die rol gepaard gaan. Hierdie gebreke sluit gesondheidsaspekte in wat met die ouer lewensfase gepaardgaan. Die rol sluit die oorkoming van finansiële tekorte in. Die rol behels die onkundigheid ten opsigte van ondersteuning in die akademie van die kleinkind asook die tekort aan opleiding vir die grootouers. Die grootouer(s) speel hierdie versorgerrol na die beste van hul vermoë onder min positiewe huislike omstandighede. Die grootouerrol se invloed op die akademiese funksionering en gedrag is meer positief as wat dit negatief is.

Gevolgtrekkings en aanbevelings oor die gevalllestudie word in hoofstuk vyf aangebied.

HOOFSTUK VYF: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om gevolgtrekkings en afleidings te maak oor die grootouer(s) se invloed as primêre versorger(s) op die akademiese funksionering en gedrag van hul grootmaakkleinkind in die 2012- graad -7-klas aan 'n kwintiel 4- primêre skool in die Weskus-onderwysdistrik in Suid-Afrika. Studie-informasie oor die onderwerp in die Suid-Afrikaanse opset kan slegs verkry word uit Gasa (2012) en Van Rensburg (2006). Literatuur oor die onderwerp in die Suid-Afrikaanse opset is dus beperk en die studie is 'n poging om die behoefte gedeeltelik te vervul. 'n Verskeidenheid informasie is verkry uit internasionale studies wat onder andere die volgende uit die Verenigde State van Amerika insluit: Edwards en Benson (2010), Edwards en Taub (2009), Edwards en Shannon (2008), Edwards en Dire (2006), Bailey (2012), Fogarty (2007), Dannison en Smith (2003), Beale et al. (2003), Edwards (2006) en Edwards (1998). Ander internasionale studies sluit in: Mitchell (2008) uit die Verenigde Koninkryk, Hislop et al. (2004) uit Australië, Worrall (2009) uit Nieu-Seeland, Nakamura (2011) uit Japan asook Kuan en Yang (2000) uit Taiwan. Gevolgtrekkings en aanbevelings uit die gevallestudie word in hierdie hoofstuk deurgegee.

Hierdie aanbevelings kan positief tot onderwys in Suid-Afrika bydra deurdat die informasie oor die grootouerrol-invloede op grootmaakkleinkinders deur ander onderwysers in hul onderrig-en leerklasse gebruik kan word om effektief tot die groep se opvoeding by te dra. Die kategorieë wat ondersoek is om die grootouerrol-invloede vas te stel, is gesondheidstoestande van die grootouers by die huis, die finansiële omstandighede by die grootouerwoning, dissipline-toepassing deur die grootouers op die grootmaakkleinkind, die ingesteldheid van die kleinkind teenoor skoolwerk as 'n uitvloeisel van die grootouerinvloed en die betrokkenheid van die skoolmaatskaplike dienste in die wel en weë van die grootmaak kleinkinders. Sommige grootouer-invloede werk oorvleuelend in op die kleinkind se akademie funksionering en gedrag, daarom word gedrag nie as 'n afsonderlike komponent in die hoofstuk behandel nie.

5.2 Grootouerrol-invloede

Die gevolgtrekkings uit response van die ondersoek na die grootouerrol-invloed op grootmaakkleinkinders en relevante literatuur is op hierdie gevallestudie van toepassing. Die rolle van grootouers wat hul kleinkinders moet grootmaak en die grootouerrolle se invloed op die akademiese funksionering en gedrag is ondersoek. Leerstyle van die kleinkinders is ook ondersoek omdat die navorser die aspek as 'n resultaat sien van die huisomgewing sodat relevante ingrypingsstrategieë vir toekomstige navorsing in plek gestel kan word.

5.2.1 Gesondheidstatus

In die studie is bevind dat die gesondheidstoestand van albei of een van die grootouers, alhoewel sommige enkele gesondheidsprobleme ervaar, van sodanige aard is dat hul effektief die kleinkind versorg sodat die kleinkind se akademiese funksionering nie negatief beïnvloed word nie. Die bevinding is teenstrydig met Bailey (2012), Gasa (2012), Richardson (2009), Reynolds et al. (2003:324) wat onderskeidelik aandui dat grootouers mag voel dat hulle nie kan “byhou” met die kleinkind nie, te wyte aan gesondheid-bekommernisse of eenvoudig omdat die kinders te aktief is of dat die kleinkind gesondheid en gedragsprobleme ervaar. Reynolds et al. (2003:324) beweer dat gevoelens van kwaadheid, hartseer en ‘n gevoel van isolasie word dikwels na verwys as oorsake van toenemende stres en gesondheidsprobleme by grootouers. Die response uit die onderhoude dui grootouers aan wat goeie gesondheid tot swak gesondheid ervaar, maar dat die grootouers, nieteenstaande hul gesondheidstoestand hul beste vir die kleinkind gee wat ‘n positiewe invloed op akademiese en gedrag tot gevolg toon. Emosie soos liefde en bejammering vir die kleinkind motiveer die grootouer(s) sodat hul bo hul eie emosionele en gesondheidsprobleme uitstyg om effektief die grootmaakkleinkind te versorg.

Ooreenstemmende bevindings tussen opvoeders, leerders en grootouers uit die vraelyste dui aan dat die opvoeders ervaar dat die kleinkinders se gesondheid van sodanige aard is dat dit nie stremmend op hul akademiese funksionering inwerk nie, want aanduidings word gegee dat die kleinkinders nooit onnodig die klas tydens onderrigtyd wil verlaat nie;

altyd betyds is vir skool;

nooit medikasie by die skool gebruik nie en

altyd of dikwels netjies vertoon.

Die leerders dui aan dat hul wel somtyds die kliniek besoek. Die grootouers dui aan dat daar wel in die grootouerhuishouding op kliniekdienste gesteun word. Die gevolgtrekking word gemaak dat die gebruikmaking van kliniekdienste minimaal/positief van aard is en nie negatief op die akademiese funksionering van die kleinkind inwerk nie. Laasgenoemde gevolgtrekking word bevestig deur die data wat aandui dat die kleinkind nooit medikasie op ‘n gereelde basis hoef te gebruik nie. Al drie groepe dui aan dat die kleinkind daagliks ywerig is om die skool by te woon. Bywoningsregisters bewys dat die meeste van die kleinkinders daagliks in die skool aanwesig gemerk word. Gevolglik word tot die gevolgtrekking gekom dat die rol wat die grootouer speel ten opsigte van die gesondheid van die steekproefleerder positief is vir die kleinkind se akademiese funksionering en gedrag. Ruiz (1999:6) dui aan dat die gesondheidsprobleme van Afro-Amerikaanse grootmoederversorgers dikwels deur finansiële probleme vererger word.

5.2.2 Finansiële status

Die bevindings in die gevallestudie is dat die grootouer(s) daagliks finansiële uitdagings in die gesig staar. Die finansiële uitdagings veroorsaak gesondheidsprobleme by die grootouers. Die bevinding is in ooreenstemming met literatuur soos dié van Bailey (2012:1) wat beweer dat baie grootouers op 'n vasgestelde inkomste leef. Hul mag moontlik nie addisionele kostes wat met kind-grootmaak geassosieer word, bekostig nie. Die bevinding van Reynolds et al. (2003:324) is dat hulle (grootouers) dikwels vir die name van ondersteuningsgroepe vra en waar hul gemeenskapsbronne kan vind, spesifiek bronne vir finansiële bystand en mediese sorg. Die vasgestelde inkomste waarvan grootouers moet lewe, is ook wat in die gevallestudie bevind is, want die meeste grootouers is hoofsaaklik afhanklik van 'n staatspensioen. Ruiz (1999) en Reynolds et al. (2003) dui beide in hul studies aan dat finansiële- en gesondheidsprobleme aanvullend tot mekaar in grootouerwoning staan. Die bevinding stem ooreen met Justis (2006:11) se bevinding in die staat van Indiana in die Verenigde State van Amerika dat die persentasie grootouers wat as primêre versorgers van hul kleinkinders optree en moet werk sedert die jaar 2000 vanaf 61% tot 71% gestyg het en dat die persentasie wat in armoede leef steeds 17,7% bly. Richardson (2009:6) se bevinding is dat grootouers, wanneer hul die uitgawes van kleinkind-grootmaak in die gesig staar, tot die besef kom dat hul finansiële bystand benodig.

Vraelysdata t.o.v finansies is egter teenstrydig met wat in die onderhoude met grootouers bevind is. In hierdie studie word sterk gesteun op die grootouer se mening aangesien hul rolle in die kleinkind se lewe ondersoek word. Volgens die grootouers is daar nooit 'n tekort aan geld in die huishouding nie, maar die teenstrydigheid is dat hul in die onderhoud aandui dat hulle sukkel om kop bo water te hou. Die opvoederrekords wil laasgenoemde gevolgtrekking ondersteun, want die rekords toon dat meer as die helfte van die steekproef se skoolgeld op datum betaal is – dit is as gevolg van kwytskelding van skoolgeldbydrae. Die feit dat van die kleinkinders vir kwytskelding kwalifiseer, waartydens uitdruklik motiveer moet word waarom die leerder kwalifiseer om kwyteskeld te word van betaling, teenstrydig is met die aanduiding van die grootouer dat daar nooit 'n tekort aan geld is nie.

Skoolgelde en skooluitrusting: Die gevolgtrekking dat die finansiële omstandighede nie die kleinkind se akademie strem nie, word verder bevestig deur die data wat aandui dat meer as die helfte van die steekproefleerders altyd netjies in skooldrag gekleed is en genoeg geld beskikbaar is om die kleinkind korrek en netjies in skooldrag te kleed. Die grootouer(s) en die leerders se bevestiging dat die kleinkind gereeld van sakgeld voorsien word en die opvoeders se aanduiding dat die kleinkind nooit van diefstal beskuldig is nie, lei tot die gevolgtrekking dat die finansiële omstandighede van die grootouers nie negatief op die akademiese funksionering en gedrag inwerk nie.

Die grootste persentasie (ses uit die sewe huishoudings) van die grootouers beskik nie oor 'n permanente werk nie en is aangewese op ouderdomspensioen as bron van inkomste. Die weduwee-grootmoeders se inkomste word aangevul met 'n pleegouer-en/of staatstoelaag. Die bevinding is in lyn met die rolteorie. Die grootouers mag moontlik gestres voel te wyte aan die finansiële uitgawes en addisionele werk wat aan kleinkinders gekoppel word. Matzek (2007:7) dui aan dat hierdie grootouerversorgers mag meer rolkonflik ervaar, want hulle moet hul eie ouerskap met hul eie jong kinders koördineer sowel as met hul kleinkinders. Die lae lewenstandaard werk stremmend in op die kleinkind in die grootouerwoning se akademiese werkverrigting, maar demp nie die grootouer(s) se vasberadenheid nie. Die beperkte inkomste is 'n hindernis vir die kleinkind wat aan kulturele en sportbedrywighede bedrywighede wil deelneem.

Die ouderdom van grootouers, wat daartoe lei dat hul ouderdomspensioen, 'n vasgestelde inkomste ontvang en die inkomste van die werkende grootouers beïnvloed nie die grootouer(s) se vasberadenheid om hul kleinkind effektief akademies te laat funksioneer en aanvaarbare gedrag te laat openbaar nie.

5.2.3 Dissipline

Die dissiplinerings van die grootmaakkleinkinders skyn, volgens die onderhoude en vraelyste, in die gevallestudie geen probleem vir die grootouers en onderwysers te wees nie.

Volgens Mader (2009:1) kom permanente en tydelike pleegsorg-grootouers teen 'n verskeidenheid van ouerlike bekommernisse te staan, byvoorbeeld dissipline. Bevindinge in die gevallestudie staan hoofsaaklik direk teenoor Mader (2009) se bevinding - die grootouers in die studie is in beheer van hul kleinkinders wat hul grootmaak.

Dissipline by die grootouertuiste: Sommige grootouers pas verbale dissipline toe, maar in een geval word die kleinkind fisies by die huis gedissiplineer. Die kleinkinders is gedissiplineer genoeg om te besef dat dwelmmisbruik en drankmisbruik 'n negatiewe invloed op hul lewens uitoeven indien hul dit gebruik.

Dissipline in die skool: Die gevolgtrekking word gemaak dat die steekproef binne die skoolomgewing aanvaarbare dissipline openbaar aangesien die meerderheid nooit vir detensie-klasse na skool gehou word nie. Die gevolgtrekking word gemaak dat die kleinkinders nie almal ten alle tye gedissiplineer optree ten opsigte van die doen en inhandiging van formele assesseringstake nie.

Die navorsing toon dat die kleinkinders in die algemeen nie juis betrokke by die sport - en kulturele aktiwiteite van die skool is nie. Die gebrek aan finansies in die grootouerwoning verhoed skynbaar dat die kleinkind addisionele uitgawes vir sport - en kulturele aktiwiteite kan bekostig. Die nie-beoefening van die aktiwiteite kan selfdissipline by die kleinkind strem.

5.2.4 Akademiese funksionering

Die gevallestudie se bevinding is dat grootouer(s) aangewese is op bystand en ondersteuning van ander bronne, byvoorbeeld gemeenskaporganisasies, regeringstrukture en individue om te help om die kleinkind effektief akademies te laat funksioneer.

Die bevinding word onderstreep deur Edwards (1998, 2006) wat aandui dat kleinkinders wat deur grootouers grootgemaak word akademies swakker vaar as kinders in ander omstandighede. Die bevinding is in lyn met literatuur byvoorbeeld Bailey (2012:2) wat argumenteer dat grootouers uit voeling voel met wat vandag in skole aangaan en dat hul met kindersorgmetodes omgaan wat verander is sedert hul ervaring om vir die eerste keer 'n ouer te wees. Reynolds et al. (2003:320) bevestig Bailey (2012) se bevinding met die volgende stelling: Deelname aan 'n kind se opvoedkundige program en die prosedure van evaluering, identifikasie, plasing en vordering kan intimiderend en verwarrend vir grootouers wees. Grootouers maak in die studie onder andere staat op 'n pastoor in die gemeenskap se vrou wat leerders in hul akademie bystaan. Die gevolgtrekking is ook gemaak dat die kleinkind in die algemeen akademiese ondersteuning van die opvoeders moet kry. Die gevolgtrekking word bevestig wanneer kumulatiewe kaarte aandui dat die grootste persentasie van die steekproefleerders met ondersteuning tot in graad 7 in 2012 bevorder is. Skolastiese uitslae, volgens die kwartaallikse verslagkaarte, toon dat die kleinkinders in die algemeen gemiddelde akademiese presteerders in graad 7 is.

Ingesteldheid van die kleinkind teenoor die akademie: In die gevallestudie is tot die gevolgtrekking gekom dat die kleinkinders in die algemeen nie baie positief ingestel is teenoor die akademie nie, byvoorbeeld nie almal doen graag en gereeld tuiswerk nie of handig betyds hul assesseringsopdragte in nie. Tydens die onderhoud met die grootouers is waargeneem dat huislike omstandighede nie altyd toelaat dat tuiswerk tuis gedoen kan word nie. Ironies genoeg dui die meeste grootouers aan dat hul tog hul kleinkind gereeld sien tuiswerk sit en doen.

Data toon dat gereelde kommunikasie tussen opvoeder en grootouer oor akademie en gedrag van hul kleinkind plaasvind. Die kommunikasie stem ooreen met wat Mitchell (2008:132) aandui, naamlik dat gereelde geleenthede om familieledede te ontmoet 'n belangrike faktor is waarby skool/tuiste kommunikasie ingesluit moet wees. Hierdie

kommunikasie is nie noodwendig negatief nie. Die gevolgtrekking word gemaak dat die bywoning van skoolaktiwiteite deur die grootouers verbeterde akademiese funksionering en gedrag tot gevolg mag hê - dit wys die kleinkind dat sy/haar grootouer(s) in sy/haar akademie belangstel. Die rolteorie kan in sulke gevalle 'n invloed hê. Volgens die data kan die gevolgtrekking ook gemaak word dat geen dringende ingryping deur skoolmaatskaplike dienste vereis is in die huissituasie van die kleinkind nie.

Grootouerwoningen met onvoldoende ruimte en ameublement vir onder andere tuiswerk doen en 'n voldoende nagrus, is stremmende faktore op die kleinkind se akademiese funksionering en mag die kleinkind se algemene ingesteldheid teenoor skoolwerk affekteer. Die ruimte binne die wonings van grootouer(s) is meestal beperk as gevolg van die hoeveelheid mense in die uitgebreide, grootouergeleide huishouding. Uitgebreide grootouerhuishouding verwys na die persone wat saam die weduwee-grootmoeder of die getroude grootouerpaar in die huis woon waarvan die grootouer(s) die primêre versorgers van die kleinkind is. Volgens die onderhoude in die studie is in die wonings waar die weduwee-grootmoeders die primêre versorgers is, onderskeidelik nog drie, vier en in twee gevalle meer as ses persone wat in die grootouergeleide woning woon. In slegs drie uit die sewe grootouerwoningen is 'n kombuistafel waar kleinkinders in die huishouding hul tuiswerk na skool kan doen. Ruimte is ook een van die redes waarom in vier uit die sewe huishoudings slaapplek in die sitkamer vir nagrus ingeruim word. So 'n situasie kan nie bevorderlik vir akademiese funksionering van die kleinkind wees nie.

Die bevinding in die gevallestudie is dat grootouers opvoedkundige ondersteuning benodig. Dit is in ooreenstemming met Bailey (2012:1), Worrall (2009: 42), die Hislop et al.(2004: 36) - studies waartydens in die Worrall-studie (2009) bevind is dat 30% van die grootouers opvoedkundige bystand van spesiaal-opvoedkundige dienste (22%) en onderwyserhulp (14%) ontvang. Hislop et al., (2004:36) bevestig hierdie bevinding deur aan te dui dat grootouers nie binne die vermoë is om omgewingstoestande te voorsien wat by kinders of tieners pas nie, byvoorbeeld geskikte behuising of omgewingstoestande vir opvoedkundige werksaamhede nie. Die grootste persentasie van die grootouers beskik oor slegs primêre of junior sekondêre skoolopvoeding. Grootouers in hierdie studie, wat hul kleinkinders se primêre versorgers is, se opvoedkundige vlak is dus laag. Die gevolgtrekking word gemaak dat die lae opvoedkundige vlak negatief op die akademiese funksionering van die kleinkind kan inwerk omdat grootouers nie persoonlik binne die intellektuele vermoë is om hul graad 7-kleinkind met byvoorbeeld tuiswerk konkreet te ondersteun nie.

5.2.5 Skoolmaatskaplike Dienste

Die plasing van die kleinkind by grootouer(s) is 'n beter opsie as om die kleinkind by nie-familielede te plaas. Dit is in ooreenstemming met Jack (2007) wat bevind het dat kinders wat by familie geplaas word, beter (akademies) vaar as dié wat by nie-familielede geplaas word. Worrall (2005) se bevinding is dat die kleinkinders minder van skool verwissel as die onder vreemde toesig. Worrall (2005) se bevinding lui egter ook dat die kleinkinders fisiologiese gedragsprobleme ervaar. Die bevinding in die gevallestudie is dat die sewe kleinkinders nie amptelik by die grootouers deur wetgewing geplaas is nie, maar dat die grootouers in die studie gedwonge versorgers is. Dannison en Smith (2003:90) beklemtoon die belangrikheid van wedersydse samewerking met die volgende aanhaling: Multi-geslagtelike families toon dikwels 'n behoefte aan hulp vanaf die opvoedkundige stelsel, en die skool sosiale werkers, wat spesifiek in die strategiese posisie is om die families te help. Ruiz (1999:6) haal Minkler en Roe (1996) aan wat aandui dat daar min regeringsondersteuning vir grootmoeders is wat hul kleinkinders moet versorg.

Die ouderdom van die grootouerversorgers speel 'n rol. Die ouderdom van die enkelgrootouers en die grootouerpere in die studie is almal bo 50 jaar. Dit stem ooreen met bevindinge aan Berkeley (2002:5) in die Verenigde State van Amerika en Justis, (2006:11) waar bevind is dat die mediaan-ouderdom van grootouer-versorgers 59.5 jaar is en meer as die helfte 60 jaar en hoër is. Dit bring my tot die gevolgtrekking dat die grootouers almal in die bejaarde lewensfase is. Bejaard word in die woordeboek definieer as "ietwat oud" of "oor die middeljare" (Kindersley, 1998:261). Die aanduiding is gedeeltelik kontrasterend met vroeëre studies (Reynolds et al., 2003) en Justis (2006). Richardson (2009:3) is dit eens dat "een van ons nasie se grootste bronne is 'n grootouer of individu wat 50 jaar en ouer is. Die feit is egter dat grootouer(s) se ouderdom 'n beïnvloedende faktor is in hoe die kleinkind grootgemaak word wat 'n gevolglike invloed op die kleinkind se funksionering en gedrag in die skoolopset het."

Die huwelikstatus van die grootouer(s) speel 'n bepalende rol. Drie grootouerpere wat deel van hierdie ondersoek is, is steeds getroud. Vier grootouers is enkelopende weduwees. Die bevinding is in lyn met Reynolds et al. (2003:317); die studie aan Berkeley (2002) en die Worrall-studie (2009) se bevindings dat die meeste grootouers getroud is. Die steeds-getroude, soos in die Worrall-studie (2009) aangedui, volgens waarnemings, verskaf 'n stabiele huislike omgewing wat 'n positiewe invloed op die akademiese funksionering en die gedrag van die grootouer(s) op die grootmaakkleinkind uitoefen. Daarom wil ek saamstem dat die plasing van die kleinkind by die steeds-getroude grootouer(s) die beste opsie vir die kleinkind is, ten opsigte van sy/haar akademie en gedrag. Die vier oorblywende enkelgrootouers in hierdie gevallestudie is almal weduwees. Die studie stem dus ooreen met

die bevinding (Reynolds et al., 2003:317 en Justis, 2006:11) dat die meeste grootouers wat die primêre versorgers van hul kleinkinders is vroulik is. Die grootouers in die gevallestudie is drie Bruin grootouerspare en vier grootmoeder-pensioenarisse (weduwees).

Alhoewel in die gevallestudie die gevolgtrekking gemaak word dat noodsaaklike intervensie deur die skoolmaatskaplike dienste nie nodig is nie, stem ek saam met bogenoemde stelling dat wedersydse samewerking tussen die skool en maatskaplike dienste ten opsigte van grootouers wat kleinkinders grootmaak, kan verbeter, want volgens die onderhoude is daar beperkte kommunikasie tussen die twee strukture. Skoolmaatskaplike dienste toon ook nooit die noodigheid om polisie-ingryping te bewerkstellig ten opsigte van die huis-/of skoolomstandighede van die kleinkind nie. Dit skyn dat generiese gesprekke wel soms tussen van die kleinkinders en die skoolmaatskaplike werker plaasvind. Mitchell (2008:133) dui aan dat “aktiewe” beleide en inisiatiewe deur skole ontwikkel en geïmplementeer moet word waarby grootouers ingesluit moet wees en dat skole en hul personeel sensitief en responsief moet wees vir familie-diversiteit waarby verskillende sosiale, kultureel/etniese en klasomstandighede en familie-verhoudinge, die invloed van verskillende skoolopsette ingesluit is. Dit blyk, volgens die data dat die opvoeders en die grootouers nie altyd bewus is van sodanige gesprekke tussen kleinkind en skoolmaatskaplike werker nie. Nouer samewerking tussen die skoolmaatskaplike werker en die grootouers wat die kleinkinders grootmaak, kan net positief inwerk op die akademiese funksionering en gedrag van die kleinkind in grootouersorg.

Al die nege graad 7-leerders in die 2012-klas aan die primêre skool in die studie is tussen die ouderdomme van twaalf en vyftien jaar. In ses uit sewe gevalle woon die kleinkind langer as ses jaar by die grootouer(s). Die langer tydperk by die grootouerwoning veroorsaak dat die grootmaakkleinkind gewoon raak aan die toestande by so 'n woning ten opsigte van byvoorbeeld die toepassing van dissipline soos huisreëls, studie - en tuiswerktye, vryetydsbesteding ensovoorts wat bevorderlik is vir 'n stabiele tuiste-omgewing. Mitchell (2008: 129) noem in haar studie dat skool- en tuistelewe duidelik ineengewef is: die ondersteuning wat 'n kind by die huis ontvang, beïnvloed hoe hul leer en ontwikkel. Die feit dat die jongste kind vanaf feitlik geboorte by haar grootouers woon en die oudste vanaf hoogstens nege jaar oud, dui daarop dat 'n hegte band wel in die grootwordjare van die kleinkind se lewe tussen die grootouer, wat 'n tweede keer die ouerrol vertolk, en die kleinkind gevorm kon word. Die probleem is egter die gehegtheid wat nooit met biologiese ouer(s) gevorm is nie, wat negatiewe invloede kan bewerkstellig.

Opleiding van die grootouer(s) as primêre versorgers van hul kleinkinders skyn, volgens die data, 'n probleem te wees, want ses uit sewe gevalle is nooit opgelei as primêre versorger

nie. Dit lei daartoe dat die grootouer onkundig is om die ouerrol 'n tweede keer te vertolk. Hierdie onkunde is nie bevorderlik vir akademiese funksionering nie. Richardson (2009:6) dui aan dat die grootouers voor uitdagings te staan kom soos finansiële bystand, spesiale sorg-informasie oor ontwikkeling en ouerskap, individuele berading, ondersteuningsaktiwiteite, stresbestuurklasse, regsadvies, gemeenskapsbronne, behuising, behuisingsbystand, opvoedkundige skakeling, apparaat en korttermyn-blaaskanse. Mitchell (2008:130) beveel in haar studie 'n reeks benaderings aan hoe grootouers by hoofsaaklik primêre skole betrokke kan raak as vrywillige helpers deur grootouers te laat luister hoe kinders lees en deur hul te laat uithelp met ander skoolaktiwiteite, deur grootouers uit te nooi na skoolgeleenthede soos saalbyeenkomste, vorderingsverslae-vergaderings en informasie-aande asook om erkenning te gee aan die belangrike rol van grootouers in hul kleinkinders se lewe en die ondersteuning wat hul bied deur spesifieke grootouergeleenthede/dae op die skoolkalender te akkommodeer wat intergeslagtelike projekte insluit byvoorbeeld dat kinders oor verskillende generasies leer, spesifiek oor die rol van grootouers in verskillende tipes families. Die gevolgtrekking word gemaak dat sodanige opleiding 'n positiewe impak vanaf grootouer(s) se kant op die akademiese funksionering van die kleinkind kan hê.

Die gevolgtrekking word ook gemaak dat swak samewerking tussen die skoolmaatskaplike dienste en die grootouer(s) ook akademiese hindernisse kan veroorsaak, want in ses uit sewe gevalle is daar nooit kontak tussen die twee partye oor die kleinkinders gemaak nie. Kontak tussen die kleinkind en die lewende biologiese ouer blyk ook 'n probleem te wees, want waar wel kontak is, is dit baie min. Kleinkinders wil nouer kontak met biologiese ouers hê. Die kleinkinders voel die afwesigheid van hul biologiese ouers daarom moet effektiewe strukture wat aktief funksioneer in plek wees om leer-, ontwikkelings- en dissiplineprobleme te verhoed. 'n Stabiele huislike omgewing versterk 'n kind se selfbeeld, daarom is dit verblydend om tot die gevolgtrekking te kom dat die meeste van die kleinkinders permanent by hul grootouer(s) woon alhoewel nie volgens wettiese prosedure daar geplaas nie.

Al die steekproefleeders se grootouers is meelewende, belydende lidmate van een of ander kerkdenominasie. Al ses van die drie getroude grootouerpere is lidmate van die Verenigde Gereformeerde Kerk. Een van die weduwee-grootmoeders is lid van die AME-kerk terwyl drie grootmoeders lede van 'n charismatiese kerkbeweging is. Die ondersteuning wat deur die kerkgemeenskap aan die grootouers wat hul kleinkinders grootmaak, verleen word, is positief vir die akademiese funksionering en gedrag van die kleinkind. Maandelikse skenkings bestaan uit voedselpakkies met kruideniersware. Die Kerkrade en ander geestelike leiers verleen mondelinge, geestelike ondersteuning wat morele waardes insluit. Dit word bevestig deur die data wat wys dat geen noemenswaardige gedragsprobleme by die leeders waargeneem word nie.

5.3 Skoolomgewing

5.3.1 Leerstyle

Die steekproefleerders se leerstyl is oorwegend visueel. Die groep verkies konkrete visuele beelde en die leerinhoud moet sover moontlik relevant tot hul persoonlike belange en ervaring gemaak word. Samehangend met die visuele-ingesteldheid verkies 'n groot deel van die steekproef ook om nuwe vaardighede aan te leer deur te doen, met ander woorde hul is kineties ingestel.

5.3.2 Horisontale verhoudinge: Portuurgroep

Die gevolgtrekking word gemaak dat die kleinkind as leerder daarvan hou om saam met ander aan 'n gemeenskaplike doel te werk. Die steekproefleerders is ook behulpsume leerders. Data toon dat hul taak-georiënteerd is. Die groep se sosiale omgewing werk nie noemenswaardig negatief of positief op hul skoolwerk nie.

5.3.3 Vertikale verhoudinge: Opvoeders

Na aanleiding van informasie wat uit gesprekke met die kleinkinders in die gevalllestudie se opvoeders bekom is, is bevind dat die kleinkinders in die studie weinig fisiese kontak met die opvoeder maak. Die opvoeders dui aan dat die kleinkinders wat deur hul grootouers grootgemaak word wel leiding, ondersteuning en demonstrasie vanaf die opvoeder verwag en die gevolgtrekking word gemaak dat die leiding, ondersteuning en demonstrasie op formele interaksie moet geskied.

5.4 Aanbevelings

Die volgende aanbevelings kan effektief deur grootouer(s), wat die rol van primêre versorger vertolk, gebruik word om hul kleinkind effektief groot te maak sodat die kleinkind akademies beter presteer en nie afwykende gedrag toon nie. Die informasie kan ook deur opvoeders en skoolmaatskaplike werkers aangewend word om grootouer(s) by te staan in die opvoedingsproses van hul kleinkind.

Dit word aanbeveel:

Dat 'n opleidingsprogram vir grootouers as primêre versorgers van hul kleinkinders geïnisieer word sodat grootouers begrip toon vir die moeilike tienerfase waarin hul kleinkind hom/haar bevind, want met hierdie kennis mag die grootouer in die tweedekeer ouerrol 'n meer effektiewe invloed op die kleinkind laat wat akademies en in gedrag sal reflekteer;

Dat die skoolmaatskaplike dienste vanuit die onderwysdistrikskantoor beter wedersydse samewerking tussen rolspelers sal bewerkstellig deur strukture in plek te stel sodat verpligte, gereelde kontaksessies gehou word waartydens alle aspekte rakende die grootmaakkleinkind bespreek, opgeteken, gemonitor en opgevolg word.

Dat gereelder gestruktureerde kontak deur middel van 'n vooropgestelde program tussen die grootmaakkleinkinders en hul biologiese ouer(s), indien dit opbouend tot hegtheidsbandvorming sal bydra, deur die skoolmaatskaplike dienste koordineer word sodat die grootouer se rol vergemaklik kan word.

Dat grootouer(s) wat as primêre versorger van die kleinkind optree, die nodige ondersteuning van regeringsstrukture moet ontvang om permanente toesig en die voordele daaraan verbonde, oor hul grootmaakkleinkind te verkry.

Dat grootouer(s) wat kleinkinders versorg, aangemoedig word om meer kontak met die skool van die kleinkind te maak dat die akademiese funksionering en gedrag deurlopend deur wedersydse kommunikasie gemonitor word deur alle betrokkenes, maar veral die grootouer(s) wat volgens die studie 'n noemenswaardige impak op die grootmaakkleinkind mag hê .

Dat die skooladministrateurs van skole insiklike reëlings maak en funksionele strukture skep indien die grootouer(s) en hul grootmaakkleinkind finansiële ondersteun moet word in sy/haar akademie asook sport en/of kulturele aktiwiteite.

Dat Onderwysdepartemente meer klem sal lê op die beste aanleermetodes van individuele leerders en eers stelsels in plek stel wat vooraf kan vasstel watter tipe leerders in klasse voorkom met ander woorde is die leerder 'n tipiese visuele of ouditiewe of 'n kinetiese leerder - dit sal die akademiese funksionering en gedrag van kleinkinders ook verbeter.

5.5 Verdere Navorsing

'n Noemenswaardige gebrek aan literatuur in Suid-Afrika oor die veranderende rol en steeds toenemende rol van gedwonge grootouerskap, noodsaak die aanbeveling dat meer navorsing oor die grootouerrol tydens die grootmaak van hul kleinkinders gedoen word. Die grootouers se onkunde oor hul rol in die tipe situasie kan met meer inligting uit die weg geruim word deurdat ondersteuningsgroepe en maatskaplike staatinstellings deur middel van meer effektiewe kommunikasie die grootouers kan bemaagtig om die ouerrol vir 'n tweede keer te vertolk. Die konsepte van die rolteorie in die unieke Suid-Afrikaanse omstandighede kan nagevors word. Verdere navorsing oor die hegtheidsbandteorie en die vertikale-en horisontale verhoudinge tussen die grootmaakkleinkind en sy/haar grootouers asook portuurgroep onderskeidelik kan grootouers effektief help met die grootmaak van hul kleinkind. Piaget se teorie mag ook deel vorm van die poging om grootouer(s) wat kleinkinders grootmaak se onkunde uit die weg te ruim sodat die kleinkind beter sosialiseer en akademies presteer. 'n Uiteraars interessante studie sal wees om ondersoek in te stel na praktyk-gerigte onderrig waartydens vasgestel kan word of klasse, veral by groot skole met meer as een klas per graad, nie meer funksioneel sal wees wanneer leerders volgens aanleermetodes, byvoorbeeld ouditief, visueel en kineties in klasse opverdeel kan word nie sodat meer effektiewe akademiese funksionering en gedrag verseker kan word.

5.6 Opsomming

Die literatuurstudie en die empiriese studie oor die grootouerrolinvloed op die akademiese vordering en gedrag van hul grootmaakkleinkinders dien as riglyn vir die gevolgtrekkings en aanbevelings. Die verkennende gevallestudie soos in die vyf verskillende hoofstukke uiteengesit, is voltooi. Sewe van die nege kleinkinders wat deur hul grootouers in die 2012-klas aan 'n groot primêre skool in die Weskus-onderwysdistrik se grootouer(s) tree as respondente van die onderhoudskedule op, al nege leerders se grootouers is respondente van die vraelyste en vier opvoeders is tot hulp met die voltooiing van vraelyste en onderhoudskedules. Die samewerking lei daartoe dat die doelwitte van die gevallestudie bereik kon word. Literatuur oor die grootouerrol-invloed op die kleinkind wat hul grootmaak toon uiteenuitlopende bevindinge, byvoorbeeld Solomon (1995) dui aan dat “die literatuur suggereer dat grootouers 'n positiewe impak op hul kleinkinders se lewe het” (Solomon, 1995:386). Edwards (2009:163), daarenteen, maak die stelling dat kinders wat deur grootouers grootgemaak word betekenisvol minder akademiese sukses ervaar as kinders wat met beide biologiese ouers leef. Meer onlangse studies soos dié van Edwards (2010:54) dui aan dat grootouers die familiêre konneksie vir die kleinkinders voorsien, maar dat die grootouers spanning ervaar wat hul effektiewe funksionering beperk (Edwards, 2010:54). Die algemene gevolgtrekking wat uit hierdie gevallestudie gemaak word, is dat die grootouerrol-invloed op die kleinkind se akademiese funksionering en gedrag betekenisvol deur die huislike omstandighede en die skoolbetrokkes, byvoorbeeld die skoolmaatskaplike beamptes, die opvoeders en buite-skool-sosiale dienste bepaal word. Die betrokkes in die skool- en tuiste-omgewing van die kleinkind moet mekaar deur wedersydse samewerking en ondersteuning aanvul.

BRONNELYS

- Babbie, E. 2014. *The Basics of Social Research, Sixth Edition, International Edition*. Nelson Education Ltd, United States.
- Bailey, S. 2012. *Grandparents Raising Grandchildren: Parenting the Next Generation*, Mont Guide. Montana State University, U.S.A.
- Barbie, E., Mouton, J., 2010. *The Practice of Social Research*. Oxford University Press, Southern Africa (Pty) Ltd, Cape Town, ABA Press, Cape Town.
- Berkeley. Edu/ pdfs/CAgrandparents- characteristics of grandparents raising grandchildren
